DIE TOERYG VAN DIE GESKEURDE VOORHANGSEL

NUWE TESTAMENTIESE RENTMEESTERSKAP, DIE TIENDE EN DIE TORAH

NICK MAARTENS

Agterblad

DIE TOERYG VAN DIE GESKEURDE VOORHANGSEL

Sekere Ou Testamentiese wette wat in die kerk toegepas word, beroof gelowiges van hul duurgekoopte vryheid in Christus. In hierdie boek word daar gewys hoe daar van onaanvaarbare metodes van Skrifuitleg gebruik gemaak word om dit te regverdig. Hierdie boek is ŉ opvolg van die skrywer se eerste boek *Anderkant die Geskeurde Voorhangsel* wat handel oor Nuwe Testamentiese beginsels wat lering en praktyk in die kerk behoort te bepaal.

Die Skrywer

Nick Maartens was in die bediening, het as hoof van die privaatskool wat hy gestig het, afgetree en hou homself nou met skryfwerk besig. Hy en sy vrou Elsa woon huidiglik in Bloemfontein.

Kopiereg 2013 Nick Maartens
Posbus 38957
Langenhovenpark, Bloemfontein
9330
Suid-Afrika

ISBN : 978-0-620-58755-6

Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie boek mag sonder die toestemming van die skrywer gereproduseer of in enige vorm weergegee word nie.

Alle Bybelverse wat in hierdie boek aangehaal word kom uit die 1933/1957 en 1983/1985 vertalings van die Bybel in Afrikaans met die goedgunstige goedkeuring van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

Gedruk deur Oranje Drukkery, Bloemfontein, 0832877300

Omslag ontwerp deur Buks Maartens

INHOUDSOPGAWE

INHOUDSOPGAWE
Voorwoord
Hoofstuk
1. Toetsing van die Tiendelering..... 9
2. Die Wet van die Tiende..... 15
3. Die Hoë Priesterskap van Jesus en die Tiende..... 27
4. Die Nuwe Testamentiese Priesterskap van alle Gelowiges..... 32
5. Messiaanse Christene, Die Torah en die Tiende..... 41
6. Handelinge 15 en 21..... 52
7. Die Gesag van Jesus..... 56
8. Die Vervulling van die Wet..... 65
9. Hoe het Jesus die Wet Vervul?..... 69
10. Die Leringe van Jesus en die Vervulling van die Wet..... 71
11. Waarom moes die Wet Vervang Word..... 83
12. Die Heilige Gees en Toekomstige Openbaring..... 85
13. Die Wet van Christus..... 87
14. Twyfelagtige Sake – Romeine 14..... 92
15. Herbouing van die Middelmuur..... 97
16. Die Joodse Feeste..... 100
17. Die Nagmaal.....105
18. Die Griekse Nuwe Testament..... 107
19. Is die Tien Stamme Verlore?..... 114

20. Wat is ŉ Ware Jood?..... 117
21. Die Ou Verbond en Israel..... 121
22. Rentmeesterskap – Alternatief tot die Tiende.....128
23. Die Beginsels van Rentmeesterskap.....138
Slotsom

NUWE TESTAMENTIESE RENTMEESTERSKAP, DIE TIENDE EN DIE TORAH

Voorwoord

Die belangrikste studie wat gedoen kan word, is om die Bybel te bestudeer om uit te vind wat God se openbaring aan die mens is. Dit moet egter eerlik aan die hand van algemene aanvaarbare Bybeluitlegbeginsels gedoen word. Waar hierdie beginsels geïgnoreer word, word die Woord nie net verkeerd geïnterpreteer nie, maar word valsheid ook as die waarheid aanvaar en verkondig en so word baie mense daardeur mislei. Een van die belangrikste beginsels van Bybelinterpretasie is om die verskil tussen die Ou en die Nuwe Testament te verstaan, en om te weet waar die een ophou en waar die ander een begin, m.a.w. waar die skeiding tussen die twee plaasvind. Die inagneming van hierdie beginsel sal verhoed dat die Ou Testament op ‘n onkritiese wyse op ‘n Nuwe Testamentiese bedeling van toepassing gemaak word.

‘n Ander beginsel wat in gedagte gehou moet word, is dat Skrif altyd toegelaat moet word om Skrif te verduidelik. Ernstige dwalinge word veroorsaak deurdat eensydige, geïsoleerde proeftekse uit konteks gebruik word om sekere teologiese denkrigtings en redenasies op te bou. Die onmiddellike en wyere kontekstuele raamwerk moet altyd in aanmerking geneem word. Omdat die konteks van byvoorbeeld die Ou Testament nie in ag geneem is nie, is die volgende al as die wil van God op mense afgedwing – omdat die Ou Testament erkenning gee aan die outoritêre mag van die koning, mag dit op konings van alle tye van toepassing gemaak word; omdat die patriarge van die Ou Testament veelwywery goedgekeur het, mag dit vandag ook nog gedoen word; omdat die Bybel verklaar dat sommige plae deur God ingestel is, mag geen vorm van plaagbestryding toegepas word nie; omdat die Skrif sekere uitlatings maak oor die pyn wat vroue gedurende geboorte sal ondergaan, mag niks gedoen word om dit te verlig nie. Twee van die mees algemene voorbeelde van leerstellings wat op onaanvaarbare en onkonsekwente beginsels van Bybeluitleg gebaseer word, is die tradisionele leringe aangaande die betaal van tiendes en die onderhouding van die Joodse Sabbat. Omdat die implikasies van veral hierdie twee leringe so ernstig is, moet hulle opnuut in die lig van gesonde metodes van Bybelinterpretasie geëvalueer word.

HOOFSTUK 1. TOETSING VAN DIE TIENDELERING

Baie kerke leer dat dit verpligtend is om tiendes te betaal en haal dan verskeie skrifgedeeltes aan om dit te regverdig. Dikwels word die kinders van die Here wat nie daaraan glo nie, as onvolwasse Christene beskou wat nie die Bybel glo nie. Selfs in kerke waar daar nie openlik klem op die betaal van tiendes geplaas word nie, word daar gewoonlik ook nie veel tyd gewei aan in-diepte Bybelstudie oor die onderwerp nie. Deur oorlewering is die tiendelering ook al so in die gemoed van mense vasgelê dat daar buitendien nie veel tyd daaraan hoef afgestaan te word nie. Tradisioneel neem die meeste Christene dit maar vanselfsprekend aan dat dit die regte ding is om te doen. Miskien omdat sommige leraars self onseker is oor wat die Bybel rêrig daaroor te sê het en omdat ander weer daardeur

finansieël baat, is hulle nie gretig om die tiendelering te bevraagteken nie. Daar word gewoonlik ook van net ‘n paar proeftekse gebruik gemaak om lidmate te motiveer om hul tiendes te betaal. Ondersoek van hierdie onderwerp sal aantoon hoe tiendeleraars algemeen aanvaarde beginsels van skrifuitleg blatant ignoreer en onkonsekwent te werk gaan met hoe hulle die Bybel interpreteer. Die volgende is die proeftekse wat gewoonlik gebruik word om die betaal van tiendes te regverdig: **Genesis 14:17-20, Genesis 28:20-22, Maleagi 3:7-10, Matteus 23:23, Lukas 18:9-14 en Hebreërs 7:1-19.**
Kom ons bekyk hulle elkeen van naderby.

Genesis 14:17-20 – Abraham en Melgisédek

Hierdie skrifgedeelte word baie algemeen gebruik om die betaal van tiendes aan die kerk te regverdig. Sommige leraars gaan so ver as om te verklaar dat Abraham hierdie lering van Melgisédek ontvang het. Melgisédek het dit glo weer direk van van YHWH gekry. ‘n Mens kan jouself net afvra waar hulle dít in die Bybel kry.

Dit ís so dat ons in **Genesis 14:17-20** lees dat Abraham aan Melgisédek, wat die koning van Salem en ‘n priester van God was, ‘n tiende betaal het. Omdat hierdie insident ongeveer vierhonderd jaar voor die Wet aan Moses gegee is, plaasgevind het, word daar gesê dat die gee van tiendes dus ‘n ewige beginsel is en dat dit nie met die instelling van die Nuwe Testament verval het nie. Ons moet egter die volgende in gedagte hou: voordat ‘n verhalende gedeelte soos Genesis 14 gebruik kan word om doktrine vir die kerk op te bou, moet daar eers besluit word watter beginsel van interpretasie daarop van toepassing is. Verhale in die Ou Testament is gewoonlik tyd en plek gebonde en daar bestaan die gevaar dat as daar altyd ‘n morele of wettiese beginsel daaruit afgelei wil word, dit die eenheid van die Boodskap van die Bybel as ‘n geheel kan vernietig.

As die geskiedkundige konteks van **Genesis 14** in aanmerking geneem word, sal daar gesien word dat vier stadstaatkonings onder leiding van Kedor-Laómer ongeveer 2000 jaar v.C, die konings van Sodom en Gomorra aangeval en al hulle besittings as buit weggevoer het. Hulle het ook Lot, Abraham se broerskind, as gevangene saamgeneem. Toe Abraham daarvan te hore kom, het hy en sy manskappe die groep konings agterna gesit, hulle verslaan, Lot bevry en al hulle goed as buit afgeneem. Op pad terug het die koning van Sodom en Melgisédek hom tegemoet gegaan. Nadat Melgisédek vir Abraham geseën het, het Abraham hom geëer deur hom **’n tiende van die buit** te gee **(Heb.7:4).** Dit is moontlik dat dit gedoen is na aanleiding van ‘n algemene gebruik in ou Midde-Oosterse lande soos Fenisië, Egipte, Kanaän en Mesopotamië waar oorlogsbuitbelasting betaal moes word aan die koning deur wie se grondgebied getrek word. Hierdie gebruik het ook later deel van die Wet van Moses geword **(Num.31:27-28).**

Wie was Melgisédek? Al wat duidelik uit Genesis 14 afgelei kan word, is dat hy ‘n priester-koning van Salem was en dat wat sy priesterskap betref, daar geen rekord bestaan het van wie sy vader of moeder was nie. Nêrens in hierdie Skrifgedeelte word daar gesê dat hy nooit gebore is of dat hy nooit gesterf het nie; daar word net gesê dat omdat hy nie ‘n geslagsregister gehad het nie, niemand kon aflei vanwaar hy gekom of wat van hom geword het nie **(Heb.7:1-3).** Sommige leraars is van mening dat Melgisédek ‘n vleesgeworde Jesus was wat as priester-koning op aarde geleef het. Hierdie standpunt is moeilik aanvaarbaar aangesien dit die maagdelike geboorte wat later sou kom, onnodig sou gemaak het. Daar word ook gesê dat omdat Abraham aan Melgisédek wat as ‘n priester ‘n verteenwoordiger

van God op aarde was, ŉ tiende betaal het, moet daar ook aan die kerk wat Christus op aarde verteenwoordig, tiendes betaal word.
Dit is belangrik dat die verskil tussen die historiese Melgisédek van **Genesis 14** en die profetiese, tipologiese Melgisédek van **Psalm 110** en **Hebreërs 7** verstaan word. In Hebreërs 7 word die voorbeeld van Melgisédek tipologies gebruik om die ewige priesterskap van Jesus voor te stel; 'n priesterskap veel beter as die Levitiese:
"*As daar dan volkomenheid deur die Levitiese priesterskap was….waarom was dit nodig dat 'n ander priester moes opstaan volgens die orde van Melgisédek en dat hy dit nie volgens die orde van Aäron genoem word nie"* (Heb.7:11).

In die sin dat Melgisedek geen verslag van herkoms gehad het en omdat niemand weet wat van hom geword het nie, dien hy as ŉ skadubeeld van die ewige priesterskap van Jesus. Abraham as die vleeslike draer van die beloftes van die verbond waaruit die Levitiese priesterskap sou afstam, ag Melgisedek as priester hoër as hyself deurdat hy aan hom ŉ tiende betaal. Dit dien as ŉ voorbeeld van Christus se Priesterskap wat ook verhewe is bo dié van die Leviete. Uit Abraham se nageslag is die Levitiese priesterskap gebore. Melgisédek is nie uit sy nageslag nie, want daar was geen verslag van sy herkoms nie. So ook is Jesus nie uit Levitiese saad gebore nie, want Hy spruit uit die nageslag van Juda. In dié sin is Melgisédek ŉ skadubeeld vir Jesus. Die meerdere, Abraham as verbonsdraer, eer die mindere. Die vergelyking van Melgisédek met Jesus kan nie te ver gevoer word nie, aangesien Jesus van sy moeder, sowel as van sy vleeslike vader se kant 'n volledige geslagsregister kon wys **(Matt.1, Luk.3:23-38).**

Abraham se betaling van 'n tiende aan Melgisédek kan om die volgende redes nie gebruik word om 'n reël vir die kerk op te bou nie:

1. Nêrens in die konteks van **Genesis 14** lees ons dat God 'n opdrag aan Abraham gee om aan Melgisédek, of aan enigiemand anders, 'n tiende te betaal nie.

2. Die betaal van 'n tiende van die buit was 'n eenmalige gebeurtenis in die lewe van Abraham en nêrens in die Skrif lees ons dat dit ooit weer gebeur het nie. Wat sal gebeur as ons ook van ander geïsoleerde insidente in die Ou Testament gebruik maak om leringe vir die kerk op te baseer? Moet ons byvoorbeeld iets vir die kerk aflei van God se opdrag aan Abraham om sy seun Isak te gaan offer?

3. As Abraham se tiende aan Melgisédek as 'n voorbeeld gebruik word waarom tiendes aan die kerk betaal moet word, beteken dit - om konsekwent te wees met ons Bybeluitleg - moet 90% aan Satan gegee word, want in die konteks lees ons dat Abraham die res van die buit (nege tiendes)aan die koning van Sodom gegee het! **(Gen.14:23-24).** Hy het dit gedoen sodat hulle nie kon sê dat mense hom ryk gemaak het nie.

4. Abraham het 'n tiende van die **buit** wat hy by die heidense konings afgeneem het, aan Melgisédek gegee. Van sy eie eiendom het hy niks gegee nie! **(Heb.7:4).** Weereens, wat moet die kerk hiervan aflei? Moet jy goed by ander mense afneem en 'n tiende daarvan vir die kerk gee?

5. Nêrens in die Bybel lees ons dat God se seëninge aan Abraham afgehang het van die betaal van tiendes nie.

6. Heel waarskynlik het die ou Oosterse bepaling dat daar op oorlogsbuit belasting betaal moes word, 'n rol gespeel in wat in **Genesis 14** beskryf word.

7. Nêrens in die Skrif word hierdie voorval gebruik om Jode of Christene te motiveer om tiendes aan God te gee nie.

Genesis 28 – Jakob onderhandel met God

Genesis 28:20-22: "*En Jakob het 'n gelofte gedoen en gesê: As God met my sal wees om my te bewaar op hierdie weg wat ek gaan, en my brood sal gee om te eet en klere om aan te trek, en ek behoue na die huis van my vader sal terugkom, dan sal die Here my God wees. …en van alles wat U my gee, sal ek aan U sekerlik die tiendes afstaan."*

Hierdie gebeurtenis is die enigste ander plek in die Skrif waar 'n tiende voor die gee van die Wet van Moses genoem word. Net soos in die geval van Abraham, reageer Jakob hier ook nie op 'n bevel van God nie. Dit is Jakob self wat op sy eie inisiatief met God onderhandel. Tipies van Jakob, die planmaker, maak hy 'n voorwaardelike ooreenkoms met God: God moet hom eers seën met kos en klere en hom beskerm, dan sal hy van wat hy ontvang, tiendes aan God gee **(Gen.28:20-22).**

Die vraag wat hier gevra moet word is die volgende: aan wie het Jakob 'n tiende van die kos en klere waarvoor hy gevra het, gegee? Dit is nie voldoende om net te sê "aan God nie." Dit is nie logies om te dink dat God vanaf die hemel neergebuk het om dit op te tel nie! Op daardie stadium was daar ook nog geen verteenwoordigende priesterorde wat dit kon ontvang nie; om hom was daar net heidene. Wat ons wel kan aflei is dat daar in daardie tyd, soos ook in die geval van alle patriarge vanaf Adam tot by die gee van die Wet, familiehoofde was wat as priesters van hulle families opgetree het. Hulle het altare gebou en daarop geoffer **(Gen.35:1).** Het Jakop die tiende van die kos en klere aan behoeftiges gegee wat saam met hulle by die altare kom aanbid het? Ons weet nie. Wat ons wel weet is dat die belofte van Jakob om 'n tiende te gee 'n vrywillige gebaar moes gewees het anders sou hy mos nie met God kon onderhandel nie. Uit die aard van die saak kan hierdie insident dus ook nie deur die kerk gebruik word as 'n voorbeeld vir die verpligte gee van tiendes nie.

HOOFSTUK 2. NUMERI 18 : DIE WET VAN DIE TIENDE

Die gesaghebbendste gedeelte in die Bybel wat God se voorskrifte en bepalings van die tiende-ordonnans beskryf, is die agtiende hoofstuk van Numeri. Hierdie gedeelte vorm deel van die Wet wat God aan Moses gegee het ten tyde van hulle uittog uit Egipte. As die onderwerp van die betaal van tiendes aan die kerk so belangrik is soos wat baie leraars voorgee, sou 'n mens dink dat hierdie die logiese gedeelte van die Bybel sou wees waar 'n studie van die onderwerp moet begin. Veral as daar ook in ag geneem word watter belangrike rol ander Ou Testamentiese gedeeltes soos **Mal.3:10** speel in die regverdiging van die betaal van tiendes.

Voordat ons na hierdie gedeelte kyk, moet ons eers seker maak dat ons die priesterstelsel wat daarmee verband hou, goed verstaan.

Die ontstaan van die Aäronitiese en Levitiese priesters

Albei hierdie ordes is deur God ingestel. Nadat God Aäron en sy seuns as priesters aangestel het **(Lev.8, Num.3:10),** het Hy Levi en sy seuns as hulppriesters aangestel omdat hulle saam met Moses kant gekies het teen die goue kalf-aanbidders **(Ex.32:26-29, Num.18:2-3)**. Die Leviete kon help met die vervoer en instandhouding van die tabernakel **(Num.7)**, maar gedurende diens in die heiligdom mag hulle nie aan die heilige voorwerpe geraak het nie **(Num.18:3)**. Hierdie is 'n belangrike onderskeid om in gedagte te hou wanneer die tiendestelsel bespreek word. Ons lees dat in die tyd van koning Dawid daar al ongeveer 38,000 Leviete was **(1 Kron.23:3)**. Om die tiendestelsel van Israel reg te verstaan is dit ook belangrik om te weet hoe hierdie priesterstelsel gefunksioneer het. Daarvan kom ons meer te wete as ons lees wat koning Dawid, Nehemia en koning Hiskia in hulle tyd gedoen het om die diensordes van die priesters en Leviete weer volgens God se oorspronklike instruksies te herstel **(1 Kron.24, Neh.10:29, 2 Kron.31:2):**

"Dit was hulle ampsorde vir hulle diens, om in die huis van die Here te gaan volgens die verordening deur hul vader Aäron aan hulle, soos die Here, die God van Israel, hom beveel het" (1 Kron.24:19).

"En Hiskia het die afdelings van die priesters en die Leviete vasgestel volgens hulle afdelings, elkeen volgens sy diens" (2 Kron.31:2).

"En hulle het onder 'n eed en met beswering hulleself verplig om te wandel in die wet van God, wat deur die diens van Moses, die kneg van God, gegee is, en om te hou en te doen al die gebooie van die Here onse God, en sy verordeninge en sy insettinge" (Neh.10:29, my bekemtoning***).***

Ons lees in **1 Kronieke 24** dat daar 24 gesinshoofde onder die seuns van Aäron aangestel was wat deur die jaar as priesters in die tempel beurtdiens moes doen **(Neh.10:34).** Hierdie stelsel was honderde jare daarna ten tyde van die aankondiging van die swangerskap van Elisabet, die moeder van Johannes die Doper, nog in plek.

"Daar was in die dae van Herodes, koning van Judea, 'n sekere priester met die naam van Sagaria, uit die afdeling van Abia (1 Kron.24:10). En terwyl hy besig was om die priesteramp voor God te bedien in die beurt van sy afdeling…" **(Luk.1:5-8).**

As 24 afdelings elkeen deur die jaar 'n beurt moes kry, beteken dit dat elke priester en Leviet in elke afdeling maar ongeveer twee weke per per jaar aktief in die tempel diens gedoen het! Wat het hulle gedurende die res van die jaar gedoen? Ek wonder of dié wat so graag **Maleagi 3:8-10** aanhaal om die betaal van tiendes in hulle kerke te regverdig, al daaraan gedink het dat die priesterlike bediening van die Ou Testament glad nie as 'n model van "voltydse bediening" in die "huis van die Here" gebruik kan word nie, omdat elke priester en Leviet maar ongeveer twee weke van die jaar in die tempel diens gedoen het!
Baie Leviete het in die tyd van koning Dawid as bouopsigters en regters opgetree **(1 Kron.23:4)**, ander weer was aangestel om die "uitwendige sake" van Israel te hanteer, terwyl ander as offisiere in diens van die koning opgetree het **(1 Kron.26:20, 29-31)**.Leviete het ook as poortwagters, sangers en musikante opgetree **(1 Kron.23:3-5)**. Sommige het selfs as soldate diens gedoen **(1 Kron.27:5)**.

Waar het die Leviete gewoon?

Om die tiendestelsel reg te verstaan is dit ook nodig dat ons weet waar die Leviete gewoon het. Die Leviete het nie in Jerusalem gebly nie. Omdat hulle nie grond en huise kon besit nie

(Num.18:20-23), moes spesiale dorpe en woonplekke van die ander stamme van Israel tot hulle beskikking gestel word:
"En die Here het met Moses gespreek…Gee bevel aan die kinders van Israel dat hulle aan die Leviete van hulle erflike besitting stede gee om te bewoon; ook moet julle weiveld rondom die stede aan die Leviete gee. En die stede moet vir hulle dien om te bewoon; maar die weiveld wat daarby behoort, moet vir hulle diere en hulle besittings en lewende hawe wees" **(Num.35:1-3).**
"Al die stede wat julle aan die Leviete gee, moet wees agt-en-veertig stede, hulle saam met hulle weiveld" **(Num.35:7).**

Hoekom ook weiveld om die dorpe? Weereens, soos dit later gesien sal word, speel dit 'n belangrike rol in die verduideliking van hoe die tiedestelsel van Israel gewerk het.

Waarvan moes die <u>Leviete</u> leef?

"Ook het die Here vir Aäron gesê: Jy sal in hulle land nie erwe nie en jy sal geen deel onder hulle hê nie. Ek is jou deel en jou erfenis onder die kinders van Israel. En kyk, Ek gee aan die kinders van Levi al die tiendes in Israel as erfdeel vir hulle dienswerk wat hulle verrig…Maar die Leviete…onder die kinders van Israel moet hulle geen erfdeel kry nie. Want die tiendes van die kinders van Israel wat hulle aan die Here as offergawe afgee, gee Ek aan die Leviete as erfdeel" **(Num.18:20-24).**

Waarvan moes die <u>Aäronitiese</u> priesters leef?

"En die Here het met Moses gespreek en gesê: Jy moet ook met die Leviete spreek en aan hulle sê: As julle van die kinders van Israel die tiendes neem wat Ek aan julle van hulle as jul erfdeel gegee het, moet julle daarvan 'n offergawe aan die Here afgee, 'n <u>tiende van die tiende</u>….Só moet julle ook 'n offergawe aan die Here afgee van al julle tiendes wat julle van die kinders van Israel neem, en julle moet daarvan die offergawe aan die Here <u>aan die priester Aäron gee</u>" (Num.18:26-28,my beklemtoning***).***

Die Levitiese priesters moes **'n tiende van die tiendes** wat deur die ander elf stamme aan hulle gegee is om van te leef, aan die Aäronitiese priesters gee. Daarvan moes Aäron en sy seuns leef.

Vir dié wat so graag **Maleagi 3:10** as 'n proefteks aanhaal om die gee van tiendes aan die kerk te regverdig, kom dit seker as 'n skok om te verneem dat die "hele tiende" wat in vers 10 genoem word, na **die tiende van die tiendes** wat aan die Levitiese priesters gegee moes word, verwys! Dit is nogal 'n openbaring dat die hoof Aäronitiese priesters wat die predikers en die belangrikste bedieninge onder die Ou Verbond was, nie die tiendes soos wat dit vandag populêr in baie kerke verkondig word, ontvang het nie!

Waar moes die tiendes ingesamel word?

"…terwyl hulle, die Leviete, die tiendes sou invorder in al ons landboustede" **(Neh.10:37).**

"En die priester, die seun van Aäron, moet by die Leviete wees as die Leviete die tiendes invorder, en die Leviete moet 'n tiende van die tiendes na die huis van onse God bring, in die kamers van die skathuis" **(Neh.10:38).**

Weereens krap hierdie vers die teologie van die tradisionele tiendelering wat op **Mal.3:10** as ‘n proefteks gebou word, lelik om. Vir baie kom dit weereens as ‘n skok om te verneem dat die hooftiende nooit na die skatkamer van die tempel geneem is nie! Dit is in die 48 dorpe wat as woonplek vir die Leviete opsy gesit is, ontvang. ‘n Tiende van die tiendes wat in hierdie dorpe ontvang is, moes dan na die stoorkamers van die tempel in Jerusalem geneem word. Hiervan moes die diensdoenende priesters leef.

Waaruit het die tiendes bestaan?

As ons na die gedeeltes in die Ou Testament kyk waar die instelling van die tiendestelsel beskryf word, sien ons dat daar nêrens van geld melding gemaak word nie **(Num.18, Lev.27).** Daar word net van landbouprodukte gepraat. Terloops die “eersteling” van die land was klein genoeg om in ‘n mandjie in te pas **(Deut.26:1-4).** In die Skrif lees ons dat die tiendes van die volk bestaan het uit koring, mos, olie, beeste en kleinvee **(2 Kron.31:5-6).** Sommige redeneer dat geld nie genoem word nie omdat dit in daardie tyd nog nie algemeen beskikbaar was nie. Dit, beweer hulle, is die rede waarom daar van die produkte van die land gebruik gemaak moes word. Dié argument kan nie verdedig word as daar na die eerste paar boeke van die Bybel gekyk word nie. Ondersoek sal toon dat voor daar in **Levitikus 27** van tiendes wat met die wet van Moses verband hou, gepraat word, die woord “geld” al meer as veertig keer in die Skrif voorkom. So byvoorbeeld kon slawe en grond vir geld gekoop word **(Gen.17:12, Gen.23:9-15).** Geld kon ook gebruik word om geloftes af te koop **(Lev.27)** en boetes mee te betaal **(Ex.21:35).** Ook met die telling van die volk Israel moes versoeningsgeld in die vorm van sikkels betaal word om te help met die bedieningswerk by die tabernakel **(Ex.30:11-16**). Loskoping van eersgeborenes kon ook deur middel van geld geskied **(Num.3:45-48).** Ook word daar in **Levitikus 25** breedvoerige riglyne gegee van hoe geld gebruik moes word by die koop en verkoop van eiendom. In dieselfde hoofstuk word daar ook instruksies gegee hoe skuld en rente hanteer moet word. Die argument dat geld nie algemeen beskikbaar was in die tyd toe die tiendewet ingestel is, is dus nie geldig nie.

ǹ Ander logiese rede waarom die tiendes uit landbouprodukte moes bestaan, kry ons in **Deut.14:22-29**. Met betrekking tot die tiende wat in Jerusalem geëet moes word, verklaar die Skrif:
“As die pad vir jou te lank is, as jy dit (*die tiende*) nie kan vervoer nie, omdat die plek wat die Here jou God sal uitkies om sy Naam daar te vestig (Jerusalem) te ver van jou af is…dan moet jy dit tot geld maak en die geld in jou hand bind en na die plek gaan wat die Here jou God sal uitkies. Dan moet jy die geld gee vir alles wat jou hart begeer, vir beeste en kleinvee…” **(Deut.14:22-29).**

As geld vir tiendes gebruik kon word, waarom moes dit weer vir vee en ander dinge omgeruil word?
Die feit dat onder andere beeste en kleinvee as tiendes gegee moes word, verklaar hoekom die weiveld om die Levitiese dorpe ook tot hulle beskikking gestel moes word; wanneer hulle nie tempeldiens gedoen het nie, moes sommige priesters seker op dié grond as veeboere diens doen.

Hoeveel persent was die “tiende” wat deur God ingestel is?

Vir dié wat die tiendelering in hul kerke verkondig, kan daar op hierdie vraag net een antwoord wees – dit moet tien persent wees. So skryf een van die voorste tiende leraars, John Avanzini, byvoorbeeld in sy boek *God's Debt Free* Guarantee: *"It is **quite easy** to prove from God's Word that the tithe is **exactly** 10 percent"* (Bl. 56, my beklemtoning). Is dit "quite easy?" en is dit wat deur God voorgeskryf is? Kom ons kyk wat sê die Skrif.

1. Daar was die eerste jaarlikse tiende wat na die dorpe van die Leviete geneem moes word en waarvan hulle moes lewe (Numeri 18:21, Neh.10:37).

***"Ek gee aan die kinders van Levi al die tiendes in Israel as erfdeel vir hulle dienswerk wat hulle verrig"* (Numeri 18:21).**

'n Mens moet aanneem dat hierdie 'n jaarlikse tiende moes wees, aangesien dit van die produksie van die land moes kom en omdat daar net eenmaal per jaar geoes word.

2. 'n Tweede jaarlikse tiende vir 'n fees in Jerusalem (Deut.12:5-7, Deut.14:23).

***"Maar die plek wat die Here julle God…sal uitkies om sy Naam daar te vestig om daar te woon, moet julle opsoek en daarheen moet jy kom. En daarheen moet julle jul brandoffers bring en julle slagoffers en tiendes…en daar moet julle voor die aangesig van die Here julle God eet en vrolik wees, julle en julle huisgesinne…"* (Deut.12:5-7,Deut.14:23).**

Terwyl die eerste tiende deur die volk Israel na die stede van die Leviete geneem moes word **(Neh.10:37),** moes die tiende wat in Deuteronomium 12 ter sprake is, na Jerusalem geneem word waar al die huisgesinne dit met die hou van 'n fees kon eet en geniet.

3. Die Derdejaar tiende (Deut.14:28-29, Deut.26:12-13)

***"Aan die einde van drie jaar moet jy uitbring al die tiendes van jou opbrings in dié jaar en dit in jou poorte wegsit; dan moet die Leviet kom – omdat hy geen deel of erfenis saam met jou het nie – en die vreemdeling en die wees en die weduwee wat in jou poorte is, en hulle moet eet en versadig word…"* (Deut.14:28-29).**

Anders as die eerste tiende wat in die dorpe van die Leviete ingesamel moes word, en anders as die tweede tiende wat Jerusalem toe moes gaan vir 'n fees, moes hierdie derdejaar tiende binne die poorte van die inwoners se dorpe bly. Daar kon dit deur behoeftiges soos die weduwees, die wese en selfs deur vreemdelinge wat nie-Jode was nie, geniet word.

As al hierdie verse in verband met die tiendestelsel in ag geneem word, is daar geen regverdiging vir die selektiewe en eensydige manier hoe die tradisionele "tiende" deur leraars verkondig word nie. Watter beginsel van Bybeluitleg word deur hulle toegepas om uit so 'n omvattende wet wat God self voorgeskryf het, 'n eenvoudige stelsel voor te skryf wat "**exactly"** 'n tiende is?

Die sewende jaar Sabbat en die Jubileum

Gedurende elke sewende en elke vyftigste jaar kon daar ook nie tiendes gehef word nie, omdat die grond dan ongeploeg en onproduktief moes lê om te rus.

"En ses jaar lank moet jy jou land besaai en die opbrings daarvan insamel; maar in die sewende moet jy dit ongebruik en braak laat lê, dat die arm mense van jou volk kan eet; en wat hulle laat oorbly kan die diere van die veld opeet. So moet jy doen met jou wingerd en jou olyfboom" **(Ex.23:10-12).**

" 'n Jubeljaar moet dit, die vyftigste jaar, vir julle wees. Julle mag nie saai nie, ook nie afoes wat dan opslaan of die druiwe van die onbesnoeide wingerdstok afsny nie" **(Lev.25:11).**

Is daar iewers 'n leraar wat die tradisionele tiendelering verkondig, wat iets van hierdie sewende en vyftigste jaar rusbeginsel in sy lering inkorporeer?

Maleagi 3:10

'n Deeglike studie van die boek Maleagi sal aantoon dat dit nie net die gewone mense van Israel is wat aangespreek word oor tiendes nie, maar ook die priesters wat geroofde tiendes offer:
"O priesters, wat my Naam verag...julle bring geroofde en lam en siek diere..." **(Mal.1:6, 13).**
"...julle, o priesters, wat my Naam verag! Maar julle sê Waardeur het ons U Naam verag? Julle bring spys wat verontreinig is..." Die gedeelte gaan aan om te noem hoe God die priesters berispe omdat hulle ook blinde en siek diere aan Hom offer. Dít is vir Hom 'n gruwel **(Mal.1:6-8).**

"En nou, <u>priesters,</u> tot julle kom hierdie gebod" **(Mal.2:1,** my beklemtoning**).**

"En as Ek 'n Heer is, waar is die vrees vir my? sê die Here van die leërskare <u>aan julle, o priesters</u>, wat my Naam verag! Maar julle sê: Waardeur het ons U Naam verag? Julle bring spys wat verontreinig is, op my altaar… **(Mal.1:6-7,** my beklemtoning*).*

"…julle bedek die altaar van die Here met trane, met geween en versugtinge, omdat Hy Hom nie meer wend na die offer nie en dit van julle hand nie aanneem nie" **(Mal.2:13).**

Eerlike, gesonde Skrifuitleg sal 'n skrifgedeelte soos **Mal.3:8-10** nie in isolasie en uit konteks gebruik nie. Soos reeds verduidelik wys die konteks dat dit nie net gewone mense was wat god beroof het nie, maar ook die priesters. Wat die sonde van die priester erger maak is die feit dat hulle God beroof het terwyl hulle by die altaar dien! Hierdie konteks word gewoonlik geïgnoreer as daar oor die vloeke van **Mal.3:9** gepreek word! As iemand vandag hierdie gedeelte wil gebruik om in die kerk oor tiendes te preek, is dit net logies dat dit nie net die gewone lidmate is wat aangespreek moet word nie, maar ook die priesterklas wat van die tiendes leef.

Jesus en die tiendes

"Wee julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, geveinsdes, want julle gee tiendes van kruisement en anys en koljander, en die swaarste van die wet laat julle na: die reg en die barmhartigheid en die trou" **(Matt.23:23).**

"Maar wee julle, Fariseërs, want julle gee tiendes van kruisement en wynruit en elke groentesoort, en julle verwaarloos die reg en die liefde tot God. Hierdie dinge behoort julle te doen sonder om die ander na te laat" **(Luk.11:42).**

"Ek vas tweekeer in die week, ek gee tiendes van alles wat ek verkry" **(Luk.18:12).**

Hierdie gedeeltes kan nie gebruik word om die betaling van tiendes in die Nuwe Testamentiese kerk te regverdig nie, aangesien dit betrekking het op die dispensasie van die Ou Testament. Hier word dit weer duidelik hoe belangrik dit is om die verskil tussen die twee testamente te verstaan. Alhoewel mense die verdeling van die twee testamente tipografies as tussen die einde van Maleagi en die begin van Mattheus sien, is dit nie hoe dit volgens God se Woord verdeel word nie. Van God se kant af gesien begin die Nuwe Testament op die oomblik van Jesus se sterwe aan die kruis:
"…want 'n testament is geldig by sterfgevalle, aangesien dit nooit van krag is solank as die testamentmaker nog leef nie" **(Heb.9:17).**

Terwyl Jesus deur sy lering sy dissipels al begin voorberei het vir die nuwe bedeling wat met sy dood sou begin, het Hy terwyl Hy nog gelewe het, Homself volkome aan die Wet van Moses onderwerp. Hy moes dit doen om as die sondelose Lam van God as 'n offer vir die sonde van die mensdom gekruisig te word.

Matt.23:23 word graag aangehaal om die gee van tiendes te regverdig, maar die hele historiese konteks van die wet van Moses wat nog in **Mattheüs 22** en **23** van toepassing was, word geïgnoreer. Verwysend na hierdie Ou Testamentiese wet sê Jesus: ***"Hierdie dinge behoort julle te doen sonder om die ander na te laat"*** **(Matt.23:23).** Hoekom word daar op grond van **Mattheüs 23:23** aangedring dat tiendes betaal moet word, terwyl daar nagelaat word om aan te dring dat die ***"ander"*** dinge betreffende die wet waarna in dieselfde vers verwys word, nie ook onderhou word nie? Waarom laat hulle na om die ander dinge soos byvoorbeeld besnydenis, steniging van valse profete en egbrekers, maagdelike toetse voor huwelike, reinigingswette vir vroue, ens. toe te pas?
Dieselfde onkonsekwente metode van Bybeluitleg word gebruik wanneer daar op grond van 'n geïsoleerde Ou Testamentiese skrif soos Mal.3:10 aangedring word dat tiendes betaal moet word. Maar waarom word die hele konteks van die voorskrifte wat in **Numerie 18** voorgeskryf word, heeltemal geïgnoreer?

Die ryk jong man (Lukas 18:18-24) en Saggeüs (Luk.19:8):

"Nog een ding ontbreek jou – verkoop alles wat jy het, verdeel dit onder die armes, en jy sal 'n skat in die hemel hê; kom dan hier, volg My" **(Luk.18:22).**

Let op dat Jesus nie sê dat hy alles wat hy het moet verkoop en 'n tiende daarvan aan die priesters in die tempel moet gee nie – hy moet die hele opbrengs aan die armes gee! Volgens wat vandag in sommige kringe verkondig word, sou 'n mens verwag dat Jesus eerder sou moes beveel het dat dit na die tempel moes gaan. Ook, eerder as om aan die ryk jong man te sê om 'n tiende te gee, sê Hy vir hom om alles te gee. Van die jong man wie se god sy geld was, het Jesus alles verwag. Omdat Jesus nie net twaalf dissipels uitgestuur het nie (in **Luk.10:1** lees ons van nog sewentig) en omdat Jesus nie van al Sy volgelinge verwag het om al hulle besittings weg te gee nie, glo ek dat hierdie ryk jong man die kans gebied is om, soos die twaalf en die ander sewentig, Jesus fisies as een van Sy dissipels te volg.
In 'n soortgelyke geval, toe Saggeüs sê dat hy die helfte van sy goed aan die armes gaan gee, het Jesus hom nie reggehelp deur vir hom te sê dat 'n tiende na die tempel moes gaan nie! **(Luk.19:8).**

HOOFSTUK 3. HEBREËRS 7 – DIE HOË PRIESTERSKAP VAN CHRISTUS HET TIENDES AFGESKAF

Hebreërs 7 is 'n belangrike hoofstuk om te verstaan, want dit is die enigste plek in die Nuwe Testament waar daar ná die kruisiging oor tiendes gepraat word. Omdat die meeste van die eerste Christene Jode was, het baie van hulle dit moeilik gevind om skielik met al hulle Joodse godsdienstradisies te breek. Die brief aan die Hebreërs is dan juis geskryf om hierdie probleem aan te spreek. Hulle moes oortuig word dat Jesus as Hoë Priester veel groter en belangriker as Moses was **(Heb.3:1-6)**. In Christus het hulle 'n beter rus **(Heb.4)**, 'n beter land, 'n beter "stad", 'n beter "tempel", 'n beter offer en 'n beter priesterorde as wat hulle onder die ou bedeling gehad het **(Heb.7-11).** Teen hierdie agtergrond is dit nou maklik om te verstaan wat die skrywer in hoofstuk sewe aan die Hebreërs wil sê. Met Christus as Nuwe Testamentiese Hoë Priester en Middelaar het hulle geen ander godsdienssisteem nodig nie.

Wanneer die sewende hoofstuk van Hebreërs gelees word, is dit belangrik om in gedagte te hou dat dit die tipologiese Melgisédek is wat as voorbeeld gebruik word om aan te toon dat sy priesterorde beter is as die Levitiese. Die woord *"gelykgestel"* wat in Heb.7:3 in die ou Afrikaanse vertaling van die Bybel gebruik word, mag miskien verwarring veroorsaak. In die Nuwe Afrikaanse Vertaling word die woord *"soos"* gebruik, terwyl *"like"* ook in die NIV, NAS en die KJV gebruik word. Die woorde ***"sonder vader, sonder moeder, sonder geslagsregister, sonder begin van dae of lewenseinde"*** (Ou Afrikaanse Vertaling) verwys na die historiese Melgisédek. Die Nuwe Afrikaanse Vertaling se weergawe van **Heb.7:3** maak Melgisédek as skadubeeld van Christus duideliker:

"Niks is bekend omtrent sy vader en moeder of afstamming of die begin en einde van sy lewe nie. Hy is <u>soos</u> die Seun van God…" (My beklemtoning).

Ek glo nie dat Melgisédek, soos sommige Bybelkommentators beweer, Jesus in die vlees was nie. Soos reeds gesê, sou dit die belangrikheid van die latere vleeswording van Jesus as die Baba in die krip minder gemaak het. Ook anders as die historiese Melgisédek, word Jesus se afstamming baie volledig deur geslagsregisters bekend gemaak **(Matt.1:17, Luk.3:23-38).**
Die feit dat daar van sy herkoms en afstamming niks bekend is nie, diskwalifiseer Melgisédek om 'n priester van die Aäronitiese of Levitiese orde te wees. Onder Mosaïese wet was dit 'n vereiste dat, voordat iemand as 'n priester aangestel kon word, sy afkoms van Aäron en Levi deur 'n geslagsregister bewys moes word. In Hebreërs 7 word die bespreking van tiendes net gebruik om aan te toon dat die priesterorde wat met Jesus geassosieer word, groter is as die van Aäron en Levi. Omdat Levi 'n afstammeling van Abraham was, tree Abraham verteenwoordigend op en hy as die meerdere wat al die beloftes van die verbond dra, eer die vreemde Kanaänitiese koning Melgisédek deur 'n tiende van die buit aan hom te gee **(Heb.7:4).**

Verandering van die Priesterskap

Heb.7:12 – "*Want met verandering van die priesterskap kom daar noodsaaklik ook verandering van wet…"*

Dit is moeilik om te verstaan hoekom enige bespreking aangaande die hou van die Sabbat en die betaal van tiendes, of enige ander aspek van die Wet, nie met 'n bespreking van **Heb.7:12** begin nie!

"*Want met verandering van die priesterskap kom daar noodsaaklik ook verandering van wet.*"

Die Griekse woord *metatithemi* wat in bogenoemde teks gebruik word, beteken letterlik om van een toestand na 'n ander te verander (Strong's 3346). *Metamorfose* is 'n Afrikaanse woord wat dié betekenis goed weergee. Die HAT (Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal) verduidelik die woord se betekenis as om 'n "gedaantewisseling" te ondergaan. 'n Goeie voorbeeld van so 'n verandering is 'n larwe wat in 'n skoenlapper verander.

In die konteks van ons skrifgedeelte maak die volgende verse dit baie duidelik dat hierdie *"verandering"* betrekking het op die totale afskaffing van die Levitiese priesterorde en al die wette wat dit ondersteun het:
"As daar dan volkomenheid deur die Levitiese priesterskap was – want met die oog daarop het die volk die wet ontvang – waarom was dit nog nodig dat 'n ander priester moes opstaan volgens die orde van Melgisédek en dat hy dit nie volgens die orde van Aäron genoem word nie?" **(Heb.7:11).**

"Want met verandering van die priesterskap kom daar noodsaaklik ook verandering van wet…" **(Heb.7:12).**

Die hele bespreking in die konteks van Hebreërs 7 maak dit duidelik dat die verandering waaroor gepraat word, te doen het met die afskaffing van die Mosaïese wette. Jesus was van die stam van Juda en volgens die ou wet kon Hy nie as priester diens doen nie. Die oomblik toe Hy op die kruis sterf, is die Levitiese priesterskap afgeskaf en vervang met 'n nuwe orde waarvan Jesus die Hoë Priester is. Die bloed van die pasgalam is vervang met die bloed van Jesus Christus en in die Nuwe Testament word Jesus in die plek van Aäron die nuwe Hoë Priester. Met Jesus se dood en opstanding word die hele orde van die Ou Testamentiese priesterskap ook vervang met die Nuwe Testamentiese priesterskap van alle gelowiges **(1 Pet.2:5,9; Open.1:6, 5:9-10)**. Saam met al hierdie veranderinge word die hele tiendestelsel afgeskaf en met die rentmeesterskapbeginsels van die nuwe genadebedeling vervang.
Die algehele afwesigheid van enige lering aangaande tiendes in die geskrifte van die Nuwe Testamentiese skrywers kan net daaraan toegeskryf word dat daar in die Nuwe Testament nie so 'n wet voorkom nie; net so min as wat daar 'n wet te vinde is vir besnydenis of vir die onderhouding van die Sabbat.

Slotsom

'n Damestudent wat my telefoonnommer iewers in die hande gekry het, kontak my 'n ruk gelede en vra my waar sy 'n Torahgroep kan kry waar sy kan gaan aanbid. Omdat ek dag dat dit my plig is, waarsku ek haar dat sy as Christengelowige haar nie aan Ou Testamentiese wette moet onderwerp nie. Haar antwoord aan my was: *"Ek onderhou klaar die Torah!"* Weet sy waarvan sy praat? Weet sy wat in die Torah geskrywe staan om so iets te kan sê? Sy het self seker nog nooit deur die eerste vyf boeke van die Ou Testament gelees nie. *"Ek*

onderhou klaar die Torah!" Ek wou haar vra of sy die verskillende voorskrifte in verband met menstruele onreinheid wat in Levitikus 15 voorkom, onderhou? Sonder sy haarself elke maand vir sewe dae af? Neem sy dan daarna twee duiwe as reinigingsoffer na 'n priester om namens haar geoffer te word? Word jong meisies wat in die Torahgroepe trou aan maagdelike toetse onderwerp, en as hulle dit nie slaag nie, word hulle dan gestenig? **(Deut.22:20-21).** Ek wou haar ook vra of sy weet dat sy op die Joodse Sabbat nie van haar huis af mag weggaan nie **(Ex.16:29).** Laat hulle wederstrewige seuns wat hulle nie aan dissipline wil onderwerp nie, stenig? **(Deut.21:18-21)**. So kon ek aan 'n lys van ongeveer 613 voorskrifte dink wat ek vir haar kon aanhaal waaraan sy haarself moet onderwerp! En sy mag nie een van hulle uitsonder of weglaat nie, want dít wat sy sê sy klaar onderhou, verklaar die volgende:
***"Alles wat ek julle beveel, dit moet julle sorgvuldig hou; jy mag daar niks byvoeg en daar niks van weglaat nie!"* (Deut.12:32,** my beklemtoning**).**

HOOFSTUK 4. DIE NUWE TESTAMENTIESE PRIESTERSKAP VAN ALLE GELOWIGES

Die Levitiese priesteramp van die Ou Verbond was nooit deel van God se oorspronklike plan vir Israel nie. Nog voor die gee van die Wet van Moses het Hy sy begeerte so uitgedruk:
***"En as julle dan nou terdeë na my stem luister en my verbond hou, sal julle my eiendom uit al die volke wees, want die hele aarde is myne. En julle sal vir my 'n koninkryk van priesters en 'n heilige nasie wees. Dit is die woorde wat jy aan die kinders van Israel moet meedeel"* (Ex.19:5-6,** my beklemtoning**).**

As ons Exodus 20 lees dan lyk dit mos of die volk Israel 'n belangrike toets gedop het:

***"En toe die volk die donderslae en die blitse en die geluid van die basuin en die rokende berg bemerk, het die volk dit gesien en gebewe en op 'n afstand bly staan. En hulle het vir Moses gesê: Spreek u met ons, dat ons kan luister; maar laat God nie met ons spreek nie, anders sterwe ons. Toe antwoord Moses die volk : Wees nie bevrees nie, want God het gekom om julle te beproef…So het die volk dan op 'n afstand bly staan. Maar Moses het nader gegaan na die wolkedonkerheid waar God was"* (Ex.20:18-21,** my beklemtoning**).**

Volgens hierdie skrifgedeeltes lyk dit mos of dit God se oorspronklike plan was om 'n priestervolk te hê met wie Hy direk kon praat. As gevolg van hulle vrees moes God toe op 'n ander manier met hulle praat; Hy moes dit toe deur Moses en die profete doen **(Ex.19:11-17).** Volgens God se oorspronklike plan sou priesters en profete as tussengangers tussen Hom en sy volk Israel nie nodig gewees het nie; elkeen sou as 'n priester self van God kon hoor. Tiendes sou dan ook nie nodig gewees het nie, want daar sou dan nie 'n priesterklas gewees het wat onderhou moes word nie. Elke stam sou op sy eie erfdeel in die Beloofde Land 'n bestaan kon maak **(Ex.20:19-22).**

Met die instelling van die Nuwe Testament keer God weer terug na Sy oorspronklike plan wat hy met Israel gehad het, naamlik om 'n ***"uitverkore geslag, 'n koninklike priesterdom, 'n heilige volk as eiendom"*** te verkry **(1 Pet.2:9-19).**

Hierdie beginsel vorm 'n baie belangrike deel van Nuwe Testamentiese lering. Jesus Christus is in die nuwe bedeling ons Hoë Priester en elke gelowige is 'n priester onder Hom.

Nuwe Testamentiese bediening

"En Jesus het by al die stede en dorpe rondgegaan…En toe Hy die skare sien, het Hy innig jammer gevoel vir hulle, omdat hulle moeg en uitgeput was, soos skape wat geen herder het nie. Toe sê Hy vir sy dissipels: Die oes is wel groot, maar die arbeiders min. Bid dan die Here van die oes, dat Hy arbeiders in sy oes mag stuur" **(Matt.9:35-38).**

Volgens die Skrif wil God hê dat alle gelowiges leraars behoort te wees:

"Want hoewel julle vanweë die tyd leraars behoort te wees..." (Heb.5:12).

Net soos die Levitiese priesters, was die koninklike amp ook nie deel van God se oorspronklike plan met sy volk Israel nie. In plaas van 'n koning, moes die priesters as regeringsamptenare optree. Daarmee was die volk nie tevrede nie; hulle wou soos die heidense nasies om hulle, 'n koning hê. Toe Samuel nie daarmee saamstem nie en by God kla, het God aan hom gesê: ***"Luister na die volk in alles wat hulle vir jou sê, want nie jou het hulle verwerp nie, maar My het hulle verwerp om nie koning oor hulle te wees nie"*** **(1 Sam.8:6-7).** Dieselfde gebeur vandag nog. Alhoewel daar baie oor die koninklike priesterskap van die Nuwe Testamentiese gelowige gepraat en gepreek word, kan daar, prakties gesproke, as gevolg van die tradisionele model van die kerk en as gevolg van sekere godsdienstradisies, min gedoen word om dit ten volle te implementeer.

Die Ou Testamentiese priesterklas in die kerk

Die status wat die alles-in-een dominee/pastoor figuur in die meeste gemeentes geniet, rus nie op Nuwe Testamentiese openbaring nie, maar op die rolmodel van die Ou Testamentiese priester. Die woord vir "pastoor" in die Bybel verwys nie na 'n gesaghebbende persoon wat aan die hoof van 'n gemeente staan nie, maar na iemand wat omgee vir die "skape" en daarom word die woord "herder" ook dikwels gebruik. Hierdie bediening word in dieselfde asem genoem as die ander bedieninge van apostels, profete, evangeliste en leraars **(Efesiërs 4:11**). Om watter rede word die pastorale bediening bokant die ander verhef, spesiale voordele gegee en in beheer van die gemeente geplaas? Deur dit te doen, word daar weer 'n priesterklas in die kerk geskep en word die gemeente in twee klasse verdeel – die gewone mense en dié in "voltydse bediening." Hierdie siening is hoofsaaklik daarvoor verantwoordelik dat die bedieningskrag van die priesterskap van alle gelowiges geneutraliseer word en dat die Ou Testamentiese beginsel van die tiendes gehandhaaf moet word om die "priesters" aan die lewe te hou.

Die groot tragedie van hierdie priesterklas in die kerk is dat dit die ontwikkeling van geestelike gawes en bedieninge in die lewe van baie gelowiges beperk. Die Bybel verklaar baie duidelik dat God gawes aan Sy kerk gee:
"*En dit is die 'gawes' wat Hy 'gegee het': apostels, profete, evangeliste, en herders en leraars. Sy doel daarmee was om die gelowiges toe te rus vir hulle diens en vir die opbou van die liggaam"* **(Efesiërs 4:11-12).**

Hierdie bedieninge moet in die skool van die Gees, wat die lewe self is, ontwikkel en dan deur ope bediening in die gemeente uitdrukking vind tot voordeel en opbouing van die hele liggaam. In tradisionele gemeentes sit daar soms ouerige mans wat in hulle lewe al alles ervaar het wat die duiwel, die vlees en die wêreld na hulle kant toe kon gooi; die dood van geliefdes, bankrotskappe, ontnugtering, mislukking, skade... en deur geloof in God en Sy Woord het hulle bo uitgekom. In plaas daarvan dat hierdie rykdom van ervaring en kennis

van die Woord die gemeente deur die ope bediening opbou, sit hulle, wat die byeenkoms betref, tjoepstil in rye en lewer nie veel bydrae tot die opbouing van die liggaam nie.

Paulus se bedieningsfilosofie

Na Golgotha word daar nêrens in die Nuwe Testament van tiendes gepraat as 'n manier om bedieninge te onderhou nie. As daar van betaling van Nuwe Testamentiese bedieninge gepraat wil word, is **1 Kor.9:1-19** die logiese plek om te begin. In hierdie gedeelte maak Paulus ook van Ou Testamentiese beginsels gebruik om te verduidelik dat ook hy as 'n werker van die Evangelie die reg het om onderhou te word. As tiendes ter sprake was in die onderhouding van bedieninge, sou hierdie 'n logiese gedeelte gewees het waarin Paulus dit sou aanroer. Nie 'n woord word egter daarvan gesê nie. Wat Paulus wel doen, is om 'n vergelyking te tref uit verskeie voorbeelde uit die Ou Testament om te wys dat Nuwe Testamentiese werkers wel die reg het om onderhou te word as die aard van wat hulle doen, dit sou regverdig **(1 Kor.9:9-14).** Paulus self het gewoonlik ter wille van sy getuienis nie van hierdie reg gebruik gemaak nie **(I Kor.9:12).**

"Julle onthou tog, broeders, ons arbeid en inspanning; want terwyl ons nag en dag gewerk het om niemand van julle te beswaar nie, het ons die evangelie van God aan julle verkondig" **(1 Thess.2:9).**

Daar kan nie dogmaties gesê word dat die Nuwe Testament verklaar dat geestelike werkers nie onderhou mag word nie. As 'n gemeente, sonder om van manipulerende dwaalleer gebruik te maak, dit kan bekostig, is hulle vry om dit te doen. Dit is net vreemd dat alhoewel daar so baie van Paulus se leringe in preke gebruik gemaak word, sy voorbeeld as 'n selfonderhoudende tentmaker so min nagevolg word.

Dubbele salarisse vir voltydse leraars?

"Laat die ouderlinge wat goed regeer, dubbele eer waardig geag word, veral die wat arbei in woord en leer. Want die Skrif sê: Jy mag 'n os wat graan dors, nie muilband nie; en: Die arbeider is sy loon werd" **(1 Tim.5:17-18).**

Daar is leraars wat op grond van die betekenis van die Griekse woord *"timees"* wat in **1 Tim.5:17** gebruik word, verklaar dat sekere voltydse bedieninge dubbele of groot salarisse moet ontvang. 'n Bekende leraar vanuit die "Prosperity"-kringe sê in een van sy artikels dat terwyl daar groot somme geld aan filmsterre en sportmanne betaal word, leraars met kleiner salarisse moet klaarkom. Dít, sê hy, is 'n teken van misplaaste waardes. Na aanleiding van hierdie stelling lyk dit mos of Hollywood deesdae in sekere godsdienskringe meer invloed uitoefen as Jerusalem! Die artikel gaan voort om te beskryf hoe sommige leraars dag en nag met mense met probleme moet werk. Ook moet hulle, sê hy, as rekenmeesters en besigheidsbestuurders in hulle kerke optree. Daarmee saam is daar ook nog baie ander pligte wat met die bestuur van 'n kerk te doen het. Boonop, volgens hom, word hulle ook gedurig as verteenwoordigers van God dopgehou (www.awmi.net>Commentary,1 Tim.5:17).

Die rede waarom ek na die voorafgaande artikel verwys is nie om iemand af te kraak nie, maar om te illustreer hoe die model van die kerk wat jy volg, die bediening beïnvloed. Die beskrywing wat die artikel van die bediening gee, pas glad nie in by die Nuwe Testamentiese

beeld van die kerk nie. Hier is ‘n paar redes waarom ek nie met bogenoemde leraar se artikel saamstem nie:

1. Teen die agtergrond van die Nuwe Testamentiese priesterskap van alle gelowiges **(1 Pet.2:9)** skryf Paulus die volgende aan die Hebreërs:
“Want hoewel julle vanweë die tyd leraars behoort te wees, het julle weer nodig dat ‘n mens julle die eerste beginsels van die woorde van God moet leer” **(Heb.5:12).**

Aan die gelowiges in Efese skryf hy:
“En Hy het gegee sommige as apostels, ander as profete, ander as evangeliste, ander as herders en leraars, om die heiliges toe te rus vir hulle dienswerk, tot opbouing van die liggaam…” **(Ef.4:11-13).**

In hierdie verse sien ons dat die bedieningspatroon van die Nuwe Testamentiese kerk heeltemal verskil van die beeld wat die leraar na wie ons hierbo verwys, vir ons voorhou. In sy beskrywing van wat hy alles moet doen, sien ons iets van die tradisionele institusionele model waar alles om die status en pligte van die leier-leraar draai. Om dit te bevestig, verwys ek na ’n boek wat deur ’n bekende Amerikaanse leraar, Bob Yandian, geskryf is. In sy boek Decently and in order – A Guide to New Testament Government verklaar hy dat God met die dominee of die pastoor as leier van die gemeente praat en aan hom openbaar wat die mense moet hoor (bl.31). Hy gaan voort om te sê dat die mense se toewyding en onderdanigheid aan God gemeet kan word aan die mate waartoe die visie en die leiding van die leiers ondersteun word (bl.42). Hierdie tipe denke beroof die gelowige van sy duurgekoopte vryheid in Christus en neutraliseer sy bediening as ’n Nuwe Testamentiese priester. Dit neem glad nie die boodskap van die geskeurde voorhangsel in aanmerking nie. Wat God uitmekaar geskeur het, word nou weer deur die mens toegewerk!

2. In **Heb.5:12** moedig Paulus almal aan om leraars van die Woord te wees. Maak dit sin dat hy so iets sou gedoen het as hy geweet het dat dubbele salarisse aan hulle betaal moes word? Waar sou al die geld in die vroeë kerk vandaan gekom het?

3. Paulus beveel Timotheus om hom te onttrek van mense wat dink dat die godsaligheid iets is waarmee jy kan geldmaak **(1 Tim.6:5).** Hy verduidelik:

“*die godsaligheid saam met vergenoegdheid is ‘n groot wins…Maar as ons kos en klere het, moet ons daarmee vergenoeg wees…” (1 Tim.6:6-10)*.

Is dit nie heeltemal teenstrydig met sommige wat beweer dat “dubbele salarisse” aan pastore betaal moet word nie?

4. Hoekom sou Paulus aanbeveel dat Timotheus en ander leraars ‘n dubbele salaris moet ontvang as hy self geweier het om betaal te word? **(1 Kor.9:12).**

5. Meer as twintig vertalings van die Bybel waarna ek gekyk het, vertaal almal die Griekse woord *timees* in **1 Tim.5:17** met *“eer” (“honour”).* Ek kon net twee kry wat *“timees”*met *“salaris” (“pay”)* vertaal. Dit sou vreemd wees as so ‘n oorwig vertalers van die bekendste Bybels almal die fout gemaak het om die woord verkeerd te vertaal. Selfs meer liberale vertalings dra die idee oor dat daar goed na ouderlinge gekyk moet word en dat hulle gerespekteer moet word.

6. Die verwysings in **1 Tim.5:18** na ‘n os wat dors **(Deut.25:4)** en na ‘n arbeider wat sy loon werd is **(Luk.10:7)** verwys in hulle konteks nie na groot salarisse nie, maar net na die nodige, daaglikse lewensmiddele:
“Bly dan in daardie selfde huis en eet en drink wat hulle het, want ‘n arbeider is sy loon werd” (Luk.10:7).

Dit is na my mening ook waarna **Gal.6:6** verwys:
“Maar laat hom wat in die Woord onderwys ontvang, meedeel van alle goeie dinge aan hom wat onderwys gee.”

Slotsom

As die verkeerde, onBybelse beklemtoning van geldinsameling en finansiële uitbuiting in gemeentes moes verdwyn, sou noodgedwonge groot aanpassings gemaak moes word. Professionele bedieninge sou meer plek moes maak vir die bedieninge van die priesterskap van alle gelowiges **(1 Pet.2:5).** Paulus se voorbeeld as ‘n tentmakerbediening sou veel meer aan die orde van die dag wees en geld sou meer gebruik kon word om die materiële behoeftes van armes in gemeentes te verlig. Omdat geld nie so vrylik beskikbaar sou wees nie, sou sulke duur bouprogramme ook nie aangepak kon word nie. Noodwendig sou alternatiewe vorme van bymekaarkom oorweeg moes word. Die skerp skeidslyn tussen ‘n voltydse priesterklas en gewone gelowiges sou ook verdwyn en ‘n vryer, Nuwe Testamentiese model van die kerk sou ervaar word.
Die toepassing van Ou Testamentiese wette en beginsels in die kerk veroorsaak dat Christene van hulle duurgekoopte vryheid in Christus beroof word. Die wettiese voorhangsel wat God oopgeskeur het, word nou weer voor die neuse van mense toegewerk! Paulus waarsku Christene teen die gevaarlike geestelike gevolge van ‘n verkeerde beklemtoning van die wet:
“*Hulle verstand was ook toe, en vandag nog bly hulle verstand met dieselfde sluier toegemaak as hulle die Ou Testament lees, maar die sluier word deur Christus weggeneem vir iemand wat in Hom glo”* (2 Korintiërs 3:14).

Die verkeerde vermenging van ou wette met die beginsels van die Nuwe Testament het ernstige gevolge; die seën van die volle erfenis in Christus kan nie ten volle ervaar word nie en die onderskeidingsvermoeë van gelowiges word ingeperk as gevolg van ‘n Ou Testamentiese fokus. Daar kan so ver gegaan word dat die bloed van die Nuwe Testament vertrap word en dat die Gees van Genade beledig word **(Heb.10:29).**

HOOFSTUK 5. MESSIAANSE CHRISTENE, DIE TORAH EN DIE ONDERHOUDING VAN DIE SABBAT

Efesiërs 2:14-16: ***“Christus is ons vrede, Hy wat dié twee, Jode en nie-Jode, een gemaak het. Deur sy liggaam te gee, het Hy die vyandskap afgebreek wat vroeër soos ‘n muur skeiding gemaak het. Die wet van Moses met al sy gebooie en bepalings het Hy opgehef, en deur vrede te maak, het Hy in Homself dié twee, Jode en nie-Jode, tot een nuwe mensheid verenig. Deur sy dood aan die kruis het Hy ‘n einde gemaak aan die vyandskap en dié twee met God versoen en tot een liggaam verenig”*** **(NAV).**

Inleiding

Behalwe die tiendelering is die oortuiging onder Christene dat die Joodse Sabbat ook gehou moet word, nog 'n voorbeeld van lering wat op onkonsekwente, onlogiese en onaanvaarbare beginsels van Bybeluitleg gebaseer word. En net soos die tradisionele tiendelering moet die leerstellings van hierdie sogenaamde "Terug-na-die-Joodse-Wortels-Beweging" ook goed in die lig van gesonde beginsels van Bybeluitleg bekyk en ondersoek word. Net soos met die tiendelering word selektiewe Ou Testamentiese gedeeltes deur leraars van hierdie beweging gebruik om hul standpunte te staaf. Van die meer radikale groepe gaan so ver as om te beweer dat omdat die Christelike geloof deur die heidendom besoedel is, ware aanbidding slegs moontlik is deur 'n terugkeer tot gehoorsaamheid aan die Torah. Hierdie beklemtoning veroorsaak dat sommige Christene in hul aanbiddingsvorme meer met 'n rabbiniese vormgodsdiens assosieer as met die Nuwe Testamentiese kerk. Baie Messiaanse Christene beskou dan ook hulle "Joodsheid" as meer belangrik as hulle identiteit as Christengelowiges. Hulle ignoreer die feit dat die fokuspunt van 'n Christengelowige Nuwe Testamentiese leringe behoort te wees en nie die kulturele agtergrond van rabbiniese Judaïsme nie.

Omdat hierdie beweging deur soveel verskillende groepe met net soveel verskillende klemverskille verteenwoordig word, is dit moeilik om hulle onder een sambreel te groepeer. In my studie van die onderwerp het ek so wyd as moontlik probeer lees om kennis te neem van wat deur verskillende leiers van hierdie beweging gesê word. Soos jy met hulle aanhangers praat, kom jy agter dat baie van hulle nie die volle implikasies besef van waarmee hulle besig is nie. Ook besef baie nie die gevaar daarvan om met van hierdie organisasies soos byvoorbeeld die HRTI en HRM (Hebrew Roots Teaching Institute en Hebrew Roots Movement) geassosieer te word nie. Hulle sê dat hulle in die soenverdienste van Jesus Christus glo, maar dan skryf hulle die volgende op een van hulle webblaaie:

"Messianic Judaism adds to this some observances of Torah (YHWH's Old Covenant Laws), which are not generally practiced (and often discouraged) in Christian churches. These observances include observing Jewish Shabbat, abstaining from pork, shellfish, and other foods banned by Jewish law, and observing Jewish holidays"(My beklemtoning).

Verder verduidelik hulle:

"What does YHWH's Grand Strategy consist of? YHWH wants the restoration of the Renewed Messianic Congregation's position and culture of the Good News of the Jewish Messiah within a Messianic Renewed identity" (Hebraic Roots Teaching Institute : http://www.hrti.co.za, My beklemtoning).

Neem kennis van die intimiderende, subjektiewe terminologie **"YHWH wants**" wat seker baie onkundige en liggelowige mense sal beïnvloed. Net so, as ek subjektief wil wees, kan ek ook baie gesaghebbend klink deur te verklaar dat **God wil hê** dat ek hierdie boek moet skryf. So voorbarig sal ek egter nie wees nie, maar ek kan wel sê dat die volgende gedeeltes in die geskrewe Woord van God my gemotiveer het om die pen op te neem:

***"Lê jou daarop toe om jou beproef voor God te stel as 'n werker wat hom nie hoef te skaam nie, wat die woord van die waarheid reg sny"* (2 Tim.2:15).**

"...verkondig die woord; hou aan tydig en ontydig; weerlê, bestraf, vermaan in alle lankmoedigheid en lering..." (2 Tim.4:2).

Hierdie kultuur van die "Renewed Messianic Congregation" wat hulle sê YHWH wil restoureer, is volgens hulle 'n vorm van Judaïsme. 'n Mens wonder waar so iets in die Nuwe Testament gesê word? Om die Christelike gemeente en die Evangelie te wil verjoods is teenstrydig met wat daarin geskryf staan. 'n Skrifgedeelte soos **Gal.3:27-28** is tog duidelik: ***"want julle almal wat in Christus gedoop is, het julle met Christus beklee. Daar is nie meer Jood of Griek nie, daar is nie meer slaaf of vryman nie…want julle is almal een in Christus Jesus".***

Nêrens in die Skrif word daar verklaar dat om God te behaag, jy Hom met 'n Hebreeuse taal of met 'n Joodse perspektief moet aanbid nie! Dawid openbaar die regte gesindheid as hy in **Ps.51:19** skryf dat die offers wat God behaag **" 'n *gebroke gees"*** en **" *'n gebroke en verslae hart"*** is. Die belangrikste boodskap van die Skrif handel oor die mens se sondige toestand en hoe hy deur Christus as Middelaar met God die Vader versoen kan raak. Hierdie boodskap ken geen kulturele grense nie.

Daar word algemeen in hierdie kringe geredeneer dat, omdat die Christelike geloof in die vroeë jare deur Hellenisme (die Griekse kultuur) beïnvloed is, daar teruggekeer moet word na 'n Hebreeuse denkwyse sodat die Joodse karakter daarvan herstel kan word. Daar word dus geweldig klem gelê op die "Hebreeuse manier" van dinge doen. Daar word egter vergeet van hoeveel tyd en aandag Jesus aan die "wit gepleisterde" konsep van die wetsonderhouers van daardie tyd gegee het **(Matt.23:27).** Hulle was meer gesteld op die uiterlike vertoon van hulle rituele en seremonies as op die innerlike kwaliteite van geregtigheid, genade en liefde. Dink daaraan, toe Jesus op aarde was, het Hy soos 'n Hebreër of soos 'n Griek gedink? Ek glo nie so nie! Hy het soos God gedink, want Hy wás God! God se verlossingsplan is veel ouer as 'n Joodse of 'n Griekse kultuur! Die Evangelie van Jesus Christus is ingestel op die herstel van die verhouding tussen God en die sondaar; dit het niks te doen met die herstel van 'n sekere volk se godsdienstige kultuur, taal of gedagterigting nie!

Beteken "gebooie" in die Nuwe Testament elke keer " Torah"?

In 'n e-pos aan my verduidelik 'n gekwalifiseerde leraar van die HRTI sy standpunt so:

"Elke keer wat jy 'wet' lees in die NT, is dit maar net Torah *(nomos in Grieks …as jy commands of commandments lees, is dit mitzvoth in hebreeus). "…toe Jesus die woorde gesê het: 'do my commandments' (Joh.14:15), wat was die enigste commandments wat dié aan geglo het, waarmee Hy gepraat het? Was dit nie maar net die commandments van Moses nie? Was dit nie maar net Torah nie? Daar was nog nie 'n nuwe testament nie. Hy kon nie van enige ander commandments gepraat het nie."*
(Aanhaling en spelling onveranderd gelaat soos in oorspronklike e-pos aan my. My beklemtoning).

Verwys die Nuwe Testamentiese gebruik van die woorde *"wet"* en *"gebooie"* in verse soos **Joh.14:15** en **1 Joh.2:3-4 "elke keer"** na die wette van Moses in die Torah?

'n Bestudering van die konteks waarin hierdie woorde voorkom, sal aantoon dat die stelling wat die HRTI leraar maak, nie waar is nie. Die konteks van die Bergpredikasie in **Matt. 5,6** en

7 wys dat die woorde van Jesus: "***Elkeen dan wat na hierdie woorde van My luister en dit doen…"*** na Sy leringe verwys en nie na die woorde van die Torah nie. So sien ons ook dat Jesus 'n onderskeid maak tussen sy gebooie (sy leringe) wat Hy sê sy dissipels moet gehoorsaam en die gebooie van sy Vader wat Hy sê Hy gehoorsaam:
"As julle my gebooie bewaar, sal julle in my liefde bly, net soos Ek die gebooie van my Vader bewaar en in sy liefde bly" (Joh.15:10-12).

Tot en met die kruisiging moes Jesus Hom ten volle aan die Wet van Moses onderwerp, aangesien die Nuwe Testament as nuwe bedeling eers met sy dood in werking getree het. Deur sy leringe het Hy sy dissipels al begin voorberei vir hierdie nuwe bedeling wat sou kom. Dit is interessant om daarop te let dat Jesus nie sê dat die gebooie van Moses of die Torah gehoorsaam moet word nie; Hy beklemtoon dat dit **sý gebooie** is wat gehoorsaam moet word! **(John 15:9-17)**. Ook sê Jesus nie dat ons die gebooie van Sy Vader moet onderhou soos Hy dit onderhou het nie. Dit sou ons nooit soos Hy kon regkry nie. Om as die vlekkelose Lam van God as soenoffer vir die sonde van die mensdom te kwalifiseer, móés Hy die Wet van sy Vader volkome onderhou. Om 'n middelaar van 'n nuwe testament te word, moes Hy die vereistes van die Ou Testamentiese wette volledig en volmaak gehoorsaam. Dit is wat ons in **Gal.4:4** lees:
"Maar toe die volheid van die tyd gekom het, het God sy Seun gestuur, gebore uit 'n vrou, gebore onder die wet, om die wat onder die wet was, los te koop..."

Jesus verduidelik self wat die "gebooie" is wat in **Joh.15:9-17** genoem word:
"Dit is My gebod *(*God die Seun s'n), ***dat julle mekaar moet liefhê net soos Ek julle liefgehad het" (Joh.15:12).***

As ons na die Griekse woord *entolé* kyk wat in **Joh.14:15** en in **1 Joh.2:3,4** gebruik word, sien ons dat dit na die "gebooie" van Jesus verwys en nie na die Torah nie. Die Strong's Exhaustive Concordance verklaar die woord so: *"an injunction i.e. an authoritative prescription… The precepts and teachings of Jesus."*

Die stelling van die HRTI leraar dat die Griekse woord *nomos* ook altyd in die Nuwe Testament na die wette van Moses verwys, is ook nie waar nie, omdat die woorde *"wet, gebooie, entolé, nomos en mitzvah"* etimologies na die wette van God, Christus of mense kan verwys. Die betekenis moet afgelei word van die konteks waarin hulle gebruik word. Dit word duidelik as daar byvoorbeeld na **Rom.8:2** gekyk word:
"*Want die wet* (*nomos*- Strong's 3551) *van die Gees van die lewe in Christus Jesus het my vrygemaak van die wet* (*nomos*- Strong's 3551) *van die sonde en die dood*" (Rom.8:2).

As die woord *nomos* altyd in die Nuwe Testament na die Torah verwys*, s*oos die HRTI leraar beweer, maak hierdie vers mos nou nie sin nie. Beteken dit nou dat die Torah mense van die Torah vry maak? Logiese denke en die breër lering van die Nuwe Testament maak dit baie duidelik dat die een *nomos* wat ons vry maak van die ander *nomos,* te doen het met die wet van Christus wat ons vrymaak van die wet van Moses.

Dit is so belangrik om die verskil tussen hierdie twee stelle wette te verstaan dat ons dit weer verduidelik; in die konteks van Jesus en die apostels se leringe is die Nuwe Testamentiese gebruik van die woord "wet" of "gebod" (*nomos, entolé)* nie "elke keer" 'n verwysing na die Torah nie, maar 'n verwysing na die bevele van Jesus en die apostels. As bevestiging haal ons **Joh.13:34** aan waar Jesus verklaar: ***" 'n Nuwe gebod (entolé) gee Ek vir***

julle, dat julle mekaar moet liefhê; soos Ek julle liefgehad het…" Verwys *"gebod"* in hierdie geval na die Torah? Waar in die wette van Moses word so'n wet genoem? – en terloops, as dit na een van die wette van die Torah sou verwys, dan is daar mos niks nuuts aan nie!

Hoe het die apostels die gebooie van Jesus verstaan? Het hulle verstaan dat hulle die mense moes leer om die Wet van Moses (Torah) te gehoorsaam?
Laat ons kyk wat hulle self te sê het.

1 Thess.4:2-12: "Want julle weet watter bevele (*paraggelia,'commands')* ons deur die Here Jesus gegee het…"(Complete Wordstudy Dictionary – Zodhiates). Paulus laat ons nie wonder waarna hierdie gebooie verwys wat hy van Jesus ontvang het nie. In die konteks van **1 Thess. 4** verduidelik hy:

v.3…hulle moet hulle onthou van hoerery
v.4…elkeen moet sy eie vrou hê, in heiligheid en eer
v.6…niemand moet sy broer bedrieg en benadeel nie
v.9…hulle moet mekaar met broederliefde liefhê
v.11…hulle moet met hul eie hande werk, rustig lewe en hulle eie sake behartig

Verder verklaar hy:
"As iemand meen dat hy 'n profeet of geestelike mens is, moet hy erken dat wat ek aan julle skryf, bevele (entole) van die Here is" **(1 Kor.14:37).**
(Die konteks van die hele brief aan die Korinthiërs bevestig dat "Here" in hierdie vers na die Here Jesus Christus verwys).

Staan daar iewers in die briewe van Paulus dat hy beveel dat die Torah onderhou moet word? Die teenoorgestelde is egter waar! So skryf hy aan die Romeinse gelowiges:
"Want Christus is die einde van die wet tot geregtigheid vir elkeen wat glo" **(Rom.10:4).**

Aan die Kolossense sê hy: ***"…en die skuldbrief teen ons, wat met sy insettinge ons vyandig was, (het Hy) uitgedelg en weggeruim… deur dit aan die kruis vas te nael"*** **(Kol.2:14).**

In 'n ander brief verklaar hy:
"Die besnydenis is niks en die onbesnedenheid is niks, maar die onderhouding van die gebooie (entolé) van God" **(1 Kor.7:19)**.
Wat bedoel Paulus? In die konteks van die Mosaïese wette was besnydenis nie "niks" nie! Dit was ŉ belangrike deel van die Wet. Paulus moet hier 'n baie belangrike stel gebooie in gedagte hê om te verklaar dat besnydeniswette in vergelyking daarmee "niks" is nie! Watter gebooie kan belangriker wees as dié van die Torah? Na watter verwys hy? Die ***"onderhouding van die gebooie"*** in **1 Kor.7:19** kan na niks ander as die gesaghebbende bevele en lering van Jesus verwys nie.

ŉ Studie van Paulus se geskrifte, veral die brief aan die Galasiërs, laat geen onduidelikheid oor die feit dat die Torah as wet geen rol in die lewe van 'n Christengelowige moet speel nie **(Ef.2:15, Kol.2:14, Rom.10:4, Gal.4:9-10, Rom.13:8).**

Verwerping van Paulus se briewe deur sommige leraars van die HRTI-beweging

In 'n e-pos aan my, probeer 'n leraar van die HRTI my argumente wat ek op Paulus se geskrifte baseer, so weerlê (Ek haal die aanhaling onveranderd aan soos ek dit ontvang het):

" Petrus waarsku ons dat ons nie Paulus se briewe moet gebruik om lawlessness (Torahlessness - anomia in Grieks) te bevorder nie. Hy waarsku ons voor die tyd, sê Petrus. ***So, ek stel voor dat jy ander briewe kry om jou doktrines te staaf,*** *want Paulus se briewe is moeilik om te verstaan, en word baie maklik uit konteks uit gevat (soos in jou brief, byvoorbeeld)."* (My beklemtoning).

Praat van dinge uit konteks neem! Kom ons kyk waarna Petrus verwys as hy praat van ***"hierdie dinge"*** wat moeilik is om te verstaan wat Paulus oor skryf? *"Hierdie dinge"* wat swaar is om te verstaan, het in die konteks niks te doen met lering oor die Torah of enige Nuwe Testamentiese gebooie nie, maar verwys onder andere na ***"die dag van God",*** na ***"elemente wat gaan brand"*** en na ***" 'n nuwe hemele en 'n nuwe aarde" (2 Pet.3:12-16)!***

Paulus se verwysing in **2 Kor.12:2** na 'n man (heelwaarskynlik hyself) wat na die derde hemel opgeruk is en daar ***"onuitspreeklike"*** openbaringe ontvang het, is ook iets misterieus waaroor 'n mens seker kan wonder, maar wat Nuwe Testamentiese lering oor gewone geloofsake betref, skryf hy dinge wat maklik is om te verstaan en hy sê dan ook:

"In ons briewe skryf ons niks aan julle <u>wat julle nie self kan lees en verstaan nie</u>" **(2** ***Kor.1:13,*** beklemtoning***).***
Wie moet ek nou glo, Paulus of die HRTI leraar? – en ek kan mos lees!)

In sy briewe gee Paulus duidelike leiding en instruksies aan jong Christen gemeentes in gewone verstaanbare taal. Hy skryf nie aan hulle om hulle te verwar nie! As woorde betekenis het, is dít wat ons in sy briewe lees, dít wat hy wil hê ons moet glo en doen!
En terloops, ek wonder, na aanleiding van wat die HRTI leraar in sy e-pos aan my sê, waar ek ander briewe as dié wat in die Nuwe Testament voorkom, moet kry om my doktrines op te bou?

Van die Torah-leraars redeneer dat, omdat daar op die stadium toe Jesus oor die onderhouding van sy gebooie gepraat het, nog nie 'n Nuwe Testament bestaan het nie, dit na die Torah móét verwys. Ook hierdie stelling is van alle waarheid ontbloot. Alhoewel die Nuwe Testament eers met die dood van Jesus op die kruis vir Christene die plek van die Ou Verbond ingeneem het, het sy hele bediening daaruit bestaan om deur sy leringe sy dissipels voor te berei vir die nuwe bedeling wat sou kom. So byvoorbeeld sien ons hoe Hy dwarsdeur die Bergpredikasie die Ou Testamentiese wette met die morele standaarde van sy leringe kontrasteer **(Matt.5,6,7**). Daar sal ook gesien word dat as die leringe in die briewe van die apostels met die leringe van Jesus vergelyk word, dit maar net kommentaar en herhaling is van wat Jesus alreeds verkondig het. Die skrywer van die boek Handelinge stel dit so:
"Die eerste verhaal Theofilus, het ek opgestel oor alles wat Jesus begin doen en leer het tot op die dag dat Hy opgeneem is, nadat Hy aan die apostels…deur die Heilige Gees bevele gegee het" (Hand.1:1-2).

Ek is van mening dat die meeste van dié wat glo dat Ou Testamentiese wette onderhou moet word, dit in opregtheid doen omdat hulle glo dat hulle gehoorsaam aan God se Woord moet wees, maar dat wat hulle doen gebaseer is op onkunde oor die omvang van Nuwe Testamentiese lering.

HOOFSTUK 6. WAT VAN HANDELINGE 15 EN 21?

As bevestiging dat die Wet van Moses nog onderhou moet word, sal sommige leraars sekere Nuwe Testamentiese gedeeltes opnoem waarin daar beskryf word hoe Paulus en van die ander apostels sekere aspekte van die Wet onderhou het. Die gedeelte in **Hand.21:20-26** word dikwels aangehaal. Daarin word beskryf hoe Paulus homself saam met vier ander manne in die tempel laat heilig het. In **Hand.16:3** lees ons ook hoedat Paulus Timotheus laat besny het. Is hierdie en ander voorbeelde van wetsonderhouding deur die apostels bewyse dat hulle mense geleer het om die Torah te onderhou? Ek glo nie so nie. Om dit te kan doen, sal te veel ander duidelike verklarings in die Nuwe Testament geïgnoreer moet word. Hier moet ons van 'n erkende beginsel van Bybeluitleg gebruik maak en toelaat dat Skrif Skrif verduidelik en verklaar. Ons moet die inligting van duidelike en maklik verstaanbare skrifgedeeltes gebruik om lig te werp op gedeeltes wat skynbaar onduidelik of moeiliker is om te verstaan. So byvoorbeeld, teenstrydig met wat hy in **Gal.5:2** skryf:
"Kyk, ek, Paulus sê vir julle dat as julle jul laat besny, Christus vir julle tot geen nut sal wees nie" gaan hy en laat Timotheus besny! **(Hand.16:1-3).**
Daar moet mos 'n verduideliking wees vir so 'n oënskynlike teenstrydigheid in wat hy sê en in wat hy doen! Daar is. Ek herhaal; ons moet toelaat dat Skrif Skrif verduidelik. Ons sien in wat hy doen 'n demonstrasie van sy woorde:

"Want alhoewel ek van almal vry was, het ek my aan almal diensbaar gemaak om soveel van hulle as moontlik te win. Vir die Jode het ek soos 'n Jood geword om die Jode te win: vir die wat onder die wet is, soos een wat onder die wet is, om die wat onder die wet is, te win. Vir die wat sonder die wet is, soos een sonder die wet – al is ek nie sonder die wet van God nie, maar onder die wet van Christus – om die wat sonder die wet is, te win…vir almal het ek alles geword om in alle gevalle sommige te red….en ek doen dit ter wille van die evangelie **(1 Kor.9:19-23).**

Alhoewel Paulus Timotheus laat besny het sodat hy deur die Jode ontvang sou word, het hy nie net geweier om dit met Titus te doen nie **(Galatians 2:3),** maar het hy ook die valse broeders wat hulle vryheid in Christus kom bespied het, heftig teëgestaan **(Gal.2:4-5).**
Paulus het van elke manier tot sy beskikking gebruik gemaak om 'n geleentheid te kry om die Evangelie aan mense te verkondig. As hy tussen Jode gekom het, het hy soms by hulle gebruike en gewoontes aangepas; nie omdat hy verplig was om dit te doen nie, maar alleenlik ter wille van die verkondiging van die waarheid aangaande die Messias. So lees ons in Handelinge hoe Paulus gereeld sinagoges op die Sabbat besoek het om die Evangelie aan sy Joodse gehoor te verkondig. So ook, as hy tussen nie-Joodse ongelowiges gekom het, het hy sover as moontlik, sonder om die wet van Christus te oortree, hulle gewoontes nagevolg sodat hy met hulle kon praat **(1 Kor.9:19-23).**

Het Paulus die wette van die eerste vyf boeke van die Ou Testament nagekom? Ja, hy het, as dit vir hom geleentheid geskep het om met die Jode te kon praat. Hy het dit gedoen, nie uit dwang nie, maar omdat van die wette van die Torah nagevolg kon word sonder om die wet van Christus te oortree. Tog, terselfdertyd as ons al sy briewe aan Christen gemeentes lees, word dit baie duidelik dat hy hulle geleer het dat hulle nie deur Ou Testamentiese wette gebind was nie.

Dit wat in **Hand.21:20** geskrywe staan stel ons in staat om dít wat in Handelinge 15 en 21 beskrywe word, beter te verstaan:
"En nadat hy gegroet het, het hy van stuk tot stuk vertel wat God onder die heidene deur sy diens gedoen het. En toe hulle dit hoor, het hulle die Here verheerlik en vir hom gesê: U sien, broeder, hoeveel duisende Jode daar is wat gelowig geword het, en almal is yweraars vir die wet. En hulle is aangaande u vertel dat u al die Jode onder die heidene leer om van Moses afvallig te word deur te sê dat hulle die kinders nie moet besny nie en ook nie volgens die sedes moet wandel nie" **(Hand.21:19-21).**

Die boonste aangehaalde skrifgedeelte is baie belangrik in dié opsig dat dit die godsdienstoneel skets wat in daardie vroeë jare van die kerk geheers het. Die eerste bekeerlinge was Jode en hulle was nie voorbereid op die kultuurskok van om te hoor dat dit nie meer nodig was om die Wet te onderhou nie. En dit is wat Paulus aan die heidense bekeerlinge moes verkondig, want dit is wat die apostels en die ouderlinge en die hele gemeente in Jerusalem besluit het. In plaas daarvan dat die heidense gelowiges die wet moes onderhou, moes hulle hulle net onthou van afgodsoffers, van bloed, van wat verwurg is en van hoerery **(Hand.15:20).** Hierdie vier dinge is nie weens Mosaïese wette op die heidense gelowiges geplaas nie, maar omdat dit dinge was wat veral die Jode aanstoot gegee het. Die eerste Joodse bekeerlinge wat nog "yweraars vir die wet" was, moes gehoor het dat Paulus aan Christene uit die heidendom verkondig dat dit nie vir hulle nodig was om die Wet van Moses te onderhou nie **(Hand.21:21).** In die lig van wat Paulus aan die Korinthiërs, die Galasiërs, die Efesiërs en die Kolossense geskryf het, is dit net nie aanvaarbaar dat hy dubbele standaarde aangaande die hou van die Wet sou voorhou nie. Wat goed genoeg is vir gelowiges uit die heidendom, moet ook goed genoeg wees vir Joodse gelowiges, want **"Daar is nie meer Jood of Griek nie, daar is nie meer slaaf of vryman nie, daar is nie meer man en vrou nie; want julle is almal een in Christus" (Gal.3:28).**

Ons het reeds verwys na hoedat Paulus Timotheus laat besny het sodat hy deur die Jode ontvang sou word **(Hand.16**), terwyl hy die teenoorgestelde met Titus gedoen het **(Gal.2:3)**. Paulus laat Titus wat 'n Griek is, nie besny nie, omdat hy hulle vryheid in Christus en die waarheid van die Evangelie aan die valse broeders wou demonstreer. Hulle, die valse broeders, is ingesmokkel om te probeer om die Galasiërs weer onder die juk van die Wet in te bring **(Gal.2:1-5).** Die doel van Paulus se brief aan die Galasiërs was juis om diegene wat weer teruggeval het in die onderhouding van die Wet, aan te spreek:
"O, onverstandige Galasiërs, wie het julle betower om die waarheid nie gehoorsaam te wees nie...het julle die Gees ontvang uit die werke van die wet of uit die prediking van die geloof?" **(Gal.3:1-3).**

Paulus se toegeeflikheid aangaande die hou van sekere Joodse wette het blykbaar nie altyd die gewenste uitwerking gehad om sy saak te help nie, want 'n groep Jode wat onthou het wat hy aan heidense gelowiges verkondig het, het die skare opgesteek deur te skreeu: ***"Israeliete, help! Dit is die man wat oral aan almal dinge leer teen die volk en die wet en hierdie plek!*** **(Hand.21:28-30).**
Wat hy verkondig het het daartoe gelei dat hy byna sy lewe verloor het **(Hand.21:28-36).** Sou die Jode so geweldadig opgetree het as hulle gehoor het dat Paulus mense leer om die Torah te onderhou?

Vandag is daar nog steeds onder Christene "yweraars vir die wet" wat ander gelowiges wil beïnvloed om hulle vryheid in Christus prys te gee ter wille van die onderhouding van sekere Mosaïese wette.

HOOFSTUK 7. DIE GESAG VAN JESUS SE WOORDE

Vandag, seker meer as ooit tevore, word ons op godsdienstige gebied van alle kante gekonfronteer met leringe en gedagterigtings wat soms radikaal van mekaar verskil. Dit kom van preekstoele en platforms af, ons hoor dit oor die radio en sien dit op die televisie. Ook was daar seker nog nooit soveel boeke, CD's en DVD's in omloop nie. Wat van al die geestelike tydskrifte wat in rye op rakke staan en wag om opgeraap te word? Dink ook maar aan al die teologiese en geestelike opinies wat gereeld in artikels en briewe in koerante verskyn. Van die Internet wil ek nie eers praat nie! Soos 'n Pilatus van ouds kan ons ook seker ons hande in die lug opgooi en uitroep: *"Wat is waarheid?"* Hoe gaan 'n mens tussen al hierdie "stemme" onderskei?

Wat is die waarheid?

Jesus is die Waarheid! Dit is waar, maar hierdie stelling moet verduidelik word. Baie verdwaalde kultusse en godsdienste oor die wêreld bely dat hulle in Jesus glo. Die Skrif verklaar dat selfs die duiwels glo dat God bestaan en dat hulle daaroor sidder! **(Jak.2:19).** Om te sê Jesus is die waarheid en in Hom te glo moet gekwalifiseer word. Volgens Sy eie uitspraak in **Joh.18:37** getuig Hy so oor Homself:
***"Hiervoor is Ek gebore en hiervoor het Ek in die wêreld gekom, om vir die waarheid te getuig. Elkeen wat uit die waarheid is, luister na my stem"* (Joh.18:37)**.

Om te weet wat die waarheid is, het dus iets te doen met die luister na sy stem! Maar hoe hoor ons sy stem?
Hoe weet ons wat Plato, Hitler of enige ander geskiedkundige figuur gesê en gedoen het? – hulle woorde en dade is deur ooggetuies opgeteken. Netso het dit ook met die woorde van Jesus gebeur. Hy het dít wat Hy van Sy Vader ontvang het, aan Sy dissipels oorgedra en aan hulle opdrag gegee om alles wat hulle by Hom gehoor het, weer aan ander te leer. Hulle het dit op skrif gestel en God het dit so beskik dat van hierdie geïnspireerde geskrifte vir ons in bewaring gebly het. Dit is wat die vier Evangelies so belangrik maak. Hulle bevat opgetekende woorde van die Here Jesus Christus. Maar wat God deur Jesus gesê het, is nie net tot die vier Evangelies beperk nie. Die skrywers van die ander geskrifte van die Nuwe Testament het ook almal persoonlik by Jesus geleer. Oor hulle ervaring saam met Hom getuig Johannes so:
***"Wat van die begin af was, wat ons gehoor het, wat ons met ons oë gesien het, wat ons aanskou het en ons hande getas het aangaande die Woord van die lewe – en die lewe is geopenbaar, en ons het dit gesien, en getuig en verkondig (ons) ...wat...aan ons geopenbaar is"* (1 Joh.1:1-2).**

Ook Paulus, wat nie een van die oorspronklike dissipels was nie, verklaar dat hy direkte openbaring van Jesus ontvang het **(1 Kor.11:23, Gal.1:12).** Die egtheid van dít wat hy ontvang het, is deur die ander apostels bevestig **(Gal.2:1-2).** Die geskrifte van die Nuwe

Testament bevat dus geïnspireerde verslae en kommentaar oor wat Jesus gedoen en gesê het terwyl Hy hier op aarde was. As jy dít lees, "hoor" jy wat God sê.

Daar bestaan oorgenoeg bevestiging in die Nuwe Testament dat die leringe van die apostels ook gesaghebbende openbaringe van Jesus Christus aan hulle was. Kyk byvoorbeeld na die volgende woorde van Petrus en Paulus:
"..die gebod van ons, apostels van die Here en Verlosser" (2 Pet.3:2) en
"Wees my navolgers, soos ek dit ook van Christus is" (1 Kor.11:1).

Hoekom is dít wat Jesus sê die waarheid?

Dit is die waarheid omdat Hy deur die Vader gestuur is en deur Hom aangesê is wat om te sê. Dít word oor en oor deur Jesus bevestig:
"Want Ek het nie uit Myself gespreek nie; maar die Vader wat My gestuur het, Hy het My 'n gebod gegee wat Ek moet sê en wat Ek moet spreek" **(Joh.12:49).**

By 'n ander geleentheid stel Hy dit so: ***"Hy wat My gestuur het, is waaragtig; en Ek, wat Ek van Hom hoor, dit spreek Ek tot die wêreld"*** **(Joh.8:26).**

Dus, as jy Jesus hoor, hoor jy wat God aan die wêreld wil sê. Dit is dan ook hoekom Jesus se woorde so gesaghebbend is. Jesus self het gesê:
"Aan My is gegee <u>alle mag</u> in die hemel en op aarde " **(Matt.28:18**, my beklemtoning).

Jesus se gesag oortref die gesag van die belangrikste profeet of persoon wat nog ooit op die aarde geleef het! In die derde hoofstuk van Hebreërs lees ons dat selfs Moses, een van die grootste profete ooit, aan Jesus ondergeskik is. Jesus is die gesaghebbendste persoon in die heelal! Betreffende alle dinge spreek Hy die laaste woord, want dit is God die Vader wat deur sy Seun praat!
Dit is teen hierdie agtergrond wat die implikasies van ŋ opskrif bo-aan ŋ e-pos wat ŋ HRTI leraar aan my gestuur het so ernstig maak. Die opskrif lui: **"You either accept the Torah and Yeshua, or you reject Yeshau and the Torah."** Dit beteken eintlik nie dat die Torah en Jesus se lering gelyk is nie, dit impliseer dat Jesus se lering gereduseer word om by die Torah aan te pas, en dit beteken dat wat deur Moses gesê is belangriker is as wat Jesus geleer het. En dit weerspreek wat in Hebreërs geopenbaar word:

"Nadat God baiekeer en op baie maniere in die ou tyd gespreek het tot die vaders deur die profete, <u>het Hy in hierdie laaste dae tot ons gespreek deur die Seun</u>" **(Heb.1:1,2,** my beklemtoning***).***

Profeties is daar al so in die Ou Testament oor Hom geskryf:
" 'n Profeet uit jou midde,...soos Ek is, sal die Here jou God vir jou verwek; na Hom moet julle luister..." (Deut.18:15).

Alles wat dus vandag gebeur, of dit nou in die kerk of in die wêreld is, kan in die lig van Sy woorde geëvalueer word.

Die voorwaarde om waarheid te ken

"As julle in My woord bly, is julle waarlik my dissipels. En julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vrymaak" **(Joh.8:31-32).**

Dit is interessant om daarop te let dat Jesus nie sê dat as daar aan Moses of die Tien Gebooie of aan Calvyn of Luther, of aan enige ander moderne profeet, of aan enige kerk se belydenisskrifte, getrou gebly word, 'n mens die waarheid sal ken nie – nee, Hy sê dat as daar aan Sy woorde getrou gebly word, sal 'n mens die waarheid ken! Die voorwaarde vir die herkenning van waarheid is om te glo wat Jésus gesê en verkondig het! Aangaande Sy leringe kan 'n mens ook nie selektief wees in terme van wat jy wil glo en doen nie. Hieroor was Hy baie duidelik – jy moet aan alles gehoorsaam wees! Sy opdrag aan sy dissipels was baie duidelik. Hulle moes mense leer om **alles** te gehoorsaam wat Hy aan hulle geleer het **(Matt.28:18-19).**

Jesus se leringe en bevele is nie goeie voorstelle nie; dit is bevele wat uitgeleef moet word! Diegene wat ongehoorsaam was aan Sy woorde het Hy so aangespreek:
"En wat noem julle My: Here, Here! En doen nie wat Ek sê nie?" **(Luk. 6:46).**

Ketting van Gesag

Sommige liberale Christene noem ander gelowiges wat die Bybel letterlik opneem, neerhalend "fundamentaliste." Hulle glo dat sommige dinge in die Bybel simbolies opgeneem moet word, omdat dit net goeie stories en legendes is. As hulle egter eerlik met hulleself wil wees, sal hulle erken dat hulle met 'n groot probleem sit. Alhoewel hulle sê hulle glo in Jesus Christus en dat Hy Hoof van die kerk is, verwerp hulle baie skrifgedeeltes waaruit Hy dikwels aangehaal het! So byvoorbeeld word gedeeltes van die Bybel waarin die verhaal van Noag en die vloed voorkom, deur sommige van hulle as verdigsels afgemaak. Dít terwyl Jesus na Noag en die vloed as 'n historiese werklikheid verwys. So byvoorbeeld, verklaar die nuwe *Renovaré* Bybel in sy verklarende aantekeninge dat die eerste elf hoofstukke van Genesis uit fabels en mites bestaan en glad nie histories of wetenskaplik is nie. Die redaksie van hierdie "bybel" bestaan uit Richard Foster, Dallas Willard en Eugene Peterson. Om te wys hoe ernstig Eugene Peterson God se Woord opneem, haal ek hom aan:

"The importance of poetry and novels is that life involves the use of the imagination, after all, we are dealing with the invisible, making connections...Why do people spend so much time studying the Bible?...(Christians) should be studying it less, not more...I'm just not at all pleased with all the emphasis on Bible study...("A Conversation with Eugene Peterson", Mars Hill Review, 1995, uitgawe No.3, bl. 73-90).

Richard Foster, een van die ander redakteure, haal Thomas Merton, 'n Rooms- Katolieke monnik, 9 keer in sy boek *Celebration of Discipline* aan. Om die leringe van Thomas Merton en die leringe van Jesus Christus bymekaar te probeer gooi, is 'n totale teenstrydigheid. Hy en ander soos Henri Nouwen, beïnvloed deur die Boeddhiste met wie hulle noue kontak gehad het, verkondig die Oosterse konsep dat die godheid in almal en in alles is.

Die derde redakteur van die *Renovaré Spiritual Formation Bible*, Dallas Willard, het die volgende te sê gehad toe hy oor saligheid uitgevra is: *"It is possible for someone who does not know Jesus to be saved" ("A Convesation with Dallas Willard",* Cutting Edge, Winter 2001, Vol.5, No.1).

Van die eerste elf boeke van die Bybel gepraat, Jesus verwys na die omstandighede in die tyd van Noag en vergelyk dit met hoe dit in die laaste dae sal gaan **(Luk.17:26).** So is daar

omtrent nie ’n karakter in die Ou Testament waarna Jesus of die Nuwe Testamentiese skrywers nie verwys as letterlike, historiese figure nie. Die implikasie vir die persoon wat hom of haarself ’n Christen noem en dele van die Skrif waaruit Jesus aanhaal, verwerp, is dat Sy integriteit aangetas en bevraagteken word! Sy getuienis oor wat in die Skrif geskrywe staan, word nie deur hulle aanvaar nie. Hier word ek herinner aan wat A.W.Tozer in verband met hierdie saak geskryf het:

“Jesus has today almost no authority at all among the groups that call themselves by His name. The present position of Christ in gospel churches may be likened to that of a king in a limited, constitutional monarchy. The king is in such a country no more than a traditional rallying point, a pleasant symbol of unity and loyalty, much like a flag or a national anthem. He is lauded, feted and supported, but his real authority is small. Nominally he is head over all, but in every crisis someone else makes the decisions.”

The Waning Authority of Christ in the Churches - A.W. Tozer

Die belangrikheid van gehoorsaamheid aan Jesus se woorde

“As julle aan My woorde getrou bly, is julle waarlik My dissipels; en julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vry maak” **(Joh.8:31-32).**

Ons lees in **Joh.8:32-33** dat ’n groep Jode verontwaardig was omdat Jesus aan hulle gesê het dat hulle vry gemaak moes word. Volgens hulle, as nageslag van Abraham, was hulle nog nooit iemand se slawe nie. Van wat moes hulle bevry word? Jesus moes toe aan hulle verduidelik:

“Elkeen wat sonde doen, is ’n slaaf van die sonde” **(Joh.8:34)**.

Hoekom, as die konteks van die bespreking sy leringe is, bring Jesus nou die onderwerp van sonde na vore? Omdat ons gewoonlik ń beperkte begrip van sonde het, verstaan ons nie altyd wat die Skrif daarmee bedoel nie. As ons aan sonde dink, dink ons gewoonlik net aan die meer growwe dinge soos dronkenskap, roof, moord en doodslag. As ons egter kyk na die oorspronklike betekenis van die woord wat Jesus hier vir sonde gebruik, verstaan ons meer van wat Hy hier vir die Jode sê. Zodhiates verduidelik die betekenis van *hamartano,* die Griekse woord wat hier vir sonde gebruik word, so:

“Aberration from the truth, error, **(Joh.8:46)** ***where it stands as the opposite of aletheia, truth”*** (Onjuistheid, afwyking of verdraaiing van die waarheid (The Complete Word Study Dictionary of the New Testament).

Omdat die konteks van die bespreking in **Joh.8:31-34** oor gehoorsaamheid aan die waarheid van Jesus se leringe gaan, lei ons dus af dat alles wat nie daarmee ooreenstem nie, volgens Jesus, afdwaling van die waarheid en dus “sonde” is.

Hierdie begrip van sonde word bevestig deur die betekenis wat ’n ander konkordansie aan die woord verleen. In die **Strong’s Concordance** word die betekenis van *hamartano* so weergegee:

“...to miss the mark and so not share in the prize.”

Omdat daar oor die algemeen so min klem gelê word op die gesaghebbendheid van Jesus se leringe in die bepaling van lering en praktyk in die kerk, sit ons vandag in baie godsdienskringe met ernstige dwalinge (“aberrations”). Omdat Jesus Hoof van sy kerk is, behoort sy leringe te bepaal wat geglo en gedoen moet word. Waar Sy wil, soos geopenbaar

in die Nuwe Testament, verdraai of nie toegepas word nie, word sy doel gemis, en dít is sonde.

Die Bediening van die Heilige Gees

Een van die Heilige Gees se belangrikste bedieninge is om gelowiges aan die leringe van Jesus te herinner en hulle in Nuwe Testamentiese waarheid te lei. Vordering in Nuwe Testamentiese waarheid is een van die sekerste tekens van gehoorsaamheid aan die leiding van die inwonende Heilige Gees:
***"Wanneer Hy gekom het, die Gees van waarheid, sal Hy julle in die hele waarheid lei"* (Joh.16:13).**

***"...die Heilige Gees, wat die Vader in My Naam sal stuur, Hy sal julle alles leer en sal julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het"* (Joh.14:26).**

Ongelukkig, as gevolg van die oorbeklemtoning van sensuele ervarings in die moderne kerk, soos byvoorbeeld die ervaring van rituele, ikone, omvallery, labirinte, gebedswandelgange en die praat in tale, en nog baie ander wat bygevoeg kan word, wat op hul eie geneem nie noodwendig verkeerd is nie, word die aandag afgetrek van een van die Heilige Gees se hoof bedieninge wat is om gelowiges in waarheid te lei.

Nuwe Testamentiese leringe is nie mooi voorstelle nie; dit is gesaghebbende uitsprake wat die wil van die Vader vir Sy kinders uitdruk! Dit is wat Hy wil hê wat geglo en gedoen moet word. Jesus maak dit baie duidelik as Hy sê:
"Hy wat My nie liefhet nie, bewaar my woorde nie..."* (Joh.14:24)** en "Julle is my vriende as julle alles doen wat Ek julle beveel het*" (Joh.15:14).**

Slotsom

Wil ons weet hoe die kerk van Jesus moet lyk? Lees die Nuwe Testament. Wil ons weet wat om te glo? Lees die Nuwe Testament. Moet ons tiendes betaal? Waar word dit in die Nuwe Testament beveel? Hoe moet ons doop? Lees die Nuwe Testament. Die meeste geskille tussen mense oor wat hulle glo, is gewoonlik nie soseer 'n teologiese geskil nie, dit is gewoonlik 'n gesagsprobleem – wat die Skrif oor die saak te sê het, dra by iemand nie veel gewig nie. Dikwels het die persoon se tradisies, oorleweringe en eie opinie, meer invloed as wat die Woord oor die saak te sê het. Gelowiges moet besef dat die Nuwe Testament geskryf is om leiding aan die kerk te gee in terme van geloofsake. As u wil weet of dit wat in die kerk verkondig word die waarheid is, vra uself maar net af of dit in die leringe van Jesus en die apostels voorkom? Dit sal ons loon om Paulus se raad ernstig op te neem om ***"nie te dink bo wat geskrywe is nie"* (1 Kor.4:6).**

HOOFSTUK 8. DIE VERVULLING VAN DIE WET

Matt.5:17-18 is die gedeelte in die Bybel wat die meeste deur Messiaanse Christene aangehaal word om Ou Testamentiese wetsonderhouding te regverdig:

"Moenie dink dat Ek gekom het om die wet of die profete te ontbind nie. Ek het nie gekom om te ontbind nie, maar om te vervul. Want voorwaar Ek sê vir julle , voordat die hemel en

aarde verbygaan, sal nie een jota of een titteltjie van die wet ooit verbygaan totdat alles vervul is nie."

As **Matt. 5:17-19** in isolasie geneem word, dan het dié wat sê dat die Mosaïese wette onderhou moet word, beslis 'n saak, want enigeen wat logies kan dink sal mos vir jou sê dat omdat die hemel en aarde nog nie verbygegaan het nie, die Wet nog van toepassing moet wees! Maar om tot so 'n slotsom te kom, moet 'n groot klomp inligting wat in die Skrif geopenbaar word, buite rekening gelaat word. So dink ons byvoorbeeld aan die Kruisiging, die Opstanding, die Hemelvaart, die uitstorting van die Heilige Gees en die geïnspireerde geskrifte van die apostels aan die kerk wat ten tye van Jesus se woorde in **Matt.5** nog nie bestaan het nie. As die woorde ***"totdat alles vervul is"*** nie verstaan en ook nie in aanmerking geneem word nie, sal 'n mens tot die slotsom moét kom dat die wet van Moses vandag nog nagekom moet word. Hoekom is die woordjie ***"totdat"*** so belangrik? Dit is so belangrik omdat dit verwys na wat ten tyde van Jesus se woorde in **Matt.5:17-19**, **nog moes gebeur**.

Dit wat Jesus voor Sy kruisiging aan Sy dissipels gesê het, dra baie daartoe by om die betekenis van Sy woorde in Matt.5:17-19 te verstaan en in perspektief te stel:

"Nog baie dinge het Ek om aan julle te sê, maar julle kan dit nou nie dra nie. Maar wanneer Hy gekom het, die Gees van die Waarheid, sal Hy julle in die hele waarheid lei; want Hy sal nie uit Homself spreek nie, maar alles wat Hy hoor, sal Hy spreek en die toekomstige dinge aan julle verkondig. Hy sal My verheerlik, omdat Hy sal neem wat aan My behoort, en aan julle sal verkondig" **(Joh.16:12-14,** my beklemtoning**).**

Om alles te verstaan wat Jesus op daardie stadium van sy lewe voor die kruisiging aan hulle wou sê, sou die dissipels moes wag vir die koms van die Heilige Gees.

Daar word geredeneer dat omdat die hemel en aarde nog nie verbygegaan het nie, die wet dus nog letterlik in plek moet wees en gehoorsaam moet word. Weereens, om Jesus se woorde te verstaan, moet sekere sleutelwoorde in **Matt.5:17-18** in ag geneem word. Die woorde ***"totdat alles gebeur het "*** verduidelik alles. Wat was die ***"alles"*** wat eers moes gebeur voordat die wet kon verbygaan? Die belangrikste gedeelte van die ***"alles"*** wat moes gebeur, was natuurlik die kruisiging, die dood en die opstanding van die Here Jesus. Onder die **"alles"** wat ook eers moes gebeur, was die vervulling van baie Ou Testamentiese profesieë wat betrekking het op die koms van die Messias. Onder hulle verwys ongeveer 44 direk na Sy Messiasskap. Volgens wat Jesus aan die Emmausgangers gesê het, verstaan ons ook nou beter waaroor die hele Ou Testament gaan; dit gaan in skadubeeldvorm profeties oor Jesus Christus:
"En Hy het begin van Moses en al die profete af en vir hulle uitgelê in al die Skrifte die dinge wat op Hom betrekking het" **(Luk.24:27).**

Alles wat in die Wet en die Profete oor Hom geskrywe is, al die skadubeelde en tipes, sou bly staan totdat hulle met die kruisiging, die dood en die opstanding van Jesus Christus vervul sou word. Wat was die hoof tema van die wet en die profete? – Christus Jesus! Jesus was die realiteit waaroor al die skadubeelde en tipes van die Ou Testament gegaan het. Hy het deur Sy volmaakte gehoorsaamheid die vereistes van die Wet vervul om sodoende dié wat daaronder was, los te koop.

Die woorde wat in **Matt.5:17-19** gebruik word, sê nie dat Jesus gekom het om die wet te handhaaf of te bekragtig sodat dit onderhou moet word nie; daar staan dat Hy gekom het om dit te "vervul" ***(pleróo – "to fill out, complete, make perfect, accomplish an end" –***The Complete Word Study Dictionary -- Zodhiates). Elke jota en titteltjie sou in plek bly ***"totdat"*** alles op die kruis vervul is. Dáár het Jesus met Sy sterwe uitgeroep: ***"Dit is volbring"*** **(Joh.19:30).** Wat is volbring? – die doel waarvoor Hy aarde toe gekom het! Hy het die volmaakte soenoffer vir die sondes van die wêreld geword. Hy het ook betekenis kom gee aan die skadubeelde en tipes wat in die Ou Testament na Hom wys. Hierdie tyd waarin Jesus gekom het om die ou bedeling te vervul, word in Galasiërs die ***"volheid van die tyd"*** genoem:
***"Maar toe die volheid van die tyd gekom het, het God Sy Seun gestuur, gebore uit 'n vrou, gebore onder die wet, om die wat onder die wet was, los te koop, sodat ons die aanneming tot kinders kan ontvang" (*Gal.4:4).**

Op 'n ander plek stel die Woord dit ook baie duidelik:
***"…die wet en profete was tot op Johannes…"* (Luk.16:16)**, met ander woorde, tot en met die prediking van Johannes die Doper is Ou Testamentiese beginsels verkondig. Ná die onthoofding van Johannes lees ons nie weer van 'n Ou Testamentiese profeet nie. **Heb.1:1-2** bevestig en verduidelik hierdie feit:
"Nadat God baiekeer en op baie maniere in die ou tyd gespreek het tot die vaders deur die profete, het Hy in hierdie laaste dae tot ons gespreek deur die Seun" (My beklemtoning).

Het die onthoofding van Johannes die Doper miskien simboliese betekenis in die sin dat dit die dood van die Ou Testamentiese era simboliseer? – die laaste Ou Testamentiese profeet se kop word afgekap!

HOOFSTUK 9. HOE HET JESUS DIE WET VERVUL?

Jesus het die wet deur Sy leringe, Sy dood, deur Sy opstanding en deur die uitstorting van die Heilige Gees, vervul. Deur te kyk na wat Jesus geleer en verkondig het, word dit heel duidelik wat Hy bedoel het toe Hy gesê het dat Hy gekom het om die Ou Testamentiese Wet te vervul. In die Bergpredikasie opgeteken in **Matt.5,6** en **7** verwys Hy keer op keer na wat die wet van die ou tyd beveel en dan kontrasteer Hy dit met wat Hy oor die saak te sê het. Ons sien hoe Hy elke keer die morele vereistes van die Ou Testamentiese wet met die veel hoër standaard van Sy leringe vervang. So is Jesus byvoorbeeld nie tevrede met die standaard van die gebod wat in Ex.20 opgeteken staan nie:

***"Julle het gehoor dat aan die mense van die ou tyd gesê is: Jy mag nie egbreek nie. Maar Ek sê vir julle dat elkeen wat na 'n vrou kyk om haar te begeer, reeds in sy hart met haar egbreek gepleeg het"* (Matt.5:27-28,** my beklemtoning**).**

Jesus veroordeel nie net die daad nie, maar die gesindheid, lank voor die handeling nog plaasgevind het. In die Ou Testament moes daar eers getuienis teen egbrekers ingebring word voordat hulle gestenig kon word. Iemand kon van egbreek verdink word, maar voordat daar nie bewyse ingebring is nie, kon die persoon nie veroordeel word nie. Hierdie situasie kon lei tot 'n tipe moraliteit wat jy vandag toe onder mense kry; doen net wat jy wil, maar moet net nie uitgevang word nie! Die berou wat sommige oortreders toon oor wat hulle

gedoen het, is om hierdie rede soms verdag. Hoe lank sou hulle nog met hulle verkeerde optrede aangegaan het as hulle nie uitgevang is nie?

Vergelyk ook wat Jesus met die sesde gebod doen:

"Julle het gehoor dat aan die mense van die ou tyd gesê is: Jy mag nie doodslaan nie*...(Ex.20:13).** ***Maar Ek sê vir julle dat elkeen wat vir sy broeder sonder rede kwaad is, verantwoording moet doen voor die gereg; en elkeen wat vir sy broeder sê Raka! moet verantwoording doen voor die Groot Raad; en elkeen wat sê Jou dwaas! moet verantwoording doen in die helse vuur" **(Matt.5:21-22).**

Die Tien Gebooie veroordeel die uiterlike daad, maar Jesus stel ŉ veel hoër vereiste. Hy veroordeel die gesindheid, of die daad nou plaasgevind het of nie. Die meeste van ons het nog nooit iemand fisies vermoor nie, maar volgens wat Jesus hier sê is baie mense al deur ons tonge "vermoor."
Soos in die tabel hieronder gesien kan word, word die morele standaard van die wet nie deur Jesus weerspreek of tot niet gemaak nie, maar word elke gebod met ŉ hoër vereiste vervang. Omdat Jesus nie tevrede is met gehoorsaamheid aan net 'n uiterlik stel wette nie, maar 'n sekere hartsgesindheid vereis, is geestelike wedergeboorte nodig sodat die krag van die inwonende Heilige Gees ŉ mens in staat kan stel om uit te leef wat Hy verwag **(Gal.5:16).**

10. DIE LERINGE VAN JESUS EN DIE VERVULLING VAN DIE WET

"Elkeen dan wat na hierdie woorde van My luister en dit doen, hom sal ek vergelyk met 'n verstandige man wat sy huis op die rots bou" **(Matt.7:24).**

Waarna verwys Jesus as Hy praat van sy **"woorde"**wat gehoorsaam moet word? Verwys ***"hierdie woorde"*** na die woorde van die Torah, die woorde van Moses, of na die woorde van enige ander profeet? Die konteks wys duidelik dat dit na sy eie woorde wat in **Mattheüs 5,6 en 7** opgeteken is, verwys. ***"Hierdie woorde"*** staan in die algemeen as die "Bergpredikasie" bekend. Jesus se woorde is nie net mooi voorstelle nie, maar gesaghebbende uitsprake wat in die Nuwe Testament sy gebooie genoem word **(Joh.13:34, 1 Joh.1:3, Luk.6:46).** Hierdie bevele druk die hoë standaard uit wat Jesus van Sy dissipels verwag. Sommige van die bevele is nie bedoel om letterlik opgeneem te word nie, maar moet geestelik toegepas word. So byvoorbeeld, volgens die skrywer Eusebius, het die vroeë kerkvader, Origen, omdat hy Jesus se woorde in **Matt.5:29** letterlik opgeneem het, homself laat ontman! (**Matt.5:29,** ***"As jou regteroog jou dan laat struikel, ruk dit uit en gooi dit weg...En as jou regterhand jou laat struikel, kap dit af...want dit is beter vir jou dat een van jou lede vergaan en nie jou hele liggaam in die hel gewerp word nie").***
Ons weet dat fisiese mismaaktheid nie sonde verhoed nie! Dit kom uit die hart. **(Mark. 7:23).** Verder sien ons dat Jesus sommige vereistes wat deur die Wet gestel word, soos byvoorbeeld besnydenis, heilige dae, feeste en die betaal van tiendes, ignoreer, terwyl Hy ander dinge wat onder die wet toegelaat is, soos byvoorbeeld maklike egskeiding en die neem van 'n eed, verbied. Daar is weer ander dinge wat glad nie deur die Wet genoem word nie, soos byvoorbeeld om jou vyande lief te hê en vir hulle te bid, wat deur Jesus beveel word. As jy na al die gedeeltes in die Ou Testament kyk waar God die uitwissing van die vyande van Israel beveel het, dan kan jy die afleiding maak dat God wou hê dat hulle hul

vyande moes haat! Dit lyk ook of Jesus ander dinge van die Wet, soos byvoorbeeld Moses se voedselwette, heeltemal weerspreek:
" 'Begryp julle nie dat niks wat van buite af in ŉ mens ingaan, hom onrein kan maak nie, omdat dit nie in sy hart ingaan nie maar in sy maag, en daarna uit sy liggaam uitgaan?" Daarmee het Hy alle kos rein verklaar" (Markus 7:18-23, NAV).

'n Torah-aanhanger het eendag gesaghebbend aan my gesê: *"Jy kry al tien die gebooie van die Torah in Jesus se leringe.""Ja,"* het ek aan hom gesê, "*Maar jy kry nie al Jesus se leringe in die Torah nie!"*

Om te illustreer hoe min gesag Jesus se woorde in sekere kringe het, haal ek aan uit 'n advertensie wat 'n Rabbiskool op ŉ webblad van HRTI adverteer:

"***That is why we at HRTI have set the criteria so high that only the very best of the best will earn the title Messianic Rabbi! <u>When this title has been conferred to you, you will earn the respect of Believers</u> and not claim the title such as Pastor, Bishop, Apostle, etc. which the Christian Believers so easily bestow to themselves.***
If you think you have what it takes to be awarded the Messianic Rabbi Ordination, please proceed to read the "HRTI's Constitution to Formally Ordain Messianic Rabbi's" (My beklemtoning).
(www.hrti.co.za).

In teenstelling met wat hier geadverteer word, leer Jesus Christus die volgende:

"En hulle doen die werke om deur mense gesien te word en hulle maak hulle gedenkseëls breed en die some van hul klere groot...en hulle hou van die voorste plekke by die maaltye en die voorste banke in sinagoges en die begroetinge...om deur mense genoem te word: Rabbi, Rabbi! <u>Maar julle, laat julle nie Rabbi noem nie</u>, want een is julle leermeester: Christus, en julle is almal broeders..." **(Matt.23:5-11,** my beklemtoning**).**

Deur na die leringe van Jesus te kyk en dit met die Ou Testamentiese Wet te vergelyk, sien ons dat daar in die Woord van God duidelik twee stelle wette is. Daar moenie nou verkeerdelik afgelei word dat omdat daar gesê word dat daar twee stelle wette in die Bybel is, dat hulle mekaar in terme van moraliteit weerspreek nie. Die verskil tussen die Ou en Nuwe Testament kan vergelyk word met 'n nuwe kontrak wat tussen 'n werkgewer en werknemer opgestel word omdat hulle nie meer tevrede is met die bepalings van die oue nie. Hulle kom ooreenkom om in die nuwe kontrak ŉ stel beter voorwaardes te inkorporeer. As die betrokke partye dit aanvaar en teken, verval die oue. So werk dit ook met testamente. Die nuwe getekende dokument vervang die oue en die bepalings van die vorige is nie meer van krag nie. Dit beteken egter nie noodwendig dat al die beginsels en voorwaardes van die oue verval het nie; die nuwe kan op die beginsels van die oue voortbou en verbeter en meer omvattende bepalings daar stel. So het dit ook met die ou Verbond gebeur. Omdat God nie tevrede was met die stel bepalings wat daarin vervat is nie, het Hy sy Seun gestuur om 'n beter bedeling te kom inisieer **(Heb.7:22 – "…in sover het Jesus van 'n beter verbond borg geword").**

Die wet van die Ou Testament kan vergelyk word met ‘n pap ballon. Die leringe van Jesus kom en blaas hierdie pap ballon op en gee dit meer lyf. Dit is nog dieselfde ballon, maar lyk nou heeltemal anders.

DIE VERVULLING VAN DIE WET

Die volgende tabel illustreer die vergelyking van hoe die pap ballon deur die leringe van Jesus opgeblaas word. Soos in die tabel gesien kan word, weerspreek Nuwe Testamentiese openbaring nie een van die morele beginsels van die oue nie. Inteendeel, in plaas daarvan dat die ou wet afgeskaf word, kry dit op ‘n veel hoër vlak nuwe geestelike en morele betekenis.

Die Tien Gebooie	**Die Nuwe Testament**
1. Geen ander gode (Ex. 20:3).	**1**. Ek is die Weg... **(Joh. 14:6).** “Die saligheid is in niemand anders nie, want daar is ook geen ander naam...waardeur ons gered moet word nie **(Hand. 4:12**
2. Geen gesnede beeld (Ex. 20:4.	**2. Rom. 1:22-25.** Die beeld van God mag nie verander word na die gelykenis van iets in die natuur nie.
3. Die Naam van God mag nie ydellik gebruik word nie.	**3**. Nie net ydellike gebruik van God se Naam nie, maar moet ook van elke ydele woord rekenskap gee **(Matt. 12:36.**
4. Sabbat – Heilig en rus een dag uit sewe.	**4.** Sabbat, tipe of skadubeeld van lewe van rus in Jesus Christus **(Heb. 4:10, Joh.6:28-29).**
5. Eer ouers (Ex. 20:13).	**5**. **(Ef. 6:1-4)** Nie net moet kinders hulle ouers eer nie, maar ouers word ook aange-spreek om nie hulle kinders te terg nie, maar in die Here op te voed.
6. Mag nie doodslaan nie (Ex. 20.13)	**6.** Sal verantwoording moet doen vir elke beledigende en kwaadwillige gesindheid **(Matt. 5:22).**
7. Mag nie egbreek nie (Ex. 20:15).	**7**. Deur net met begeerte te kyk, word reeds oortree **(Matt. 5:22)**
8. Jy mag nie steel nie (Ex. 20:15).	**8.** Moet nie net ophou steel nie, maar moet ook produktief wees om te kan deel **(Ef.4:28).**
9. Mag nie vals sweer nie (Ex. 20:16).	**9.** Mag nie sweer nie. Jou ja moet ja wees **(Matt. 5:33-37)**

10. Mag nie begeer nie (Ex. 20:17).	**10.** Gedrag moet vry wees van gierigheid **(Heb. 13:5, 1 Tim. 6:6-10).**

Verlos van die vloek van die Wet

Gal.3:13 – ***"Christus het ons losgekoop van die vloek van die wet deur vir ons 'n vloek te word…"***
Heb.9:15 – ***"En daarom is Hy 'n middelaar van 'n nuwe testament."***
Rom.7:6 – ***"Maar nou is ons ontslae van die wet waardeur ons gebonde was…"***

Sommige ondersteuners van Ou Testamentiese wetsonderhouding is van mening dat alhoewel Christus ons van die vloek van die wet losgekoop het, dit nie beteken dat ons nie meer die wet hoef te onderhou nie. Om tot so 'n gevolgtrekking te kom, moet 'n groot klomp Nuwe Testamentiese inligting geïgnoreer word. So byvoorbeeld verduidelik Paulus die twee verbonde mooi na aanleiding van Abraham se verhouding met Sara en Hagar:

"Dit is sinnebeelde, want dié vroue staan vir twee verbonde...Werp die slavin en haar seun uit, want nooit mag die seun van die slavin saam met die die seun van die vrye erwe nie. Daarom, broeders, ons is nie kinders van die slavin nie, maar van die vrye. Staan dan vas in die vryheid waarmee Christus ons vrygemaak het, en laat julle nie weer onder die juk van diensbaarheid bring nie" **(Gal.4:24-31, Gal.5:1).**

Sommige wetsvoorstanders is baie subtiel in die manier hoe hulle redeneer. Hulle sal nie direk vir jou sê dat jy die Torah (Ou Testamentiese wette) moet onderhou om gered te word nie, maar, sal hulle redeneer, as jy gered is, móét jy die wette onderhou. Party gaan so ver om te sê dat onderhouding van die wet ń teken is dat jy gered ís!

'n Opskrif bo-aan 'n e-pos wat ek van die HRTI ontvang het, som in 'n neutedop op wat hulle glo:
"Either you accept Torah and Y'shua (Jesus) or you reject both the Torah and Y'shua, listen to Y'shua's own instruction: "For if you believed Moses, you would believe Me, because he wrote about Me. But if you don't believe his writings (the Torah), how will you believe My words?" **John 5:46-47.***"* (My beklemtoning).

Bogenoemde stelling is nie net misleidend nie, maar ook heeltemal onwaar! Waar in die Bybel staan dit geskrywe dat as jy nie die Torah aanvaar nie, jy nie vir Jesus aanvaar nie? Deur hulle foutiewe interpretasie van Jesus se woorde in **Joh.5:46-47**, soos weerspieël in hul e-pos hier bo, kom hulle tot die gevolgtrekking dat hulle Jesus en die Torah aan mekaar kan gelyk stel. Dit maak nie saak hoe hulle redeneer nie, as hulle ernstig is in wat hulle met hulle stelling bedoel, is die volle implikasie dat hulle 'n ander evangelie as dié van Jesus en die apostels verkondig, en die vraag wat gevra moet word, is of so 'n evangelie jou kan red! Hulle sê dan dat jou saligheid afhang van onderhouding van die Torah! Hierdie stelling is 'n bewys van hoe Mosaïese verbondswette die fokus van die Terug-na-die-Joodse-Wortels-beweging se geloofstelsel geword het. Jesus Christus se woorde word verkeerdelik gebruik om Ou Testamentiese wetsonderhouding te regverdig. **In plaas daarvan dat die Wet mense**

na Christus toe moet lei, word Hý nou gebruik om mense na die Wet te lei! Kan u sien hoe agterstevoor dit is!

Sommige neem die dwaling nog ‘n stap verder deur te sê dat Jesus die “Lewende Torah” is. Die aanhaling op hulle advertensiemateriaal wat ek hierbo aanhaal, stel dieselfde feit net in ander woorde. Deur te sê dat Jesus die Torah is, dink hulle dat hulle daardeur verhoed dat van die Torah ‘n afgod gemaak word. Hierdie tipe denke misbruik die Wet en gebruik dit waarvoor dit nooit bedoel is nie!

Joodse Wortels?

Van hulle leraars beweer dat die enigste manier wat die Nuwe Testament verstaan kan word, is om na sy Joodse wortels in die Ou Testament terug te keer. Min dink daaraan dat net mooi die teenoorgestelde waar is – om die Ou Testament te kan verstaan, moet jy eers weet wat in die Nuwe Testament geopenbaar word!

So byvoorbeeld, deur na die Hebreeuse konsep van geloof te verwys, probeer een van die leraars van die Hebreeuse Wortels-beweging, Jim Staley, in sy kommentaar op die boek Romeine, verduidelik dat die woord geloof letterlik beteken om die Torah te onderhou. Hy verklaar dat hierdie openbaring *“foundational”* is tot sy verduideliking van die Evangelie (Jim Staley podcast, Romans, Part 1).

Oorweeg die volgende feite

1. Die mense was verslae oor Sy leer

As Jesus die Torah verkondig het, waarom was die mense ***“verslae oor Sy leer?”*** **(Matt.7:28-29).** Hulle sou mos nie verbaas gewees het oor dinge van die Torah wat gereeld deur die rabbi’s aan hulle verkondig is nie! Die Torah gebaseerde Joodse godsdienssisteem was in daardie tyd so algemeen dat selfs buitestanders dit goed moes geken het. Om hulle verslaentheid te veroorsaak, moes Jesus dus iets radikaal anders verkondig het as waaraan hulle gewoond was.

So het dit wat Paulus verkondig ook opslae onder die Jode gemaak. As Paulus die Torah en Y’shua op dieselfde vlak erkenning gegee het soos die HRTI opskrif dit doen *(“… you accept Torah and Y’shua (Jesus) or you reject both the Torah and Y’shua”),* hoekom is hy daarvan beskuldig dat hy ***“ ‘n verwekker van oproer onder al die Jode in die wêreld…”*** was **(Hand.24:5)?** Was dit nie oor sy radikale standpunt ten opsigte van die Wet wat hy met ***“swakke en armoedige eerste beginsels”*** vergelyk nie? **(Gal.4:9).**

2. Het die apostels die heidense gelowiges geleer om hulle aan die Torah te onderwerp?

Waarom, toe gelowiges uit die party van die Fariseërs aandring dat bekeerde heidene die Wet van Moses moet onderhou **(Hand.15:5),** het die apostels, wat tog almal Jode was, besluit dat net vier dinge gehoorsaam moes word: hulle moes hulle weerhou van dinge wat deur afgode besoedel is, van hoerery, van wat verwurg is en van bloed **(Hand.15:20).** As byvoorbeeld die Sabbat nog onderhou moes word, sou dit mos baie onverantwoordelik van die apostels gewees het om niks daaroor te sê nie. In die sendbriewe aan Christen gemeentes lees ons hoe aan hulle leiding gegee word aangaande alle aspekte van hul geloofslewe, soos byvoorbeeld hoe mans en vroue mekaar moet behandel **(Ef.5),** wat ouers en kinders se gesindheid teenoor mekaar moet wees **(Ef.6),** hoe Christen gelowiges

materiële besittings moet hanteer **(2 Kor.8 en 9),** wat gedoen moet word as iemand siek is **(Jak.5:14-16),** hoe een wat geestelik terugval, weer reggehelp moet word **(Gal.6:1),** hoe gelowiges mekaar se laste moet dra **(Gal.6:2)** en hoe 'n onberouvolle gelowige wat in ernstige seksuele sonde vasgevang is, aan Satan oorhandig moet word **(1Kor.5:1-5).** Meer voorbeelde kan opgenoem word, maar weereens, van Sabbatsonderhouding en tiendes wat belangrike onderafdelings van die Wet was, word nie 'n enkele woord gesê nie!

In **Hand.2:42** lees ons dat die eerste bekeerlinge volhard het in die leer van die apostels. Wat anders kon dié leer gewees het as dit wat hulle later in die vorm van briewe aan jong Christengemeentes gestuur het? Van hulle het vir ons in bewaring gebly in die vorm van ons Nuwe Testament. Nêrens in een van hierdie sendbriewe lees ons dat Christengelowiges geleer word om die Wet van Moses te onderhou nie.

3.Wat het die Vader deur die Seun gesê?

Omdat Jesus herhaalde kere gesê het dat Hy net spreek wat Hy van sy Vader hoor, kom sommige tot die gevolgtekking dat Hy dus onderhouding van die Torah moes verkondig het. Ek wys net daarop dat wat bevraagteken word, nie die feit is dat Hy van Sy Vader gehoor het nie; wat bevraagteken word is wát Hy van Sy Vader gehoor het. Kontekstuele studie van wat in die Nuwe Testament geskrywe staan lewer oorgenoeg getuienis dat die Vader nie Sy Seun beveel het om Torahonderhouding as 'n godsdienssisteem te verkondig nie, maar om dissipels te maak deur sy eie leringe **(Matt.28:18-19).**

4. Probeer sommige die Torah om verkeerde redes hou?

Baie dink dat God hulle sal seën as hulle die wet onderhou. Om watter ander rede sou hulle dit wou doen? Diegene wat so dink moet versigtig wees dat hulle nie deur hulle gesindheid van wetsonderhouding die teenoorgestelde bewerkstellig nie, want **"vervloek is elkeen wat nie bly in alles wat geskryf is in die boek van die wet om dit te doen nie" (Gal.3:10).** Onder die wet kan jy nie kies en keur watter van die gebooie jy wil onderhou nie! Watter beginsel van Skrifuitleg word toegepas om te verklaar dat die Sabbat byvoorbeeld onderhou moet word, maar daar word nie ook aangedring dat 'n wederstrewige seun met klippe doodgegooi word nie? **(Deut.21:18-21).** Hoeveel jong meisies sou ter dood veroordeel moes word as die Ou Testamentiese maagdelike toets voor hulle huwelike op hulle uitgevoer moes word? **(Deut.22:20-21).** Sonder die vroue wat in hierdie beweging betrokke is, hulle elke maand gedurende hulle vrouenstyd vir sewe dae af volgens die reiningswette van die Torah? Nog baie ander Ou Testamentiese wette kan opgenoem word, die een net so bindend soos die ander!

As daar op grond van **Matt.5:17-18** geredeneer word dat die Torah vandag nog bindend op Christene is, moet alles daarin gehoorsaam word, want in verband daarmee het God duidelik verklaar:
"Alles wat Ek julle beveel, dit moet julle sorgvuldig hou; jy mag daar niks byvoeg en daar niks van weglaat nie" **(Deut.12:32).**

Torahonderhouers word ook so gewaarsku:

***"Maar as jy nie luister na die stem van die Here jou God om sorgvuldig te hou al Sy gebooie en insettinge wat Ek jou vandag beveel nie, dan sal al hierdie vloeke oor jou kom en jou inhaal" (*Deut.28:15).**

Paulus stel dit baie duidelik dat as iemand een gedeelte van die wet wil onderhou, hy verplig is om die hele wet te onderhou **(Gal.5:3).** Die meeste Moderne Messiaanse Christene maak hulleself skuldig aan ń hoogs selektiewe vorm van die onderhouding van die Torah.

5. Moes die Israeliete net die Tien Gebooie onderhou?

Sommige Messiaanse Christene glo dat net die Tien Gebooie onderhou moet word omdat net hulle deur Moses op twee kliptafels geskryf is. Waar in die Bybel lees ons van so iets? In Jesus se verwysings na die geskrifte van die Ou Testament wat deur Israel gehoorsaam moet word, praat Hy van die Wet en die Profete **(Matt.22:36-40).** Hy maak nie skeiding tussen onderafdelings van die Ou Testament nie. In die konteks van die Ou Testament het God dit baie duidelik gemaak dat alles in die Wet gehoorsaam moes word. So byvoorbeeld begin die gedeelte in die Skrif wat voorskryf hoe slawe behandel moet word, so: ***"En dit is die verordeninge wat jy hulle moet voorhou..."*** **(Ex.21:1).** Staan daar iets oor die behandeling van slawe in die Tien Gebooie? Niemand het die reg om die eenheid van die Wet en die Profete te skei en te sê dat net die Tien Gebooie onderhou moet word nie.

HOOFSTUK 11. WAAROM MOES DIE WET VERVANG WORD?

Die Wet moes om die volgende redes vervang word:

1. Dit moes vervang word omdat dit nie volkome kon red nie (Heb.7:25).

"As daar dan volkomenheid deur die Levitiese priesterskap was – want met die oog daarop het die volk die wet ontvang – waarom was dit nodig dat 'n ander priester moes opstaan volgens die orde van Melgisédek en dat Hy dit nie volgens die orde van Aäron genoem word nie? Want met verandering van die priesterskap kom daar noodsaaklik ook verandering van wet…" **(Heb.7:11-12).** Deur hierdie verandering van priesterskap ***"is ons ontslae van die wet waardeur ons gebonde was"*** **(Rom.7:6).**

"Want aan die een kant is daar die opheffing van die voorafgaande gebod weens die swakheid en nuttelоosheid daarvan, omdat die wet niks volkome gemaak het nie; maar aan die ander kant is daar die invoering van 'n beter hoop waardeur ons tot God nader" **(Heb.7:18-19).**

2. Die Wet moes verander omdat die priesterskap daaraan verbonde, in Christus tot 'n einde gekom het.

"Want met verandering van die priesterskap kom daar noodsaaklik ook verandering van wet" **(Heb.7:12)**

Daar het 'n verandering van die priesterorde gekom met die totstandkoming van die Nuwe Testament. Jesus het die nuwe Hoë Priester van die nuwe bedeling geword en omdat Hy nie 'n Leviet was nie, maar uit die stam van Juda afkomstig was, moes daar dus noodwendig 'n nuwe wetsorde kom. Levitiese priesters moes gedurig vervang word omdat hulle deur die

dood verhinder is om aan te bly. Omdat Jesus gekom het as 'n ewige priester volgens die orde van Melgisédek, kon Hy 'n borg ***"van 'n beter verbond"*** word **(Heb.7:21-23).**

3. Die hoë priester van die ou verbond was nie onskuldig en heilig nie en moes gedurig eers vir sy eie sondes offers bring.

Jesus kon volkome red omdat Hy Homself as 'n heilige, onbesmette offer kon gee wat aan die regterhand van die Vader gaan sit het **(2 Kor.5:21).**

4.. Omdat die *"skuldbrief", "die wet van gebooie,"* deur Christus op die kruis *"uitgedelg"* is (Kol.2:14, Ef.2:14-15), moes daar noodwendig 'n nuwe stel wette kom, anders was ons as Christengelowiges wetteloos.

Met die verandering van priesterskap het in die plek van die ou stel wette, die gesaghebbende leringe van Jesus gekom. Hierdie stel "gebooie" kan in een sin opgesom word met: ***"Jy moet die Here jou God liefhê"…***en ***"jou naaste soos jouself"*** **(Mark.12:30-31).** Hierdie wet van liefde word in die Nuwe Testament die ***"wet van Christus"*** genoem **(1 Kor.9:21).**

HOOFSTUK 12. DIE HEILIGE GEES EN TOEKOMSTIGE OPENBARING

Soos ons reeds gesê het, die Wet, soos dit aan die Jode gegee is, kan vergelyk word met 'n pap ballon. Dit moes deur Jesus opgeblaas en uitgebrei word om dit volle betekenis te gee. Met die vervulling daarvan het dit groter en dieper trefwydte gekry. Ou Testamentiese wet is heeltemal te beperk om alles wat in die kerk, die gemeenskap en in die hart van die mens verkeerd is, aan te spreek. Daarvoor het ons die gebooie en leringe van Christus nodig. Die bediening van die Heilige Gees in die Nuwe Testamentiese kerkdispensasie bestaan dan ook juis daaruit om gelowiges te herinner aan alles wat Jesus gesê en beveel het:
"…maar die Trooster, die Heilige Gees, wat die Vader in my Naam sal stuur, Hy sal julle alles leer en sal julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het" **(Joh.14:26,** my beklemtoning**).**

Voor die kruisiging en uitstorting van die Heilige Gees was daar sekere dinge wat die dissipels nie sou kon dra en verstaan nie. Hulle sou moes wag vir die uitstorting van die Heilige Gees sodat Hy hulle in die volle waarheid kon inlei:
"Nog baie dinge het Ek om aan julle te sê, maar julle kan dit nou nie dra nie. Maar wanneer Hy gekom het, die Gees van die Waarheid, sal Hy julle in die hele waarheid lei; want Hy sal nie uit Homself spreek nie, maar alles wat Hy hoor, sal Hy spreek en die toekomstige dinge aan julle verkondig. Hy sal My verheerlik, omdat Hy sal neem wat aan My behoort, en aan julle sal verkondig" (Joh.16:12-14, my beklemtoning***).***

Die dinge wat die Heilige Gees na Sy uitstorting in **Hand.2** aan die apostels geopenbaar het, het vir ons in die vorm van die Nuwe Testamentiese geskrifte in bewaring gebly en **verheerlik Christus en Sy verlossingswerk, niks en niemand anders nie!**

Dit is tragies om te dink dat daar vandag nog mense is wat sê dat hulle in die Messias glo, maar wat sy openbaringe wat Hy deur die Heilige Gees (Ruach HaKodesh) aan Sy apostels bekendgemaak het, nie wil aanvaar nie!

13. DIE WET VAN CHRISTUS (1 Kor.9:21)

"Meester, wat is die groot gebod in die wet? En Jesus antwoord hom: Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. Dit is die eerste en die groot gebod. En die tweede wat hiermee gelyk staan: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Aan hierdie twee gebooie hang die hele wet en die profete " **(Matt.22:34-40).**

Hierdie twee gebooie behoort die Christen se hele lewe te oorheers – liefde vir God en liefde vir sy medemens. Die Wet van Liefde is die vervulling van alle Bybelse wette, die Tien Gebooie ingesluit. Paulus stel dit so:
"Want die hele wet word vervul in hierdie een woord, naamlik: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself" **(Gal.5:14).**

Op 'n ander plek in die Woord verduidelik hy dit so: ***"Die liefde doen die naaste geen kwaad nie; daarom is die liefde die vervulling van die wet"*** **(Rom.13:10).**

As ons ons naaste respekteer en hom liefhet, sal ons nie van hom steel, hom bedrieg of hom wil doodmaak nie (**"Wie sy broeder liefhet, bly in die lig, en in hom is geen oorsaak van struikeling nie": 1 Joh.2:10).** Hierdie wet word die "**koninklike wet"** genoem, omdat dit die belangrikste van alle wette is **(Jak.2:8)** en ook omdat dit die hemelse Koning self is wat dit ingestel het. In **1 Kor.9:21** verwys Paulus na hierdie Koninklike Wet as die Wet van Christus. As ons God liefhet, sal ons nie Sy Naam ydelik gebruik of ligtelik uitsprake in Sy Naam maak nie. Ons sal ook respek en 'n liefde vir Sy Woord hê.

Alhoewel die Nuwe Testamentiese gelowige nie onder die Wet van Moses is nie, beteken dit nie dat hy kan doen wat hy wil nie, aangesien hy onder ***"die wet van die Gees van die lewe in Christus"*** is **(Rom.8:2).** Tussen die Wet van Moses en die Wet van Christus Jesus is daar 'n groot verskil. 'n Vreemdeling onder die Jode kon deur hom uiterlik aan die Wet van Moses te onderwerp, ***" kind van die land"*** word en aan al die heilige Joodse feeste deelneem **(Ex.12:48-49).** Aanvaarding onder die Jode het afgehang van 'n meganiese gehoorsaamheid aan 'n stel wette. Deur jou uiterlik aan die Wet van Moses te onderwerp, kan jy as 'n Jood aanvaar word. Met die Wet van Christus werk dit net mooi andersom: Jy moet eers ǹ Christen word voordat jy die Wet van Christus kan uitleef. Jy moet eers deur 'n geestelike wedergeboorte innerlik verander voordat jy Christus kan gehoorsaam. In die Nuwe Testament word jy nie 'n Christen omdat jy Christelike beginsels uitleef nie; **jy moet eers geestelik wedergebore word sodat jy die Wet van Christus kan uitleef!** Met ander woorde, daar moet eers iets innerlik in jou verander voordat daar iets uiterlik kan gebeur.

Moses kon nie die harte van mense verander deur wette aan hulle voor te skryf nie. Christus kan dit doen deur die werking van Sy Gees in dié wat aan Hom onderwerp is.
"Wandel deur die Gees, dan sal julle nooit die begeerlikheid van die vlees volbring nie" **(Gal.5:16).**

Eendag gaan die ongelowige Jode deur 'n bonatuurlike ingryping van God 'n hartsverandering ondergaan en hulle gaan in aanbidding voor hulle Messias neerkniel. Profeties word dit so voorspel:
"En Ek sal julle 'n nuwe hart gee en 'n nuwe gees in jul binneste gee; en Ek sal die hart van klip uit julle vlees wegneem en julle ' hart van vlees gee" **(Eseg.36:26).**

Dít gaan in die eindtye na die Groot Verdrukking gebeur wanneer die oorblyfsel van Israel as volk hulle tot hulle Messias sal bekeer **(Jer.31:31-34).** Die individuele Jood hoef egter nie vir daardie groot dag aan die einde van die tye te wag nie. Hy of sy kan nou al Christus as Saligmaker aanvaar en daardeur, net soos ons, deur die werking van die Heilige Gees, 'n nuwe hart ontvang. Jode wat die ervaring van geestelike wedergeboorte ervaar het, word Messiaanse Jode genoem. As hulle die Skrif reg verstaan, glo hulle dat hul redding slegs deur geloof in Jesus as Saligmaker en deur geloof in sy volbragte werk verkry kan word. As hulle na hul ervaring van wedergeboorte nog van hulle Joodse wette en gebruike volg, is dit kultureel van aard en glo hulle nie dat dit bydrae tot hulle geregtigheid nie.

Eerder as om die Mosaïese wette te onderhou, word ons en Messiaanse Jode, as gelowiges, tot 'n hoër wet geroep, ***"die wet van die Gees van die lewe in Christus" (Rom.8:2).***

"Maar as julle deur die Gees gelei word, dan is julle nie meer onder die wet nie" (Gal.5:18)

Is Christene wetteloos?

Die verskoning dat gelowiges kan doen wat hulle wil omdat hulle nie meer onder Ou Testamentiese Wet is nie, is nie geldig nie. Aangesien die leringe van Jesus gesaghebbend is, dien dit as "wet" vir Christene. Voeg nou nog daarby die bediening van die Heilige Gees wat oortuig van sonde, geregtigheid en oordeel, dan besef 'n mens dat ons as Christene geen verskoning het dat ons nie weet wat sonde is nie. Die Nuwe Testamentiese gelowige word deur die Heilige Gees gemotiveer om 'n liefde vir God en sy Woord te hê en sy medemens te respekteer. Wanneer ons die opoffering van Jesus Christus vir ons sonde besef, behoort ons reaksie liefde, dankbaarheid en gehoorsaamheid aan Hom wees. Christene se moraliteit moenie gebaseer wees op 'n wettiese dwang sindroom om 'n reeks Ou Testamentiese gebooie te probeer gehoorsaam nie.

Christus se Juk

Is ons bevry van die las van die Mosaïese Wette om maar net weer opgesaal te word met die las van 'n stel meer radikale reëls onder die Wet van Christus? Nee, want Jesus sê dat sy juk sag en dat sy las lig is **(Matt.11:28-29).** Jesus kan dit sê, want met geestelike wedergeboorte kom woon die Heilige Gees binne-in die gelowige en dan is dit God wat in ons werk om te wil en te doen volgens sy welbehae **(Fil.2:13).**

Die wet van Christus is maklik, want sy krag werk in my deur die Heilige Gees en wanneer ek swak is, is ek sterk **(2 Kor.12:9-10).** Christus verwag nie dat ons Hom in ons eie krag moet gehoorsaam nie. Hy wil in ons werk sodat Hy deur ons kan werk **(Fil.2:13).**

Die Beginsel van Geloof

***"…want die regverdige sal uit die geloof lewe"* (Gal.3:11, Heb.10:38).**

Daar is iets in die Christelike geloof wat dit veel meer maak as net 'n morele kode of 'n stel godsdienstige reëls waarvolgens ek moet lewe. Wat dit anders maak is dat ons glo dat die Een wat ons roep, ook die Een is wat in ons wil werk om sy wil te doen **(Fil.2:13).** Elke beroep wat die gebooie van Christus op my maak, is 'n oproep tot geloof; om te glo dat Hy

sy wil deur my wil laat geskied. Die hele Christelike lewe moet ‘n lewe van geloof wees; om te glo dat die Een wat die werk in jou begin het, ook die Een is wat dit sal voltooi **(Heb.12:2).**
Die Here Jesus bedien die gelowige op twee vlakke – eerstens red Hy ons deur Sy dood waardeur Hy ons met die Vader te versoen en tweedens red Hy ons deur sy Lewe wat deur die Heilige Gees in my werk om sy wil te doen **(Rom.5:10).**
Jesus het op Pinksterdag teruggekom, nie om fisies met Sy dissipels te wees nie, maar om deur die Heilige Gees in hulle te wees sodat Hy daardeur hul innerlike mens kon versterk sodat hulle hier op aarde Sy getuies kan wees **(Hand.1:8).**

Deur gehoorsaamheid aan die leiding van die Heilige Gees, leef ons in die geregtigheid van God, nie volgens die uiterlike standaard van die letterlike Wet van Moses nie, maar volgens die vervulde, uitgebreide Wet van die Gees in Christus. Dit beteken dat ons deur geestelike wedergeboorte, nie in die vlees nie, maar in die hart besny is. Ons hou byvoorbeeld nou nie meer die Sabbat nie, maar leef in die ewigdurende rus van Christus **(Matt.11:28)** en rus nou eers regtig. Geestelike onderwerping aan die Wet van Christus is die enigste tipe geregtigheid wat dié van die Fariseërs sal oortref. Dit kan net gedoen word deur geloof, genade en die werking van die Heilige Gees. Ons eie werke, of ‘n poging om die Torah te onderhou, kan ons nie vrymaak van die wet van die sonde en die dood nie. Net die Wet van die Gees van die lewe in Christus Jesus kan dit doen doen.

14. TWYFELAGTIGE SAKE – ROMEINE 14

Moet Christene die Sabbat onderhou en net “rein” kosse eet?

Kol.2:16-17: ***“Laat niemand julle dan oordeel in spys of drank of met betrekking tot ’n fees of nuwemaan of sabbat nie, wat ’n skaduwee is van die toekomstige dinge…”***

Rom.14:5: ***“Die een ag die een dag bo ander, die ander ag al die dae gelyk. Laat elkeen in sy eie gemoed ten volle oortuig wees.”***

Hierdie skrifgedeeltes stel dit duidelik dat elke Christen die geestelike vryheid het om self te besluit of hy die Sabbat wil onderhou en watter soort kosse hy wil eet. Dit is ’n saak vir elkeen se eie gewete. Volgens Rom.14 is die onderhouding van sekere dae en die eet van sekere kosse ’n saak waaroor gelowiges mekaar nie moet oordeel nie. Wat egter wel in gedagte gehou moet word, is dat Paulus in hierdie gedeelte dié wat sterk in die geloof is aanspreek om nie neer te sien op dié wat nog swak in die geloof is nie:
“En neem hom aan <u>wat swak in die geloof</u> is…Die een glo dat ’n mens alles mag eet, maar hy wat swak is, eet groente” **(Rom.14:1-6,** my beklemtoning**).**

Hierdie gedeelte kan nie gebruik word om onvolwassenheid ten opsigte van gebrekkige kennis aangaande die verlossingsleer goed te praat nie. Daar is te veel duidelike skrifgedeeltes wat gelowiges vermaan om tot geestelike volwassenheid te kom ***“sodat ons nie meer kinders sou wees wat soos golwe geslinger en heen en weer gedryf word deur elke wind van lering…”*** en tot ***“dwaling”***gebring word nie! **(Ef.4:11-16).**

So byvoorbeeld het ons reeds na die gedeelte in die Skrif gekyk waar Jesus duidelike lering gee dat die inname van kos jou nie geestelik onrein kan maak nie **(Markus 7:15-23)**. Daardeur het Hy ook dan alle kosse rein verklaar. Wat Paulus dus hier aanspreek is nie wat rein of onrein kossoorte is nie, maar **die regte gesindheid wat volwasse gelowiges moet**

openbaar teenoor dié wat nog onvolwasse in die geloof is. Die vryheid wat die gelowige in Christus kan geniet, kan tog nie onbepaald deur die onvolwassenheid van ’n ander broer of suster ingeperk word nie. Dit is die onkundige gelowige wat in kennis en geloof moet groei sodat hy die volle vryheid en seëning van sy erfenis in Christus kan geniet. Gebrek aan groei in Nuwe Testamentiese kennis het die tragies gevolg dat gelowiges wat al baie jare gelede tot geloof gekom het, nog steeds, sonder onderskeiding, rondgeslinger word tussen twyfelagtige leringe en bedieninge, terwyl volgens Paulus, hulle al lankal self leraars van die waarhede van die Evangelie behoort te wees **(Heb.5:12).**

Om Romeine 14 reg te verstaan moet daar goed na die konteks gekyk word. In hierdie brief skryf Paulus aan ‘n jong Christelike gemeente in Rome. Daarin moes daar Jode en heidene gewees het wat maar onlangs tot bekering gekom het. Die Jode was gewoond daaraan om die Wet van Moses te onderhou, terwyl dit ‘n gebruik was waarmee die heidense Christene niks te doen gehad het nie. Hierdie Jode en heidene wat tot geloof gekom het moes dus nou in dieselfde gemeente saamleef en saam tot ǹ nuwe mens in Christus groei. Saam met hulle het elkeen se vorige kulturele agtergrond gekom en die probleem was nou, met watter van hulle vorige gebruike, rituele en gewoontes kon hulle nou as Christene voortgaan? Dít is wat Paulus nou in Romeine 14 aanspreek. Voordat hy begin met die praktiese verskille van die groepe, lê hy eers ‘n fondament deur die Wet van Liefde in Romeine 13 te verduidelik:

“..want hy wat ‘n ander liefhet, het die wet vervul. Want dit: Jy mag nie egbreek nie, jy mag nie doodslaan nie, jy mag nie steel nie, jy mag geen valse getuienis gee nie, jy mag nie begeer nie, en watter ander gebod ook al, word in hierdie woord saamgevat: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Die liefde doen die naaste geen kwaad nie: daarom is die liefde die vervulling van die wet” **(Rom13:8-10).**

Ons word in die Skrif geleer dat as Nuwe Testamentiese gelowiges ons almal een nuwe mens in Christus is; daar is nou nie meer Jood of Griek, slaaf of vryman of man of vrou nie **(Gal.3:28).** Gesonde verstand sal vir jou sê dat hierdie uitspraak nie beteken dat in Christus daar nie meer geslagte is nie. Dit beteken maar net dat in Christus man en vrou as gelowiges dieselfde status geniet. Net so met die Jood en Griek; hulle etnisiteit word nie uitgewis nie, maar in Christus het hulle dieselfde status, ***“Want Hy is ons vrede, Hy wat albei een gemaak en die middelmuur van skeiding afgebreek het deurdat Hy in sy vlees die vyandskap tot niet gemaak het, naamlik die wet van gebooie wat in insettinge bestaan; …sodat Hy…die twee in Homself tot een nuwe mens kon skep”*** **(Ef.2:14-15).**
“Daar is nie meer Jood of Griek nie, daar is nie meer slaaf of vryman nie…want julle is almal een in Jesus Christus” **(Gal.3:28).**

Volgens Nuwe Testamentiese lering behoort selfs ’n Joodse gelowige se identiteit nie in sy Joodskap te wees nie, maar in Jesus Christus. Wie was meer ’n Hebreër en Jood as Paulus wat gesê het:
“Ek is besny op die agste dag, uit die geslag van Israel…’n Hebreër…wat die geregtigheid in die wet betref, onberispelik. Maar wat vir my wins was, dit het ek om Christus wil skade geag...ek ag ook alles skade om die uitnemendheid van die kennis van Christus Jesus, my Here, ter wille van wie ek alles prysgegee het en as drek beskou, om Christus as wins te verkry…nie met my geregtigheid wat uit die wet is nie, maar met dié wat deur geloof in Christus is…” **(Fil.3:5-9).**

Dikwels veroorsaak ’n godsdiens wat gebaseer is op ’n mengsel van Mosaïese wette en rabbiniese praktyke dat die fokus van die volbragte werk van Jesus Christus weggetrek word en dat sommige dan ’n gesindheid van godsdienstige superioriteit oor die res van die liggaam van Christus ontwikkel. Dit is fundamenteel onbybels om op grond van enige kulturele redes skeiding in die liggaam van Christus te veroorsaak. Joodse Christene sowel as Christene uit die heidendom, moet leer dat albei groepe tot volwassenheid in Christus moet groei, totdat albei groepe hul volle erfenis en vryheid in Hom kan geniet. Volgens die Skrif is God se ideaal vir sy liggaam dat almal sal opgroei ***“tot ‘n volwasse man”*** in Christus **(Ef.4:10-16).**

Romeine 14 wat ‘n spesifieke situasie in die vroeë kerk ten opsigte van gewetensprobleme as gevolg van swak geloof aanspreek, kan nie gebruik word om ŉ saak te maak vir Ou Testamentiese wetsonderhouding nie. **Rom.13:14** sê nie dat jy jou met die Wet van Moses moet beklee nie; dit sê dat jy jou met die Here Jesus Christus moet beklee.

Na aanleiding van die volgende uittreksel vanaf ŉ webtuiste van die Hebrew Roots Teaching Institute, is daar ŉ ernstige vraag wat gevra moet word. Hulle verklaar onder andere: *“Messianic Judaism adds to this some observances of Torah (YHWH’s Old Covenant Laws), which are not generally practiced (and often discouraged) in Christian churches. These* ***observances*** *include observing Jewish Shabbat,* ***abstaining from pork,*** *shellfish, and other foods banned by Jewish law, and observing Jewish holidays”* (Hebraic Roots Teaching Institute: http://www.hrti.co.za, my beklemtoning).
Waar pas hulle in in terme van wat Paulus ons in **1 Tim.4:1-5** teen waarsku: *“Maar die Gees sê uitdruklik dat in die laaste tye sommige* ***van die geloof afvallig sal word*** *en verleidende geeste en leringe van duiwels sal aanhang...wat verbied om te trou* ***en gebied dat die mense hulle moet onthou van voedsel wat God geskape het om met danksegging gebruik te word deur die gelowiges wat die waarheid ken.*** *Want alles wat deur God geskape is is goed, en niks is verwerplik as dit met danksegging ontvang word nie; want dit word geheilig deur die woord van God en die gebed”* (My beklemtoning).
Die implikasie is so ernstig dat ek baie bekommerd sou gewees het as ek betrokke was by leringe wat mense leer dat hulle nie mag varkvleis eet nie!
Ten tye van sy bediening hier op aarde het Jesus die mense al geleer dat daar niks is ***“wat van buite af in die mens ingaan wat hom onrein kan maak nie; maar die dinge wat van hom uitgaan, dít is die dinge wat die mens onrein maak”*** **(Markus 7:15-23).**

Net in hierdie enkele stukkie lering wat Jesus gee oor kos, word die groot verskil tussen die moderne voorstanders van Torah-wetsonderhouding en Nuwe Testamentiese gelowiges geïllustreer.

HOOFSTUK 15. HERBOUING VAN DIE “MIDDELMUUR VAN SKEIDING”

Dié wat probeer om Mosaïese wette in die Evangelie van Jesus Christus in te bring, is besig om sy boodskap teen te werk en is besig om dissipels van mense te maak in plaas van dissipels van Jesus. Hulle moet versigtig wees dat hulle nie deur hulle verkeerde, selektiewe klem op die Torah, dít wat Christus afgebreek het, naamlik die ***“middelmuur van skeiding,...***

die wet van gebooie wat in insettinge bestaan," weer opbou nie! Hulle moet pasop dat hulle nie dít wat God in die Ou Testamentiese tempel oopgeskeur het, naamlik die voorhangsel, weer voor die neuse van geestelike soekende mense toewerk nie!

In sy briewe verduidelik Paulus, nie net aan die Jode nie, maar aan almal, die oorheersende heerlikheid van die Nuwe Testament oor die oue **(2 Kor.3:4-18, Hebreërs 8-10).** Die Nuwe Testament is vol praktiese instruksies aan Joodse sowel as heidense gelowiges hoe die liggaam van Christus moet leef, wat hulle moet glo en hoe hulle hulself moet gedra **(1 Tim.3:15)**. Almal moet tot 'n nuwe volwassenheid in Christus groei **(Ef.4:10-16),** terwyl daar op Christus gefokus word en nie op die Wet nie **(Heb.12:2).**

Hoe gebruik Paulus die Wet van Moses?

Wanneer Paulus na die Wet van Moses verwys, doen hy dit nie op die manier wat Torahhouers dit doen nie. Hy volg die voorbeeld van Jesus. Hy noem die wet, brei dit uit en gee dan groter betekenis daaraan. 'n Voorbeeld daarvan vind ons in **1 Kor.9:9-10** waar Paulus na die wet van Moses in **Deut.25:4** verwys, 'n afleiding maak en dan die wyere betekenis daarvan op homself toepas:
"Want in die wet van Moses is geskrywe: 'n os wat graan dors, mag jy nie muilband nie. Is dit miskien oor die osse dat God Hom bekommer? Of spreek Hy inderdaad om ons ontwil? Ja, want om ons ontwil is dit geskrywe…"

Vroeër in dieselfde brief doen hy dieselfde met kossoorte **(1 Kor.6:12-13).**

Omdat Paulus soms na die wet verwys om 'n saak te verduidelik, beteken dit glad nie dat hy homself op 'n wettiese wyse daaraan onderwerp het nie. Dit blyk uit wat hy in **1 Kor.6:12** skryf: ***"Alles is my geoorloof, maar nie alles is nuttig nie…"***

Is dit toelaatbaar om onder die Nuwe Testament die wet so figuurlik toe te pas?
Dit lyk mos so, want Jesus doen dit ook en dan lyk dit of Hy die wet afskaf:

Hierdie gedeelte is 'n goeie opsomming van wat Jesus kom doen het. Hy ignoreer die letterlike toepassing van die wette in die Torah wat die gebruik van rein en onrein kosse reguleer en maak 'n geestelike toepassing. Hy vervul dit en gee dit geestelike betekenis wat betrekking het op die innerlike ingesteldheid van die hart.

" 'Begryp julle nie dat niks wat van buite af in ǹ mens ingaan, hom onrein kan maak nie, omdat dit nie in sy hart ingaan nie maar in sy maag, en daarna uit sy liggaam uitgaan?" Daarmee het Hy alle kos rein verklaar" (Markus 7:18-23, NAV).

Die kosse wat God aan Moses voorgeskryf het, was om gesondheidsredes. Die diere wat geëet kon word, was almal grasetende diere met meer as een pens wat die kos wat hulle ingeneem het, ordentlik kon verteer. Diere, visse en voëls wat omnivore (allesetende diere) is, het die potensiaal om allerhande siektes oor te dra as gevolg van die feit dat hulle enige afvalkosse vreet. So byvoorbeeld, is dit algemeen bekend dat varke wat nie in higiëniese toestande aangehou word nie, geneig is om lintwurms (Trichinelle Spiralis), masels en die larwes en kieme van aansteeklike siektes aan die mens oor te dra. Kan u dink toe Israel uit Egipte deur die warm woestyn moes trek, wat met sulke vleis sou gebeur sonder die gerief van yskaste en ander vriesgeriewe?

In die Nuwe Testament gaan dit by Jesus en die apostels nie oor die letterlike toepassing van die Wet nie, maar oor iets baie groter.

Daar is sekere Ou Testamentiese wette wat, alhoewel dit lyk of hulle in die Nuwe Testament afgeskaf is, eerder groter geestelike betekenis gekry het. So byvoorbeeld sweer ons nie meer nie **(Lev.5:4, Ex.22:11),** want ons moet bly by elke woord wat ons spreek **(Matt.5:33-37, Matt.12:36),** en ons rus nou nie meer net elke sewende dag nie, want elke dag kan nou geleef word in die rus van Christus. Dit is vandag ook nie meer nodig dat ons fisies besny moet word nie, want ons het in Christus 'n besnydenis van die hart ondergaan **(Kol.2:11).** Daar is Christene wat wel hul manlike babatjies laat besny, maar hulle doen dit om gesondheidsredes, nie omdat hulle verplig voel as gevolg van enige wettiese goddiensstelsel nie.

Die Ou Testament was maar net 'n skaduwee van die dinge wat nog moes kom. Die Realiteit is Christus **(Kol.2:17).**

HOOFSTUK 16. DIE JOODSE FEESTE IN DIE BYBEL

In die Ou Testamentiese konteks verklaar Amos die profeet dat God niks doen voordat Hy dit nie aan sy diensknegte, die profete, openbaar nie **(Amos 3:7).** In die skadubeelde van die sewe groot Joodse feeste, soos ons dit opgeteken vind in **Lev.23,** gee God 'n profetiese uitleg van sy verlossingsplan vir die wêreld. Ook in die simboliese betekenis van hierdie feeste speel die Seun van God 'n sentrale rol. Die wyse waarin Jesus hierdie feeste vervul, vorm 'n baie interessante studie.

God het dit so beskik dat elkeen van hierdie feeste en die volgorde waarin hulle plaasvind, 'n spesiale openbaring gee van die ontvouing van sy heilsplan vir die eeue. Die Hebreeuse woord vir fees, *moade (moed)* beteken dan ook *"a fixed time or season", 'n* vooraf bepaalde tyd. (Zodhiates: Hebrew and Chaldee Dictionary,Unger's Bible Dictionary).

Die sewe feeste wat in **Lev.23** genoem word, is: die Pasga, die Fees van Ongesuurde Brode, die Eerstelingsgerf, die Pinksterfees, die Basuin, die Dag van Versoening en die Loofhuttefees.

Vervulling van die Joodse feeste in die Messias

Die eerste vier van die sewe feeste is reeds deur Christus op 'n wonderbaarlike manier vervul. Die laaste drie dui op wat profeties nog moet gebeur. Soos reeds gesê, sien ons in hulle die raadsplan van God vir Israel, die kerk en die nasies. Die simboliese betekenis van die feeste demonstreer God se verlossingsplan vanwaar dit begin met die versoeningswerk van Jesus op die kruis, gevolg deur die opstanding, die uitstorting van die Heilige Gees, die evangeliese kerkbedeling en die wederkoms van Christus tot by die vestiging van God se koninkryk op aarde. Omdat hierdie feeste skadubeelde is van ***"toekomstige dinge"*** **(Kol. 2:16-17)** is hulle eintlik Christusfeeste wat in Hom betekenis kry.

Die profetiese betekenis van die feeste kan so opgesom word:

1. Die Pasga (Lev.23:5) – Deur die pasga herdenk Israel hul uittog uit Egipte toe die bloed van lammers aan hul deurkosyne gesmeer moes word sodat die engel van die dood kon

verbygaan. As skadubeeld word dit vervul met die kruisiging van Jesus wat as die vlekkelose Lam van God moes sterf om versoening te doen vir die sonde van die mensdom. Johannes die Doper het, toe hy na Jesus wys, gesê: ***"Dáár is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem!"*** **(Joh. 1:29).**

2. Die fees van Ongesuurde Brode (Lev.23:6) – Dit het heengewys na die sondelose lewe van die Messias. Suurdeeg is 'n beeld van sonde in die Bybel. Gedurende die eerste paar dae van hierdie fees het Jesus soos 'n koringkorrel wat geplant is, in die graf deurgebring, wagtend om as die Brood van die lewe voort te spruit

3. Die fees van die Eerstelingsgerf (Lev.23:10) – Hierdie fees het profeties na die opstanding van Jesus as die eerste vrug van geregtigheid heengewys. Op hierdie feesdag is Jesus opgewek uit die dood en dit is een van die redes waarom Paulus na Hom verwys as ***"die eersteling van dié wat ontslaap het"*** **(1 Kor.15:20).**

4. Die Ou Testamentiese Pinksterfees (Levitikus 23:16) – Dit het vyftig dae na die begin van die fees van Ongesuurde Brode plaasgevind en wys heen na die uitstorting van die Heilige Gees waarvan ons in Handelinge 2 lees. Dit is opvallend dat met die Pinksterfees, ook twee gesuurde brode wat met suurdeeg gebak is, as beweegoffers aan die Here gebring moes word. Omdat suurdeeg 'n simbool van sonde is, simboliseer hierdie twee gesuurde brode die geredde gelowiges uit Israel en die heidendom, m.a.w. dit wys op die kerk van Christus wat op hierdie fees (Pinksterdag) ontstaan het. Alhoewel gelowiges gemaan word om heilig te leef, is hulle nie sondeloos volmaak nie **(Lev.23:17).** Terwyl die gesuurde brode heenwys na geredde sondaars, simboliseer die sewe lammers sonder gebrek en die ander diere wat in vers 18 van Levitikus 23 genoem word, die vlekkelose Lam van God wat op die kruis as soenoffer vir die sonde van die mensdom moes dien.

5. Gedenkdag deur basuingeklank (Lev. 23:24) – Op die eerste dag van die Joodse sewende maand moes 'n heilige dag ingelui word met basuingeklank. Die ortodokse Jode blaas op hierdie dag, op verskillende tye van die dag, die ramshoring (shofar) in hulle sinagoges. Die finale insameling van die oes word ook met basuingeklank aangekondig. Die vervulling van dié fees sal plaasvind wanneer die Here die oes wat deur sy bloed geregverdig is, sal insamel om saam met Hom in die hemel te wees.

"Kyk, ek deel julle 'n verborgenheid mee: Ons sal wel nie almal ontslaap nie, maar ons sal almal verander word, in 'n oomblik, in 'n oogwink, by die laaste basuin; want die basuin sal weerklink, en die dode sal onverganklik opgewek word; en ons sal verander word" **(1 Kor. 15:51-52).**

"Want die Here self sal van die hemel neerdaal met 'n geroep, met die stem van 'n aartsengel en met geklank van die basuin van God; en die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan. Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle in wolke weggevoer word die Here tegemoet in die lug; en so sal ons altyd by die Here wees" **(1 Thess. 4:16-17).**

Die wegvoering van die gereddes (kerk) word in die Skrif met die blaas van 'n basuin geassosieer **(1 Thess.4:13-18, 1 Kor.15:52).**

6. Die Dag van Versoening (Lev.23:27) – Baie glo dat hierdie fees profeties na die wederkoms van Christus verwys. Vir die Jode sal dit die groot dag van Versoening wees wanneer die oorblyfsel van Israel tot bekering sal kom en Hom, Jesus, wat deur hulle verwerp is, as hul Messias sal aanvaar **(Sag.12:10).**

7. Die Loofhuttefees – Hierdie is 'n fees van dankbaarheid en vreugde wat ná die finale insameling van die oes gevier word om die Here vir al sy weldade te bedank. Die fees het ook 'n profetiese betekenis deurdat dit met die fisiese koninkryk van God wat op aarde gevestig gaan word, geassosieer word. Dan sal die oes op aarde onder Israel en die nasies ingesamel wees en sal Jesus as Koning uit Jerusalem regeer **(Miga 4:1-7).**

Moet Christene hierdie feeste wat aan Israel gegee is, hou?

Die viering van hierdie feesdae is 'n saak waaroor elke individuele gelowige self moet besluit. In **Kol. 2:16-17** lees ons: ***"Laat niemand julle dan oordeel in spys of drank of met betrekking tot 'n fees of nuwemaan of sabbat nie, wat 'n skaduwee is van toekomstige dinge…"***

Christen gelowiges is nie verplig om die feeste soos 'n Ou Testamentiese Jood te hou nie. Alhoewel Christene nie verplig is om die feeste te hou nie, is dit tog van groot waarde om hulle te bestudeer om daardeur 'n beter begrip te kry van Jesus se dood, sy opstanding en ander toekomstige gebeure. Diegene wat hulle wil vier, moet versigtig wees dat Christus ten alle tye die middelpunt vorm as die Een wat gekom het om hul profetiese betekenis te vervul. Sommige Nuwe Testamenties gelowiges raak ongelukkig wel betrokke by ongesonde praktyke rakende die hou van hierdie Joodse feeste. Daar moet onthou word dat die viering van die feeste nie gebruik moet word as 'n manier om nie-Joodse gelowiges te verjoods nie. Nêrens in die Nuwe Testament word beveel dat Christengelowiges verplig is om die feeste te hou nie.

Onder die ou verbond word hierdie feeste die feeste van die Here genoem **(Lev.23:4),** terwyl hulle in die Nuwe Testament die feeste van die Jode genoem word **(Joh.5:1, Joh.6:4, Joh.7:2).**

HOOFSTUK 17. DIE NAGMAAL

Jesus het die aand voor sy dood die nagmaal ingestel sodat Christen gelowiges sy dood daardeur kon herdenk **(Matt.26:26-28).** Alhoewel hierdie gebeurtenis ten tyde van die Joodse Pasga plaasgevind het, het Hy dit in so manier gedoen dat dit ń vervulling was van dit wat die Pasga simbolies omtrent Homself voorgestel het. Jesus was die realiteit van die skadutipe. Hy was die Brood van die Lewe wie se liggaam vir ons op die kruis gebreek is vir die vergifnis van sonde. Paulus behou die regte perspektief wanneer hy die Korinthiërs leiding gee oor hulle samekomste. Hy verwys metafories na die Pasga om 'n Nuwe Testamentiese waarheid te beklemtoon: ***"Suiwer dan die ou suurdeeg uit, sodat julle 'n nuwe suurdeeg kan wees…want ook ons paaslam is vir ons geslag, naamlik Christus"*** **(1 Kor.5:7).**

Die Nagmaal is bedoel om die dood van Jesus te herdenk. Dit het niks te doen met die Joodse Pasgamaal wat die uittog van die Jode se voorvaders uit Egipte herdenk nie. Christene moet versigtig wees met die wyse waarop hulle Ou Testamentiese rituele en gebruike toepas en vier, want al is hulle bedoelinge ook al hoe goed, hulle kan

struikelblokke in die pad van ander mense lê deurdat hulle verkeerde seine van wetsonderhouding uitstuur.

Sal ons eendag na die wederkoms weer saam met Jesus uit die Pasgabeker drink?

Dié wat na aanleiding van **Matt.26:29, Mark.14:25** en **Luk.22:18** "ja" sê, moet versigtig wees dat hulle nie hul eie idees in hierdie betrokke skrifgedeeltes inlees nie. Daar staan in hierdie gedeeltes nie dat Jesus saam met ons weer uit die Pasgabeker sal drink nie; daar staan dat Hy weer ***"van hierdie vrug van die wynstok"*** saam met ons sal drink! Die misverstand onder dié wat die hou van die Pasga op 'n wettiese wyse wil hou, spruit daaruit dat hulle nie verstaan dat Jesus die aand voor sy dood nie die Pasga ingestel het nie, maar dat Hy dit vir dié wat in Hom glo, met die nagmaal vervang het **(1 Kor.11:23-29, Matt.26:26-29).** Die nagmaal was nie om gelowiges aan 'n uittog uit Egipte te herinner nie, maar om hulle te herinner aan die dood van die Lam van God aan die kruis. Ten tyde van die Laaste Avondmaal was daar ook geen geslagte lam nie, aangesien die pasgalammers eers die volgende dag ten tye van die kruising geslag sou word. Jesus se bevel van ***"doen dit tot my gedagtenis"*** was dus geen bevel aan Christene om die Pasga te hou nie, maar om sy dood te herdenk. Die nagmaal en die Evangelie van Jesus Christus het niks te doen met die hou van Joodse feeste nie, en alhoewel hulle groot simboliese waarde het om Nuwe Testamentiese waarhede te verduidelik, hoef hulle nie deur Christene onderhou te word nie..

HOOFSTUK 18. DIE GRIEKSE NUWE TESTAMENT

In sekere godsdienskringe word mense beïnvloed om hulle Christelike geloof met Ou Testamentiese wette en gebruike te kombineer. Hulle doen dit omdat hulle glo dat die Christelike geloof deur heidense invloed besoedel is en dat ware aanbidding daarom slegs in gehoorsaamheid aan die Torah te vinde is. Hierdie beklemtoning veroorsaak dat hulle in hul aanbiddingsvorme meer met 'n rabbiniese vormgodsdiens assosieer as met die Nuwe Testamentiese kerk. Baie van die Messiaanse Christene beskou hulle "Joodsheid" as meer belangrik as hulle identiteit as Christengelowiges, maar hulle vergeet dat die fokuspunt van 'n Christengelowige Nuwe Testamentiese leringe behoort te wees en nie die kulturele agtergrond van rabbiniese Judaïsme nie.

Van die leraars in die Messiaanse beweging maak die fout om Grieks, die taal waarin die Nuwe Testament geskryf is, met die Griekse kultuur te verwar. Hulle gaan so ver as om te beweer dat, omdat die Nuwe Testament vergrieks is, dit onbevoeg is om gebruik te word as die basis van 'n verlossingsleer – dit moet glo eers deur die Hebreeuse taal en denkwyse gesif word. Omdat daar nie tussen die Griekse taal en die Griekse kultuur onderskeid gemaak word nie, verstaan hulle nie dat die Grieks van Christus se tyd oor kultuurgrense heen gebruik is nie. Dit was 'n medium van kommunikasie wat algemeen in die handel, politiek en sosiale lewe van verskeie volke van daardie tyd gebruik is. Ons kan daarom verstaan waarom dit as kommunikasiemiddel gebruik is om God se verlossingsboodskap aan die wêreld bekend te maak.

Die soeke na 'n oorspronklike manuskrip van die Nuwe Testament in Hebreeus

Daar bestaan vandag nog meer as vyf duisend oorspronklike afskrifte van Nuwe Testamentiese manuskripte in Grieks. In Hebreeus kan daar slegs vertalings van die Griekse

afskrifte gevind word. In die John Ryland biblioteek in Manchester, Engeland, is daar ’n gedeelte van die agtiende hoofstuk van die Evangelie volgens Johannes en alhoewel dit nie in Johannes se eie handskrif geskryf is nie, is dit ’n afskrif van die oorspronklike. Dit is interessant dat die Naam van Jesus in Grieks daarin voorkom. Dit is verder ook insiggewend dat selfs die brief aan die Hebreërs oorspronklik in Grieks geskryf is. Omdat die Griekse Nuwe Testament nie inpas by wat in die Sacred Name Movement geleer word nie, word dit verdag gemaak. Party wat weet dat Paulus hoofsaaklik in Grieks geskryf het, gaan so ver as om die inspirasie van sy geskrifte te bevraagteken. Een spesifieke leraar van die HRTI gaan nou nie sover as om te sê Paulus se geskrifte is nie geïnspireer is nie, maar ek herhaal wat hy in ‘n e-pos aan my skryf:

“ Petrus waarsku ons dat ons nie Paulus se briewe moet gebruik om lawlessness (Torahlessness - anomia in grieks) te bevorder nie. Hy waarsku ons voor die tyd, sê Petrus. ***So, ek stel voor dat jy ander briewe kry om jou doktrienes te staaf, want Paulus se briewe is moeilik om te verstaan,*** *en word baie maklik uit konteks uit gevat (soos in jou brief, byvoorbeeld.”* (Die aanhaling is onveranderd gelaat soos dit in die oorspronklike e-pos aan my voorkom. My beklemtoning).

Diegene wat weier om die egtheid van die Griekse Nuwe Testament te aanvaar, bevraagteken die enigste oorspronklike bron waarin die leringe van Jesus gevind kan word. Hierin lê dan ook die eintlike onoorbrugbare verskil tussen Nuwe Testamentiese gelowiges en Messiaanse Christene. Wat hulle redenasie ook al mag wees, uit die aard van hulle fokus op die Ou Testament en die gebruik van net Hebreeuse name en gebruike, moet hulle die gesag van die oorspronklike Griekse Nuwe Testament verkleineer. Dit is inherent aan hulle leerstellinge. Waarop moet ons as Christene ons geloof bou as die betroubaarheid van die Griekse Nuwe Testament in twyfel getrek word? Dit is die enigste boek wat die leringe van Jesus bevat! Om dít wat Sy leringe bevat te verwerp, is om Sy woorde te verwerp! Dit is verbysterend dat iemand wat homself ’n Christen noem, by watter naam ook al, die gesag van die boek waardeur hy aanvanklik van Jesus en sy boodskap gehoor het, nou in twyfel trek! Messiaanse Christene moet besef dat hulle doktrines hulle in botsing bring met ander Christen gelowiges wat hulle geloof bou op dít wat van hulle leiers en leraars verdag maak.

Dit is onredelik om te dink dat die God wat self die tale van die wêreld verwar het **(Gen.11),** nou verwag dat die verskillende nasies eers die Hebreeuse kultuur en taal moet aanleer om sy volle verlossingsplan te kan verstaan! Nêrens staan dit ook so in die Skrif geskryf nie! Die feit dat die Bybel in so baie tale vertaal is, sluit aan by Jesus se opdrag om Sy boodskap aan alle nasies te gaan verkondig **(Matt.28:18-19).** Met die opdrag van Jesus aan Sy dissipels om bekeerlinge te gaan maak van alle nasies, het die Christelike geloof opgehou om Joods te wees, maar dit beteken nie dat dit toe Grieks geword het nie. Die Evangelie van Jesus Christus het ‘n identiteit van sy eie wat Christelik is!

As die wêreld nie afskrifte van die oorspronklike manuskripte van die Nuwe Testament in Grieks gehad het nie, sou ons niks geweet het van wat Jesus verkondig het nie.
Alhoewel daar in ou Griekse Nuwe Testamentiese afskrifte, soos ook in vroeë Ou Testamentiese afskrifte, verskille voorkom, kan daar deur die verskillende dokumente met mekaar te vergelyk, vasgestel word dat hulle meer as 99% met mekaar ooreenstem. Die verskille wat wel bestaan, is van so min belang dat nie een van die sentrale boodskappe van die Evangelie aangetas word nie.

Empiriese getuienis bewys, sonder twyfel, dat ons Nuwe Testament oorspronklik in Grieks geskryf is.

Die Wortel

As daar na sommige van die leraars in die Messiaanse beweging geluister word, kry jy die indruk dat die leringe van die Nuwe Testament, in vergelyking met die Torah, ’n minderwaardige plek beklee. Dit klink ook asof ’n terugkeer na ’n Joodse Torahleefwyse die wortels is waarna verwys word. As ons na die Skrif kyk, sien ons dat die “wortel” waarna verwys word, nie die Torah of enige ander aspek van die Joodse kultuur is nie, maar dat dit Jesus is. Die afgebreekte takke van die olyfboom (die Jode) wat daar in **Rom.11:17** van gepraat word, moet nie met die Wortel van die boom verwar word nie. Die wortel van die olyfboom waarin ons ingeënt is, is nie die natuurlike, vleeslike Israel nie, maar die geestelike boom waarvan die wortel, nie Joodsheid of Judaïsme nie, maar Jesus Christus.
Die wortel kan niks anders as Jesus Christus wees nie, want die wortel is heilig:

Open.5:5: ***“…kyk, die Leeu wat uit die stam van Juda is, die wortel van Dawid…”***
Open.22:16: ***“Ek Jesus…Ek is die wortel…”*** (My beklemtoning).

Ook so byvoorbeeld is Abraham ons vader, nie na die vlees nie, maar volgens geloof en die belofte, nie volgens die Sabbat, tiendes, besnydenis, of enige ander wetsordonnansie nie, maar volgens ons geloof in Jesus Christus.

Alhoewel die bestudering van die skadubeelde in die Ou Testament belangrik is in die sin dat dit ons help om die geestelike realiteite van die Nuwe Testament beter te verstaan, beteken dit nie dat daar van ons verwag word om na ’n Joodse vormgodsdiens terug te keer nie.

‘n Hernieude Ou Verbond ?

In sommige Messiaanse kringe word daar gepraat van die Hernieude Verbond (“Renewed Covenant”). ’n Mens wonder waar daar van so-iets in die Bybel gepraat word? Die Nuwe Testament verklaar baie duidelik dat die Ou Testament vir die Christen tot vervulling en tot ’n einde gekom het. Die Nuwe Testament bring ’n nuwe lewe in die Heilige Gees tot stand, nie ’n hernieude verbondstelsel nie! Die Ou Verbond vereis gehoorsaamheid aan ’n geskrewe wetstelsel, terwyl die Nuwe Testamentiese stelsel geloof in Jesus Christus en gehoorsaamheid aan sy leringe en die leiding van die inwonende Heilige Gees vereis **(Hand. 16:31, Joh. 3:15-16, Gal.5:16).**

Die Plek van die Ou Testament

Paulus, wat ń Jood was, het ter wille van om Christus beter te leer ken, sy Hebreeuse verlede as drek beskou het **(Fil.3:4-7).** Hy verduidelik baie goed wat die rol is wat die Ou Testament in die lewe van ń Christen behoort te speel. In sy eerste brief aan die Korinthiërs verwys Paulus na die geskiedenis van Israel se uittog uit Egipte en verduidelik dan die belangrike lesse wat dit vir ons as gelowiges inhou:

“Al hierdie dinge het hulle oorgekom as voorbeelde en is opgeskrywe as ’n waarskuwing aan ons op wie die eindes van die eeue gekom het” **(1 Kor.10:11).**

Ons weet dat die Ou Testament simboliese tipes van Nuwe Testamentiese realiteite bevat. Deur hulle te bestudeer, kan ons waardevolle lesse in verband met geestelike groei leer. Vir die Nuwe Testamentiese gelowige dien hulle slegs as voorbeelde en hulle mag nie as wettiese voorskrifte gebruik word nie.

Watter Naam?

In watter Naam moet ons aanbid? Is dit Jesus, Yeshua, Yehshua, Yehshuah, Y'shua, Yehoshua, Jahoshua, Yashuah of Yahoshua? Die lys van variasies kan nog langer gemaak word! In my studie van die onderwerp het ek agtergekom dat nie eers die aanhangers van die Heilige Naam Beweging seker is van die regte Naam of spelling wat gebruik moet word nie! Daar bestaan selfs onsekerheid oor die regte gebruik van die Tetragrammaton (Die vierletter woord YHWH). As die presiese gebruik van die "regte" Naam so belangrik was, waarom al die variasies reeds onder dié wat daarop aandring? Ek glo wat regtig belangrik is, is om te weet wie Jesus is en wat Hy kom doen het en in dié sin is Hy uniek!

Waarom word die Naam "Jesus" elke dag deur miljoene en miljoene mense dwarsdeur die wêreld as 'n vloekwoord belaster? Hoekom gebeur dit nie met die naam van enige ander god nie? Is dit omdat daar onder die hemel geen ander Naam is waardeur mense gered kan word nie? **(Hand.4:12).**

Transkribering

Hebreeus – Yeshua, Grieks – Iésŏus, Afr. en Eng. – Jesus

Dit is die moeite werd om kennis te neem dat in elkeen van die baie oorspronklike dokumente die Nuwe Testamentiese skrywers die Naam van Jesus in Grieks transkribeer!
Ons moet versigtig wees: verkeerde dogmatiese klem op die gebruik van net Hebreeuse name kan bydrae tot die indruk dat die Evangelie van Jesus Christus iets te doen het met die verjoodsing van jou godsdiens en met onderhouding van die Torah. Dit kan ook veroorsaak dat daar aan die wese van die Evangelie getorring word. Dit is waarteen Paulus ernstig in sy briewe waarsku **(2 Kor.11:3-4, Gal.1:6, 8-9).**

HOOFSTUK 19. IS JY AS GELOWIGE REGTIG DEEL VAN DIE VERLORE TIEN STAMME VAN ISRAEL?

Volgens Jim Staley, een van die bekende leraars van die Messiaanse Christenbeweging, het die tien stamme van Israel na hul wegvoering na Assirië **(722-733 v.C.),** oor die wêreld heen verspreid geraak, hulle identiteit as Jode verloor en verdwyn. Nou eers na meer as 2700 jaar word daar glo ontdek dat sommige westerste Christene deel uitmaak van hierdie tien stamme! Omdat hulle regte Jode is, moet hulle dus die Torah onderhou. Volgens hierdie leraar is die feit dat jy op die blye boodskap van 'n Joodse Rabbi en Messias wat Yeshua genoem word, gereageer het, genoeg bewys dat jy deel is van die weggevoerde stamme wat heidense Jode geword het. Die Geskiedenis wys dat hierdie slegs 'n teorie is en dat dit nie bewys kan word nie. Daar bestaan genoeg getuienis, uit die Skrif sowel as uit sekulêre geskiedenis, om te bewys dat daar nog altyd herkenbare verteenwoordigers van al twaalf die stamme in Israel en oor die wêreld was. Die mening dat hulle verlore geraak het, is 'n mite. Verspreid, ja, maar nie onherkenbaar verlore nie.

Wat het die Skrif oor hulle te sê?

Na die Assiriese wegvoering van die tien stamme, moes sommige van hulle weer teruggekeer het, of anders was van hulle nooit deel van dié wat weggevoer is nie, want ten tye van Jesus se bediening praat Hy nog steeds van al twaalf die stamme van Israel wanneer Hy sê: ***"Voorwaar Ek sê vir julle dat julle wat My gevolg het...julle ook op twaalf trone sal sit en die twaalf stamme van Israel sal oordeel"*** **(Mattheus 19:28).**

So ook bevestig Paulus dat die tien stamme glad nie verlore was nie deur in **Hand. 26:7** so na hulle te verwys: ***"Ons twaalf stamme dien God nougeset dag en nag juis omdat hulle die hoop het dat Hy sal doen wat Hy belowe het"*** **(NAV).**

Jakobus het blykbaar ook nie geweet wat Jim Staley weet nie, want hy skryf sy brief ***"aan die twaalf stamme wat in die verstrooiing is"*** **(Jak.1:1).** Het hy nie geweet dat tien nie meer bestaan nie? Verder lees ons in **Luk.2:36** dat gedurende die tyd van Jesus se geboorte daar 'n profetes met die naam van Anna was, uit die stam van Aser, wat in die tempel aanbid het. Aser is veronderstel om een van die stamme te wees wat verlore geraak het. Was almal verlore behalwe sy?
Waar kom die mite van die tien verlore stamme van Israel vandaan? Dit ís so dat tien stamme weggevoer is deur die Assiriërs, maar sommige het teruggekeer en sommige is in die eerste plek nooit gevangene geneem nie. Dit is ook so dat Jode van al twaalf die stamme op een of ander tyd oor die wêreld heen versprei is, maar een van die wonderwerke in verband met hulle is, is die feit dat waar hulle ook al heen getrek of weggevoer is, hulle hul identiteit behou het. Daar bestaan nie so iets soos 'n heidense Jood nie; jy is óf 'n heiden óf 'n Jood. Vra maar vir Hitler, hy het geen probleem gehad om hulle uit te ken nie! Die benaming "tien verlore stamme" is dus nie akkuraat nie, en dit is ook nie 'n Bybelse term nie. Jim Staley se ingewikkelde verduideliking van Efraim as deel van die "verlore tien stamme" wat hy op **Genesis 48:19** baseer, is moeilik om te verstaan. Dit is nie histories of Bybels korrek nie.

Nadat 'n gedeelte van die noordelike tien stamme van Israel deur Assirië gevangene geneem is, het Babilon Assirië verslaan en hulle as gevangenes weggevoer. Esegiël **(571-549 v.C.**) is na hierdie bannelinge gestuur en oor en oor word daar in die Bybel na hulle as die "Huis van Israel" verwys **(Esegiël 3:7,17).**
In **2 Kronieke 11:16** word daar beskryf hoe Jode uit al die stamme van Israel opgegaan het om in Jerusalem te gaan offer. Ook word daar in **2 Kronieke 30:1** beskryf hoe Jehiskia **(716-637 v.C.)** Jode uit die hele Israel, wat Efraim, Manasse en Juda insluit, laat kom het om die Pasga te kom vier. Op hierdie stadium van die geskiedenis, volgens sommige leraars, kon dit nie gebeur het nie aangesien, volgens hulle, tien stamme al verlore was!

Is Jesus dan nie ook na die verlore skape van **die Huis van Israel** gestuur nie? **(Matt.15:24).** "Verlore" verwys hier na hul verlore geestelike toestand in sonde, nie na hul nasionale identitiet wat verdwyn het nie.

As die Leviete, as deel van die tien stamme, ook verdwyn het, hoe is dit moontlik dat hulle in die tyd van Jesus nog in die tempel diens gedoen het?
Ook was daar nog baie priesters in die tyd van die vroeë kerk, want ons lees in **Hand.6:7**: ***"En die woord van God het toegeneem, en die getal van die dissipels het in Jerusalem baie***

vermeerder, <u>en 'n groot menigte van priesters</u> het gehoorsaam geword aan die geloof" **(Luk.1:5, Joh.1:19, Hand.4:1).,**

HOOFSTUK 20. WAT IS Ń WARE JOOD?

"Ek ken jou werke en verdrukking en armoede maar jy is ryk en die lastering van die wat sê dat hulle Jode is en dit nie is nie, maar 'n sinagoge van die Satan" (Open. 2:9).

"Kyk, Ek gee jou uit die sinagoge van die Satan, van die wat sê dat hulle Jode is en dit nie is nie, maar lieg Ek sal maak dat hulle kom en voor jou voete neerbuig en erken dat Ek jou liefgehad het" (Open.3:9).

Die Christen gelowiges in Smirna is deur godsdienstige mense wat hulle self Jode genoem het, vervolg. Volgens die Skrif was hulle nie ware Jode nie, maar van die sinagoge van Satan.

Wie was dié mense?

Ongelukkig vertel die twee skrifgedeeltes in Openbaring nie vir ons veel nie.
Wat wel duidelik is, is dat hulle Jode moes gewees het, want net Jode aanbid in sinagoges. Verder lees ons ook in die Geskiedenis dat daar in daardie tyd ń groot Joodse gemeenskap in Smirna was.

Maar, praat die Bybel van ware en valse Jode?

Dit lyk so want hierdie onderwerp word op veskeie plekke in die Skrif bespreek.

Johannes die Doper spreek die Jode so aan:
"En moenie dink om by julleself te sê: ons het Abraham as vader nie; want ek sê vir julle dat God mag het om uit hierdie klippe kinders vir Abraham op te wek" **(Mat 3:9, Luk.3:8).**

Volgens wat Johannes die Doper hier sê blyk dit dat daar meer in steek om ń ware Jood te wees as om net ń geslagsregister te hê. Paulus het ook so gedink:
"Want nie hy is 'n Jood wat dit in die openbaar is nie, en nie dít is besnydenis wat dit in die openbaar in die vlees is nie; maar hy is 'n Jood wat dit in die verborgene is, en besnydenis is dié van die hart, in die gees, nie na die letter nie" **(Rom 2:28).**

Paulus beantwoord ons vraag. ń Ware Jood is nie net ń fisiese afstammeling van Abraham nie, hy moet ook ń geestelike afstammeling van hom wees. Dit is nie net vleeslike besnydenis wat tel nie, daar moet ook ń besnydenis van die hart wees. In **Rom.4:11** bevestig Paulus dit weer, net die Jode wat dieselfde tipe geloof as Abraham het, kan voorgee dat hulle hom as "vader" het.
Aan die Galasiërs skryf hy:
"Sodat die wat uit die geloof is, geseën word saam met die gelowige Abraham" **(Gal 3:9).**

Aan die Filippense sê Paulus: "***Want óns is die besnydenis, ons wat God in die Gees dien en in Christus Jesus roem en nie op die vlees vertrou nie"*** **(Fil.3:3).**

Dit sê vir my dat ń ware Jood een is wat in Jesus glo en op Hom vertrou. Dié wat nie Jesus as hulle Messias wil aanvaar nie, mag miskien etniese Jode wees, en God sal nog met hulle handel volgens Sy beloftes aan hulle voorvaders, maar hulle is geestelik voor God, nie ware Jode nie. Hulle is vleeslike Jode omdat hulle Jesus verwerp nog op die Wet vertrou ***"… want hulle is nie almal Israel wat uit Israel is nie"*** **(Rom.9:6).**

Die vroeë kerk is ernstig deur die Jode teëgestaan **(Hand.13:50, 14:2, 14:5, 14:19, 17:5).** Die intensiteit van die tipe vervolging wat die Christene moes deurmaak, word geïllustreer deur die verbranding van Polycarpus, een van die leiers van die gemeente van Smirna in **156 v.C.**

Die Jode het die Christene ernstig vervolg omdat hulle geglo het dat net hulle die enigste ware openbaring van God ontvang het. Jesus het aan die Jode wat Hom wou dood maak gesê:
"***As julle die kinders van Abraham was, sou julle die werke van Abraham doen; maar nou probeer julle om My om die lewe te bring, iemand wat aan julle die waarheid vertel het… "*** **(Joh.8:39-40).**

Alhoewel die meeste mense nooit eers daaraan sou dink om soos die Jode van ouds, Jesus te wil doodmaak nie, maak hulle tog sy woorde "dood" deur dit nie as gesaghebbend te beskou nie. Dit is presies wat Jesus ook vir die Fariseërs gesê het:
"So ontneem julle die woord van God sy gesag ter wille van julle oorgelewerde gebruike" **(Matt.15:6, NAV).**
Waar pas diegene nou in wat die Torah dieselfde status gee as Jesus? Ek stel dit eintlik verkeerd; wat Jesus dieselfde status gee as die Torah! Hier dink ek nou weer aan die opskrif bo-aan die e-pos wat aan my gestuur is: ***"You either accept Yeshua and the Torah or you reject Yeshua and the Torah."***
Wat hierdie saak betref is dit die moeite werd om na die Amplified Bible se vertaling van **1 John 4:3** te kyk: ***"And every spirit which does not acknowledge and confess that Jesus Christ has come in the flesh, but would annul, destroy, sever, disunite Him is not of God."*** (My beklemtoning).
Jesus sit aan die regterhand van die Vader waar niemand iets aan Hom kan doen nie, maar sy woorde is saam met ons hier op aarde, en hulle kan verdraai en kragteloos gemaak word. Om te verklaar dat Jesus dieselfde status as die Torah het, her verreikende gevolge; dit tas die kern van die Evangelie boodskap aan! Dit neutraliseer die gesag van Jesus wat so duidelik in **Matt.28:18** en **Heb.1:1-2** beskryf word:
"Aan My is gegee alle mag in die hemel en op aarde."

"Nadat God baiekeer en op baie maniere in die ou tyd gespreek het tot die vaders deur die profete, het Hy in hierdie laaste dae tot ons gespreek deur die Seun."

As die Torah dieselfde status het as Jesus, praat die Vader nie meer in hierdie laaste dae met ons deur Sy Seun nie, maar deur Moses. Dan is wat in **Hebreërs 1:1-2** ook nie waar nie!.

Dit is eienaardig dat daar ń neiging onder kulte bestaan om voor te gee dat hulle Jode is. Hier dink ons aan die Jehovah Getuies, die Brits-Israeli groep en diegene onder die Messiaanse Christene wat glo dat hulle deel is van die Tien Verlore stamme van Israel.

Noodwendig, met hulle beklemtoning van die gesag van die Torah, beweeg hulle gevaarlik aan die wat sê hulle is Jode, maar dit nie is nie.

As die Jode in Smirna maar net hulle Messias erken en aanvaar het, kon dit wat nou die "Sinagoge van Satan" genoem word, bekend gestaan het as die "kerk van die Lewendige God!"

HOOFSTUK 21. DIE OU VERBOND EN ISRAEL

"En die kinders van Israel moet die Sabbat onderhou in hulle geslagte as 'n ewige verbond. <u>Tussen My en die kinders van Israel</u> is dit vir ewig 'n teken…" **(Ex.31:16-17,** my beklemtoning**).**

In Genesis lees ons hoe God 'n ewige verbond tussen Homself en Abraham en sy nageslag sluit **(Gen.15, 17:7).** Dié verbond word oorgedra aan Abraham se seun Isak en na hom aan sý seun Jakob. Na sy worsteling met die Engel van God word Jakob se naam na Israel verander **(Gen.32:27-28)** en daarom, as daar van die kinders van Israel in die Bybel gepraat word, is dit 'n verwysing na sy twaalf seuns en hulle afstammelinge wat die volk Israel geword het. Die benaminge "Israel," "Hebreërs" en "Jode" verwys almal na dieselfde volk. Met hierdie nasionale volk Israel het God later weer by die berg Horeb 'n verbond gesluit wat direk gekoppel was aan die onderhouding van die Wet wat aan Moses gegee is. God het seëninge belowe as hulle die Wet hou en vloeke as hulle die insettinge en verordeninge daarvan verbreek **(Deut.5:2, Deut. 28:1-68).** Die Wet wat God aan Moses gegee het, het net betrekking gehad op die kinders van Israel. Dit het met ander volke niks te doen gehad nie. Die Sabbat as deel van hierdie Wet, is aan Israel gegee as 'n teken of seël van hierdie ooreenkoms met hulle. Ons lees in **Ex.31:16** dat ***"die kinders van Israel"*** die Sabbat "***in hul geslagte as 'n ewige verbond"*** moes hou. Die bevel om die Sabbat te onderhou, is nooit aan enige iemand anders as aan die Jode, as God se verbondsvolk, gegee nie. In hierdie opsig dwaal dié wat die nasionale verbonde wat God met sy volk Israel gesluit het, summier op die kerk of op enige ander nasie as Israel, van toepassing wil maak. Deur Jesus wat uit die nageslag van Abraham gebore is, is die belofte wat in **Gen.22:18** aan hom gemaak is, vervul: ***"En in jou nageslag sal al die nasies van die wêreld geseën word."*** Dit kon gebeur omdat Jesus nie net vir die Jode nie, maar vir al die nasies van die wêreld as sondeoffer op die kruis gesterf het **(Joh.3:16).**

Vir die Jood kan die Sabbat en die hele Wet net in Christus Jesus sy ware betekenis kry.
'n Christen gelowige is nie verplig om enige aspek van die wet van Moses te onderhou nie en 'n Joodse Christen kan sommige dinge van die Ou Testament as deel van sy kulturele erfenis herdenk as hy wil, maar hy moet versigtig wees dat hy geen geestelike betekenis van geregtigheid daaraan koppel nie. Om te glo dat enigiets anders as Jesus se volbragte werk op die kruis die guns van God sal wen, is 'n vertrapping van die bloed van die Nuwe Testament en 'n belediging vir die Gees van genade! **(Heb.10:29).**

"Maar nou is ons ontslae van die wet waardeur ons gebonde was, aangesien ons dit afgesterf het, sodat ons dien in die nuwigheid van die Gees en nie in die oudheid van die letter nie" (Rom7:6).

"Want Christus is die einde van die wet tot geregtigheid vir elkeen wat glo" (Rom.10:4).

Wat van die "Sewende dag" van Gen.2:2-3?

In hierdie skrifgedeelte word daar geen opdrag aan Adam en Eva gegee om van die sewende dag ŉ godsdienstige sabbat te maak nie. Aangesien Adam ook eers op die sesde dag geskape is en hy buitendien geen werk voor die sondeval gedoen het nie, kon die "rus" van hierdie gedeelte nie op hom van toepassing wees nie. Dit is ook te betwyfel of die woord "rus" in hierdie gedeelte betrekking het op fisiese rus, omdat daar staan dat dit God is wat van sy werk "gerus" het. Nou weet ons dat God nie kan moeg raak nie, want dit is geskrywe dat die Bewaker van Israel nie "sluimer of slaap nie" **(Ps.121:4).** Die "rus" van hierdie gedeelte moet dus meer die betekenis hê dat God klaar was met die spesifieke werk waarmee Hy besig was. Hierdie gedeelte bevat slegs ŉ beginsel wat heel waarskynlik later met die gee van die Wet aan Moses ná die uittog uit Egipte, in hulle godsdienssisteem geïnkorporeer is. Volgens Ex.12:2 is die Joodse godsdienskalender eers in die maand van hulle uittog uit Egipte ingestel:

"Hierdie maand moet vir julle die begin van die maande wees; dit moet vir julle die eerste van die maande van die jaar wees."

Dit is daarom dat ons ook eers in **Ex.16:23-29** vir die eerste keer lees dat die sewende dag, as 'n sabbat en as deel van 'n sewe dae siklus, vir Israel ingestel is.

Het Konstantyn die Sabbat na Sondag verander?

Konstantyn het niks verander nie. Omdat die Christene alreeds vanaf apostoliese tyd, lank voor Konstantyn se tyd **(306 – 337 n.C.),** gewoonlik op die eerste dag van die week al bymekaar gekom het **(Hand.20:7,1 Cor 16:1-2),** het hy niks te doen gehad met hulle besluit oor wanneer hulle bymekaar wou kom nie. As keiser van die Romeinse Ryk het hy later die Christelike geloof as die godsdiens van die staat laat verklaar en het toe besluit om die eerste dag van die week as ŉ rusdag te proklameer waarop geen besigheid gedoen kon word nie. (Konstantyn se verordening: *"On the venerable Day of the Sun let the magistrates and people residing in cities rest, and let all workshops be closed"* (Constantine, March 7, 321, **History of the Christian Church**, Vol. 3, p. 380, note 1).

Baie tradisionele Christene verwys verkeerdelik na Sondag, die eerste dag van die week, as die Christene se Sabbat. Nêrens in die Nuwe Testament lees ons van so-iets nie. Nêrens lees ons ook dat die dag net voor die eerste dag van die week, die sewende dag, die Joodse Sabbat van die Ou Testament, na die eerste dag van die week verskuif is nie. Daar word ook nêrens in die Skrif na die eerste dag van die week as ŉ sabbat verwys nie. Omdat Nuwe Testamentiese lering gelowiges roep tot ŉ "sabbatslewe", word een dag nie meer heilig as ŉ ander dag geag nie. Dit is daarom dat dit ook nie saak maak op watter dag daar bymekaar gekom word nie. Alhoewel ons lees dat die vroeë gelowiges ***"dag vir dag"*** bymekaar gekom het **(Hand.2:46-47**), lees ons dat hulle as ŉ gewoonte ook gereeld op die eerste dag van die week byeenkomste gehad het **(1 Kor.16:2).**

Op een van hul webtuistes wat voorgee dat hulle kommentaar lewer oor Galasiërs, word daar beweer dat die wette waarna Paulus verwys wat die Galasiërs weer na terugkeer, nie Joodse wette was nie, maar dat hulle na die heidense wette en feesdae verwys wat deur keiser Konstantyn ingevoer is ń poging om die Roomse Ryk te verenig: ***"These sorts of doctrines came about through the efforts of the Roman Emperor Constantine who, in an attempt to unify his "Holy Roman Empire", merged the pagan culture of the Romans with***

the ever-growing people group who followed the ways of Messiah and kept God's commandments contained in the Law" (www.torahdrivenlife.com).

Hierdie inleidende paragraaf tot hulle "kommentaar" oor Galasiërs, is heeltemal misleidend en nie waar nie. Die briewe waarin Paulus die eet van kossoorte en die hou van feesdae aanspreek, soos byvoorbeeld in Kolossense 2:16, is tussen 64-68 jaar na Christus geskrywe, Konstantyn het eers in 306 n.C. aan bewind gekom! ṅ Oppervlakkige lees van Galasiërs sal aantoon dat in die konteks is dit Joodse wette waarna verwys word, nie heidense wette nie! Verder verklaar Paulus dat dié kossoorte, feesdae en sabbatte waarna hy verwys, almal skadubeelde is was van toekomstige dinge; van wanneer af dien heidense simboliek as voorbeelde van Goddelike waarheid soos dit in Christus vervul is?
Hulle aanhaling bevat waarheid, maar dit het betrekking op wat oor die drie honderd jaar later eers gebeur het! Dit is toe dat dinge soos "Easter" en kersfees eers beslag gekry het. Dit kan nie van toepassing gemaak word op wat in Galasiërs en in Kolossense geskrywe staan nie!

Slotsom

Die Sabbat is deel van die Ou Verbond. Vir Christene word die Ou Verbond met die Nuwe Testament vervang **(Heb.8:13).** Die Sabbat as deel van die Ou Verbond geld dus nie vir Christen gelowiges nie **(Kol.2 :16).**

Waarom, ten spyte van sulke duidelike lering uit die Nuwe Testament, hou soveel Christene aan om die Sabbat en baie ander tradisies en ordonnansies van Judaïsme, op so 'n wettiese wyse te onderhou? Is dit omdat daar 'n verkeerde persepsie by hulle bestaan dat 'n mens meer geestelik is as jy jou met Joodse gebruike en tradisies assosieer? Of dit nou erken word of nie, sommige Christene dink dat hulle God meer deur hierdie tipe vormgodsdiens beïndruk. Omdat die lering van die Nuwe Testament, veral dié wat in die briewe aan die Galasiërs en die Hebreërs voorkom, nie ordentlik bestudeer word nie, word die Nuwe Testament nie verstaan nie en word Ou Testamentiese wette verkeerdelik in die kerk van toepassing gemaak. Die gevaar van die klem wat Judaïsme op uiterlike waarneembare ordonnansies plaas, is dat dit aansluit by die neiging in die moderne kerk om geestelikheid met sintuiglike ervarings te assosieer (omvallery in die gees, rituele, ikone, labirinte, gebedstasies, gebedsoptogte, hoë plekke, blaas van ramshorings, visualisering van Jesus, geestelike verbeeldingsvlugte, ens.), ***"wat, alhoewel dit 'n skyn van wysheid het, in eiesinnige godsdiens en nederigheid en in gestrengheid teen die liggaam, geen waarde het nie, maar strek tot versadiging van die vlees"*** **(Kol.2:23).**

Dit sal goed wees as ons mekaar gedurig daaraan herinner dat daar geskrywe staan: ***"…ons wandel deur geloof en nie deur aanskouing nie"*** **(2 Kor.5:7).**

Die gevaar van om op die Wet van Moses te fokus en dit op 'n wettiese wyse deel van jou godsdienssisteem te maak, is dat jou geestelike onderskeiding afgestomp raak. Die Skrif waarsku ons dat waar die Ou Testament op 'n verkeerde manier aangehang en toegepas word, dit die sinne verhard en dat begrip van Nuwe Testamentiese waarheid versluier word. Dié sluier kan net in Jesus Christus weggeneem word **(2 Kor.3:12-16).**

‘n Geestelike probleem ontstaan wanneer die bestudering van Mosaïese wette en Rabbiniese praktyke en doktrines die plek inneem wat eintlik aan die Wet van Christus behoort. Die meeste mense wat dit doen, doen dit omdat hulle opreg glo dat hulle God daardeur behaag, en so ‘n motief is prysenswaardig, maar Paulus het al lank terug getuig dat Israel ook ***“…’n ywer vir God het, maar sonder kennis. Want omdat hulle die geregtigheid van God nie ken nie en hulle eie geregtigheid probeer oprig, het hulle hul aan die geregtigheid van God nie onderwerp nie. Want Christus is die einde van die wet tot geregtigheid vir elkeen wat glo ”*** **(Rom.10:2-4).**

Christene wat onder Mosaïese wetsonderhouding verval het, het onder die invloed van misleidende lering gekom wat baie oortuigend klink en voorgee dat dit wat “vergete” en “verlore” geraak het in ‘n afgedwaalde kerk, nou weer herontdek is.

Daar is diegene wat sê dat alhoewel hulle betrokke is by Messiaanse Christen byeenkomste, hulle nie Ou Testamentiese wette onderhou nie. Aan hulle wil ek net sê, alhoewel julle nie die wette hou nie, as jy nie moeite doen om dié reg te help wat glo dat die Wet onderhou moet word nie, endosseer jy wat hulle doen!

HOOFSTUK 22. RENTMEESTERSKAP

Die Nuwe Testamentiese alternatief

Inleiding

Rentmeesterskap - Agtergrond

(***Oikonómos,*** **Luk.16:1 -** *An administrator, a person who manages the domestic affairs of a family, business, or minor, a treasurer, a chamberlain of a city, a house manager, overseer, steward* (The Complete Word Study Dictionary – Spiros Zodhiates
Rentmeester – “*Beheerder van geld en/of goed*,” HAT- Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal)

Voordat daar voluit na die beginsels van Nuwe Testamentiese rentmeesterskap oorgeskakel kan word, moet daar eers ‘n sterk oortuiging wees dat die tradisionele tiendelering soos wat dit in baie kerke verkondig word, nie van toepassing is op Nuwe Testamentiese gelowiges nie. Jy kan nie aan die een kant glo dat jy God se seëninge met tiendes en Sabbatsonderhouding kan koop en aan die anderkant probeer jy deur geloof in Christus se volbragte werk aan die kruis lewe nie. Dit is dan ook waarom hierdie boek, wat eintlik oor die hantering van materiële dinge en geld gaan, ‘n groot gedeelte afgestaan het aan ‘n volledige evaluering van watter rol die Ou Testament in die lewe van ṅ Christen gelowe moet speel. Omdat die tiendelering verkondig dat een tiende van my inkomste aan God behoort, word die indruk geskep dat die res dus aan my moet behoort. Hierdie tradisionele konsep veroorsaak dat nadat ‘n gelowige sy tiende aan die kerk gegee het, hy dikwels die ander nege tiendes soos ‘n wêreldling uitleef. Ons het alreeds in die eerste gedeelte van hierdie boek gewys hoe die tradisionele lering rondom die gee van tiendes ‘n voorbeeld is van swak, onaanvaarbare en onkonsekwente skrifuitleg wat in die hantering van finansies verreikende gevolge het.

Die hele idee van Rentmeesterskap gaan van die standpunt uit dat alles in die heelal aan God behoort. **Psalm 24:1** verklaar byvoorbeeld dat ***"Die aarde"*** en alles wat daarin is, aan Hom behoort. Om hierdie feit verder te bevestig, verklaar die Woord in Psalm 50 dat God nie afhanklik is van iemand se bees of bok nie, want ***"die vee op berge by duisende***" is syne **(Ps.50:10).** Ook word daar in **Haggai 2:8** verklaar dat al die goud en silwer in die wêreld aan Hom behoort. Dit klink nie of God finansieël in die knyp is soos wat daar dikwels voorgegee word nie!

Rentmeesterskap behels twee belangrike beginsels. Die eerste beginsel berus op die feit dat die Bybel onomwonde verklaar dat God belowe om in sy kind se behoeftes te voorsien. Die tweede belangrike beginsel van Rentmeesterskap is gebaseer op die feit dat die Woord van God ons leer dat daar sekere verantwoordelikhede is wat óns moet nakom. Hierdie twee dele word vir ons in een versie in die Nuwe Testament opgesom: ***"Beywer julle allereers vir die koninkryk van God en vir die wil van God, dan sal Hy julle ook al hierdie dinge gee"*** **(Matt.6:33, NAV).**

Kom ons bekyk hierdie beginsels van naderby.

1. God se deel

Omdat God soewerein is en op maniere werk wat ons nie altyd kan verstaan of voorspel nie, is daar nie veel wat 'n mens oor sy soewereine wil kan sê nie. Wat wel op grond van die Woord gesê kan word, is dat Hy belowe om in die behoeftes van Sy kinders te voorsien en dat sy wil, vanaf Sy oogpunt gesien, vir hulle die beste is **(Rom.8:28).** Hierdie feit word deur Paulus bevestig as hy aan die Filippense skryf: ***"En my God sal elke behoefte van julle vervul na sy rykdom in heerlikheid deur Jesus Christus"*** **(Fil.4:19).** Terwyl baie skrifgedeeltes verklaar dat God in ons behoeftes sal voorsien, kan nie een aangehaal word wat sê dat Hy ons selfsugtige hebsugte sal bevredig nie. Ons moet dus seker maak dat ons verstaan wat die verskil is tussen ons lewensbehoeftes en ***"die begeerlikhede van die vlees en die begeerlikheid van die oë en die grootsheid van die lewe"*** **(1 Joh.2:16)**. Terwyl saligheid sonder verdienste en slegs deur genade en geloof in Christus se soenverdienste verkry kan word, is antwoord op gebed en die ervaring van God se voorsienende krag voorwaardelik:
"Geliefdes, as ons hart ons nie veroordeel nie, dan het ons vrymoedigheid teenoor God; en wat ons ook al bid, ontvang ons van Hom, omdat ons sy gebooie bewaar en doen wat welgevallig is voor Hom"**(1 Joh.3:21-22).**

1 Joh.3:21-22 sê duidelik dat daar 'n korrelasie is tussen antwoord op gebed en om te doen ***"wat welgevallig is voor Hom."***
Saligheid is verniet, maar dit lyk asof antwoord op gebed nie sommer in jou skoot val nie

Ek vind dit vreemd dat ons wat so maklik sê dat ons God vertrou om ons te red van 'n ewige verdoemenis in die hel, weifel as dit kom om Hom te vertrou vir ons alledaagse materiële behoeftes. As ons God nie kan vertrou vir tydelike materiële dinge wat ons kan sien nie, hoe weet ons dat ons geloof in Hom vir ewige, onsienbare realiteite eg is?

Ek word herinner aan die storietjie van die twee duifies wat in hul nessie sit en afkyk op 'n skarrelende mensdom wat maagsere kry in hul angstige gejaag na rykdom en oorlewing. Terwyl die een kopskuddend met sy vlerkie na onder wys, sê hy vir sy maatjie: "*Hulle het seker nie 'n Hemelse Vader wat na hulle kyk soos ons nie?"*

Hierdie storietjie illustreer in 'n ligte trant wat Jesus aan sy dissipels gesê het:
"Kyk na die voëls van die hemel; hulle saai nie en hulle maai nie en hulle bring nie bymekaar in skure nie, en tog voed julle hemelse Vader hulle. Is julle nie baie meer werd as hulle nie?...Daarom moet julle jul nie kwel en sê: Wat sal ons eet, of wat sal ons drink, of wat sal ons aantrek nie? Want na al hierdie dinge soek die heidene; want julle hemelse Vader weet dat julle al hierdie dinge nodig het. Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word" **(Matt.6:25-34).**

Die element van geloof in God as voorsiener van ons daaglikse behoeftes moet aktief in ons lewe teenwoordig wees.

2. Die deel wat ons moet doen – Die uitleef van die beginsels van Rentmeesterskap

Rentmeesterskap beteken dat jy verantwoordelikheid neem vir dít wat aan jou toevertrou word, dat jy goed daarna kyk en dat jy dit goed bestuur. Dit was die opdrag wat God aan die eerste mens Adam gegee het. As rentmeester moes hy oor God se skepping heers. Hierdie opdrag om ***"oor die visse van die see en die voëls van die hemel en die vee en oor die hele aarde"*** te heers **(Genesis 1:26)** is in soverre as wat ek dit verstaan, nog nooit deur God teruggetrek nie. Die vervulling van hierdie opdrag aan die mens sien ons vandag nog in die mens se vermoë om riviere te tem deur damme te bou en die water vir besproeiing en vir die opwekking van hidro-elektriese krag aan te wend. Hierdie mandaat kan oral oor die wêreld in die industriële, tegnologiese en landboukundige prestasies van die mens gesien word.

Hierdie oorspronklike skeppingsmandaat wat aan die mens gegee is, word ongelukkig deur 'n groot gedeelte van die kerk verkeerd geïnterpreteer. 'n Tipe koninkryk-nou teologie ("Dominiomism") word verkondig wat verklaar dat die kerk geroep is om 'n Utopia hier op aarde te vestig waarin Christene beheer oor alles moet uitoefen. Dit moet glo gedoen word om die aarde vir Jesus se wederkoms voor te berei. Ek kan onmiddellik aan twee skrifgedeeltes dink wat hierdie neiging in die moderne kerk weerlê: Paulus skryf aan die Filippense: ***"Maar ons is burgers van die hemel, van waar af ons ook die Here Jesus Christus as Verlosser verwag. <u>Deur die krag waarmee Hy alles aan Homself onderwerp</u>, sal Hy ons nederige liggame verander om soos sy verheerlikte liggaam te wees"*** **(Fil.3:20-21, NAV,** my beklemtoning**)**
"Ek het gesien dat hierdie horing oorlog voer met die heiliges en hulle oorwin,
<u>totdat die Oue van dae kom</u> en aan die heiliges van die Allerhoogste reg verskaf is <u>en die bepaalde tyd gekom het</u> dat die heiliges die koninkryk in besit geneem het" **(Dan 7:22,** my beklemtoning**).**

As rentmeesters onder die gesag van God, moes die mens hierdie mandaat volgens Sy wil uitvoer. Oor die algemeen doen die mens dit ongelukkig nie en word dit gedoen volgens die universele sataniese beginsels van selfsugtigheid, hebsug, ambisie, mag en plesier. Alhoewel die mensdom hierdie mandaat grootliks op 'n selfsugtige wyse vir eie gewin uitleef, ontneem dit nie die Christen gelowige van sý verantwoordelikheid om sy eie sake volgens God se beginsels te orden nie.

Ons rol in terme van ons geestelike en materiële verantwoordelikhede word in die gelykenis van die talente opgesom **(Matt. 25:14-30).** Die dienskneg wat met sy talent niks gedoen het nie, is kwaai deur sy meester aangespreek met die woorde: ***"...werp die nuttelose***

***dienskneg uit in die* buitenste *duisternis...*" (Matt.25:30).** Dié wat hulle talente verdubbel het, is deur hul meester geprys met: ***"Mooi so, goeie en getroue dienskneg"* (Matt.25:23).**

Die storie van die ou plaasboer illustreer die beginsel van rentmeesterskap ook baie goed. Hy het hard gewerk om die verwaarloosde plaas wat hy gekoop het, weer op te bou. Hy het die vervalle geboue herstel, die lande omgeploeg en gesaai, weer drade gespan en kraalmure opgebou. Saans as hy oor die grensdraad met sy buurman gesels en vertel wat hy dié dag vermag het, is hy gemaan dat dit nie hy is wat dit gedoen het nie, maar God. Hy moet al die eer aan Hom gee. As die ou boer so na die eelte op sy hande kyk, kon hy nie verstaan nie. Eendag, moeg na 'n harde dag se werk, toe sy buurman hom weer vermaan dat dit nie hy is nie, maar God, kon hy nie help om teenoor sy buurman uit te bars nie: *"Buurman, jy moes hierdie plaas gesien het toe die liewe Heer alleen hier geboer het!"*

Ons kan God dank vir gesondheid en vir geleenthede, maar daar is sekere verantwoordelikhede wat ons self moet nakom.

Rentmeesterskap – Die ordening van jou lewe volgens God se wil - Matt.6:33

***"Beywer julle allereers vir die koninkryk van God en vir die wil van God, dan sal Hy julle ook al hierdie dinge gee"* (Matt.6:33, NAV).**

Ons as gelowiges moet besef dat ons nie ons lewe kan bestuur soos ons wil nie; dit moet volgens God se wil gedoen word. In die konteks verwys "hierdie dinge" wat vir ons bygevoeg sal word, na die alledaagse lewensbenodigdhede soos kos, klere en blyplek **(Matt.6:31).** Die voorwaarde vir die vervulling van hierdie belofte wat Jesus gee, is om jou vir die Koninkryk van God te beywer en sy wil hier op aarde te doen.

Hoe weet ons wat die wil van God vir ons lewens is? Dit is waar die Bybel as 'n praktiese handboek gebruik moet word. Daarin vind ons Goddelike beginsels wat vir ons leiding kan gee en wat ons op elke terrein van ons lewe kan toepas. Dit bepaal wat ons gesindhede, ons waardestelsel en ons ambisies moet wees. Daarin vind ons ook die verantwoordelikhede wat ons as gelowiges moet nakom om goeie rentmeesters te wees.

Die resultaat van gehoorsaamheid aan God is die ervaring van vrede, blydskap en geregtigheid in jou lewe **(Rom.14:17).**

Omdat ons die tradisionele tiendelering in die eerste gedeelte van hierdie boek ondersoek en geëvalueer het, bied ons in hierdie gedeelte van die boek 'n Bybelse alternatief daarvoor aan. Onder die tiendestelsel bestaan die konsep dat ek een tiende van my inkomste aan God moet gee en dat die orige nege tiendes dan aan my behoort. Die alternatiewe siening gaan van die standpunt uit dat God verwag dat ek 'n goeie rentmeester moet wees oor tien tiendes van dít wat Hy my toelaat om bymekaar te maak. Ek glo dat produktiwiteit, integriteit en die talente wat ons ontvang het, 'n belangrike rol speel in dit wat ons op materiële gebied kan bereik. Ons word nie in die donker gelaat oor hoe ons dít wat aan ons toevertrou word, moet aanwend en administreer nie. Al die beginsels en instruksies om 'n goeie rentmeester te wees, kry ons in die Woord. As hulle gehoorsaam uitgeleef word, maak dit van ons goeie bestuurders. In die mate wat ons hierdie beginsels toepas, word ons ook getuienisse van sy liefde, voorsienigheid en genade. Jesus som die rol van 'n

verantwoordelike rentmeester so op: ***"Mooi so! Jy is 'n goeie en getroue slaaf"*** **(Matt. 25:21).**

In die Bybel word daar baie oor geld en materiële dinge gesê. Daar word meer in die Bybel oor die hantering van geld en materiële dinge gesê as oor gebed en geloof saam. Is dit omdat God geweet het hoeveel probleme dit in die lewe van die meeste mens sou veroorsaak? Dit is in elk geval 'n onderwerp wat baie ernstig opgeneem moet word, want dit lyk mos volgens **Lukas 16:11** of die manier waarop ons dit hanteer 'n belangrike rol speel in ons geestelike ontwikkeling: ***"As julle dan nie getrou was in die onregverdige Mammon nie, wie sal julle die ware goed toevertrou?"*** Mammon, wat hier materiële dinge verteenwoordig, word met geestelike besittings gekontrasteer. Die hoeveelheid geld wat ons op sekere dinge uitgee, vertel ons sekerlik tog iets van ons prioriteite, waardes en belangstellinge in die lewe. 'n Direkte uitvloeisel van die toepassing van Bybelse beginsels in die hantering van geld en materiële dinge is dat 'n persoon geestelik meer volwasse, meer produktief en meer vertrouenswaardig raak. In die besigheidswêreld word hierdie kwaliteite gou raakgesien en lei dit dikwels tot erkenning en bevordering. Ons geestelike volwassenheid word dus ook in ons gesindheid teenoor geld en materiële dinge gereflekteer.
Die ontoereikendheid van die tradisionele tiendestelsel word juis op hierdie gebied geïllustreer. Omdat sommige lidmate dink dat hulle die nege tiendes wat aan hulle behoort na eie goeddunke kan bestee, lei dit dikwels tot ongerymdhede in wat veskillende lidmate in dieselfde gemeente ervaar. Om dit te illustreer, wil ek vertel van wat ek op 'n sekere plek waarheen ek uitgenooi is, ervaar het. Die gasheer by wie ek gebly het, was ryk en sy leraar het teenoor my getuig van die groot tiendebydrae wat die kerk gereeld van hom ontvang. 'n Mens moet dus aflei dat dit die oorblywende nege tiendes van sy inkomste was wat hom in staat gestel het om sy mooi huis, sy luukse motor en sy ander duur besittings mee te koop. Dit het hom ook in staat gestel om sy vriende op gereelde jagtogte te neem. Hier moet ek byvoeg dat hierdie man werklik 'n opregte, eerlike man was wie se motiewe gladnie bevraagteken kon word nie.

'n Ouerige oom en tante het my na een van die byeenkomste kom spreek in verband met die finansiële verknorsing waarin hulle hulself bevind het. Ons het in die sitkamer van my ryk gasheer ontmoet. Hulle het my vertel dat hulle pensioenarisse is wat 'n woonstel moes huur en dat hulle ook nog 'n kind op universiteit moes onderhou. Al wat ek in hulle geval kon doen, was om saam met hulle na hulle maandelikse begroting te kyk. Heel bo-aan hulle uitgaweskolom was natuurlik hulle tiende wat hulle getrou aan die kerk gegee het. Daar was nie 'n plek waar hulle verder hulle uitgawes kon besnoei nie. Met hulle beperkte inkomste kon ek sien dat hulle regtig met 'n probleem sit en dat hulle maar skraps moes lewe. Terwyl ek daar in die luukse sitkamer sit, het ek bewus geword van die ongerymdheid van die manier van hoe die tiendestelsel in die meeste kerke toegepas word. Hier is 'n geval van twee families wat in dieselfde kerk sit en albei leef volgens dieselfde teologiese beginsel. Albei betaal getrou tiendes, maar terwyl die een duisende rande oor het om luuks van te lewe, gaan die ander familie amper dood van die honger. Ek het gedink aan die woorde wat Paulus aan die Korinthiërs geskryf het dat hulle oorvloed ***"in hierdie tyd hulle gebrek kan aanvul…"*** **(2 Kor.8:14).**
Gehoorsaamheid aan Nuwe Testamentiese beginsels van Rentmeesterskap skakel sulke ongerymdhede in gemeentes uit. Terwyl die klem van lering op die betaal van tiendes val, word die beginsel van gee afgeskeep. Volgens my ondervinding kan ek getuig dat baie kerke

leer dat as jy behoeftige mense wil help, jy nie van jou tiendegeld wat na die kerk toe moet gaan, kan gebruik nie; die tiende moet eers betaal word en dan mag jy van jou eie geld wat oorbly, gebruik. U begryp dat dit nie ons ryk vriend se integriteit en goeie bedoelinge is wat bevraagteken word nie, maar net die teologie wat tot sulke ongelyke situasies in die liggaam van Christus aanleiding gee.

23. NUWE TESTAMENTIESE BEGINSELS TEN OPSIGTE VAN DIE BESTUUR VAN FINANSIES EN MATERIËLE DINGE

1. OM TE GEE – Die Nuwe Testamentiese alternatief tot die tradisionele tiendelering

Die Onderliggende Beginsels

(a) Om te gee is beter as om te ontvang **(Lukas 6:38).**
(b) Jy moet volgens jou vermoë gee **(2 Korintiërs 8:12).**
(c) Nie spaarsamig nie **(Markus 12:43, 2 Korintiërs 8:3).**
(d) Nie uit dwang nie **(2 Korintiërs 9:7).**
(d) Soos elkeen in sy eie hart besluit **(2 Korintiërs 9:7).**
(e) Met beplanning **(1 Korintiërs 16:2).**

Nêrens spesifiseer Paulus of enige van die ander skrywers van die Nuwe Testament enige spesifieke persentasie as ’n vereiste nie. Paulus se lering dat elkeen moet gee volgens dit wat hy in sy eie hart besluit en dat dit nie onder dwang moet geskied nie, is in skrille kontras met die tiendelering wat so algemeen verkondig word. Paulus gee algemene beginsels. Die rykes en dié wat oorgenoeg het, moet bevry word van die wet van om nét ’n tiende te gee, terwyl die armes en behoeftiges bevry moet word van die verpligte gee van ‘n tiende, sodat hulle volgens hulle vermoë kan gee **(1 Timoteus 6:17-18, 2 Korintiërs 8: 2-14).**

Bybelse prioriteite wanneer daar gegee word

1. Sien om na die behoeftes van jou familie

Die beginsel van gee het nie net betrekking op die gee van materiële dinge nie. Dit behels in die eerste plek die gee van jouself. Geld is gewoonlik die maklikste ding om te gee. Daar kan aan talle gevalle gedink word waar familielede afgeskeep word omdat die man of vrou van die huis te besig is met die “dinge van die Here.” Volgens God se raadsplan is die huisgesin die ruggraat van die gemeente. Wanneer ’n gelowige vrou ’n ma is, is haar belangrikste bediening om na haar familie om te sien. Dieselfde geld vir die pa. Die Skrif leer ons dat as ’n gelowige nie vir sy eie huisgesin sorg nie, hy die geloof verloën het en dat hy slegter as ’n ongelowige is **(1 Timoteus 5:8).** Die behoefte vir aandag wat deur die afskeep van ’n huweliksmaat geskep word, maak hom of haar veral vatbaar vir aandag van ander persone van die teenoorgestelde geslag.

Dié wat glo dat hulle tot die sendingveld geroep is en wat families het, moet veral baie sensitief wees ten opsigte van die persoonlike behoeftes van hulle vrouens en kinders. Baie familieverhoudinge het in die verlede al skade gely as gevolg van onwyse toewyding aan geestelike werk.

2. Daar moet ook omgesien word na die behoeftes van die liggaam

Volgens die Skrif moet daar, wat materiële dinge betref, meer ewewig in die liggaam wees. ***"Ek bedoel nie dat julle gebrek moet ly om ander te kan help nie; maar sodat daar ewewig sal wees, moet julle wat nou oorvloed het, dié help wat gebrek ly"*** **(2 Korintiërs 8:13-14, NAV).**

Alhoewel Paulus daarvan melding maak dat hy die reg het om te verwag dat ander met sy onderhoud sal help, het hy dikwels ter wille van sy getuienis verkies om nie daarvan gebruik te maak nie **(1 Korintiërs 9:12-15).** Hy het ook verklaar dat as iemand nie werk nie, hy ook nie mag eet nie. Hierdie is 'n belangrike beginsel om in gedagte te hou om te verhoed dat leeglêers en luies ander hardwerkende Christene uitbuit **(2 Thessalonisense 3:10).**

Dit is interessant om die verwysing wat in **1 Timoteus 5:18** aangehaal word, na te slaan. In die konteks van **Lukas 10:7** verwys die woorde *"...want die arbeider is geregtig op sy loon"* na wat vir die dissipels voorgesit is om te eet en te drink terwyl hulle rondgegaan het om die Evangelie te verkondig. Die uitspattige luuksheid en groot materiële bates van sommige moderne "dissipels" wat die "oes" inbring, weerspreek die gees van die leringe van die Nuwe Testament. As ons 'n gedeelte soos **1 Timoteus 6:5-10** in ag neem: ***"Hulle dink dat die godsdiens iets is om geldelike wins mee te maak... As ons dan kos en klere het, moet ons daarmee tevrede wees... Geldgierigheid is 'n wortel van allerlei kwaad"*** **(NAV)** dan kan ons nie saamstem met dié wat sê dat **1 Timoteus 5:17** verklaar dat leiers dubbele betaling moet ontvang nie. Vergelyk ook die gesindheid van Paulus soos dit in **2 Korintiërs 2:17** uitgedruk word:***"...omdat ons nie is soos baie ander wat geld maak uit die Woord van God nie"*** **(NAV).**
Sommige mense moet ondersteun word, nie omdat hulle "voltyds" in die bediening is nie - daartoe is alle gelowiges geroep - maar omdat spesiale behoeftes ontstaan as gevolg van die tipe werk wat sommige doen om die koninkryk van God uit te brei. As deel van die liggaam van Christus moet ook in hulle behoeftes voorsien word.

3. Die behoeftes van die armes, weduwees en wese

In die Nuwe Testament word die behoeftes van die armes en die weduwees en die wese sterk beklemtoon **(Galasiërs 2:10, Jakobus 1:26-27).** Nie elke vrou wat 'n man aan die dood afgestaan het, kwalifiseer egter outomaties vir materiële bystand nie. In verband hiermee word spesifieke voorskrifte in **1 Timoteus 5:3-16** gegee:

(a) Christene moet leer dat hulle 'n plig het om na hul weduwee moeders, ouers of grootouers te kyk.
(b) Weduwees moet geleer word om nie losbandig te leef nie.
(c) Om as weduwee te kwalifiseer, moet 'n vrou ouer as sestig wees.
(d) Nie losbandig wees nie.
(e) Gelowiges tot nut wees.
(f) Getuienis hê van goeie werke.
(g) Verdruktes gehelp het en goeie werke nagestreef het.
(h) Jong weduwees moenie wellustig, bemoeisiek of praatsiek wees nie.

Die gemeente moet dié wat waarlik weduwees is help, maar die ander moet deur hul naasbestaandes bygestaan word.

4. Goeie dade en mededeelsaamheid (Hebreërs 13:16, Galasiërs 6:10)

Selfsugtigheid en afsydigheid teenoor jou medemens se nood kan nie met die leringe van Jesus vereenselwig word nie. Die maklikste ding om te gee, is egter geld. Om jouself te gee in terme van aandag aan mense met behoeftes is nie altyd so maklik nie. In die gelykenis van die barmhartige Samaritaan word vir ons ’n goeie voorbeeld gegee van die gesindheid wat ’n kind van die Here moet openbaar **(Lukas 10:25-37).**

Rentmeesterskap se Hoë Standaarde

Die morele en geestelike standaarde wat deur Nuwe Testamentiese rentmeesterskap gestel word, is hoër as dié van die Ou Testament. Omdat daar, wat die gee van tiendes betref, geleer word dat een tiende aan God behoort en nege tiendes aan jouself, word die oorblywende nege tiendes dikwels nie verantwoordelik en volgens Bybelse beginsels uitgegee nie. Om ’n goeie rentmeester oor tien tiendes te wees, vereis dat daar oor alle sake rakende die lewe, wat finansiële en materiële dinge insluit, rekenskap gegee moet word. Dit sluit byvoorbeeld ook in wat op vermaak en ontspanning uitgegee word, hoeveel rente op skuld betaal word en wat aan onnodige luukse artikels bestee word. Daar is Christene wat byvoorbeeld meer op ’n karavaan, wat vir meer as elf maande per jaar onder ’n afdak staan, afbetaal as wat hulle bydra om in die behoeftes van ander te help. Volgens die Woord stel God in elke aspek van ons lewe belang.

Die gewer se gesindheid

Die gesindheid waarmee gegee word, is belangriker as dít wat gegee word. Die vermoë en die motivering om te gee is ’n vrug van die werking van die Heilige Gees in die lewe van die gelowige. Die gelowige wat hierdie gesindheid openbaar, sal soos die Masedoniërs, eers homself aan die Here gee **(2 Korintiërs 8:5)** voordat hy begin gee. Die vrygewigheid wat uit so ’n lewe voortvloei, sal deur blydskap gekenmerk word **(2 Korintiërs 8:2-12).**
Suinigheid, onmededeelsaamheid en inhaligheid is nie kenmerke van ‘n Christelike karakter nie.

Om te gee is ‘n beginsel wat van toepassing is op almal

Om te gee is ‘n geestelike ondervinding waarin ook die armes kan deel, want die waarde van ’n gawe word nie bepaal deur wat dit in terme van geld werd is nie, maar deur die gesindheid van die gewer. Om te kan gee, moet as ’n voorreg beskou word, nie as ’n verpligting nie.

Die resultaat van vrygewigheid

’n Belangrike gevolg van gee is die geestelike verryking van die persoon wat gee en die danksegging teenoor God in die hart van die persoon wat ontvang **(2 Korintiërs 9).** Om te gee, bou jou karakter omdat dit die wortel van selfsugtigheid teëwerk wat so dikwels in ’n mens se lewe kop uitsteek.

Slotsom

Gee moet karakter bou, nie fondse nie.

Die kerk is nie ’n klub waar lidmaatskapfooie betaal moet word nie. Dit is ook nie ’n institusie wat belastings vir sy lede kan voorskryf nie. Die kerk is ’n mistieke, geestelike liggaam

waarvan Jesus Christus die Hoof is. Deur die Heilige Gees word die lidmate geïnspireer om nie net met woorde lief te hê nie, maar ook met dade. Geld en materiële dinge word beskikbaar om in die behoeftes van die liggaam te voorsien soos wat elke gelowige vrywillig in sy hart besluit om te gee. Die rol wat geld in 'n gemeente speel, hang grootliks af van die model van die kerk wat gevolg word. In die Ou Testament moes die mense tiendes gee sodat daar kos in die voorraadkamer van die tempel kon wees **(Maleagi 3:10).** In die Nuwe Testament word die liggaam van Christus, wat uit gelowiges bestaan, nou die "tempel." Van die Ou Testamentiese skadubeeld kan ons aflei dat dit God se wil is dat daar kos in die voorraadkamer van sy Nuwe Testamentiese tempel moet wees. As wat met "tempel" en "voorraadkamer" nie bedoel word wat in ooreenstemming is met Nuwe Testamentiese openbaring nie, sal geld noodwendig uitgegee word op dinge wat niks te doen het met die vervulling van die behoeftes van die liggaam van Christus nie! En dit is die tragedie wat ons as gelowiges almal raak. As die kerk nie oor die laaste paar duisend jaar van die Nuwe Testamentiese patroon afgedwaal het nie, sou die Biljoene wat op onnodige bouprogramme en ander dinge uitgegee word, beskikbaar gewees het om in die behoeftes van die liggaam van Christus te voorsien.

2. 'n BYBELSE PERSPEKTIEF OP SKULD

"Julle moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle verander deur julle denke te vernuwe" **(Rom.12:2, NAV).**

"...want as iets jou in sy mag het, is jy sy slaaf" **(2 Pet.2:19).**

Gelukkig het ek my les ten opsigte van skuld op 'n relatiewe jong stadium van my lewe geleer. Dit het so gebeur: In 1975 het ek 'n huis in Rietondale, Pretoria vir R24,000 gekoop. Na die deposito van R3,000 was die uitstaande verbandskuld R21,000. In daardie jare was die rentekoers op huislenings geweldig hoog. Na ons troue in 1982 het ek en my vrou gaan sit en 'n opname van ons finansiële situasie gemaak. Die enigste skuld wat ons gehad het, was die huislening. Nadat ek al die maandelikse state bymekaar gekry het, het ons 'n skokkende ontdekking gemaak – nadat ek vir sewe jaar gereeld 'n paaiement van R220 per maand betaal het, ongeveer R18,000, was die uitstaande bedrag wat ek nog geskuld het R20,700! Na sewe jaar het my skuld maar met ongeveer R300 gedaal! Daar het ek met 'n skok vir die eerstekeer met saamgestelde rente te doen gekry. Omtrent alles wat ek inbetaal het, is deur die maandelikse rente opgevreet!

Dit is toe dat ek begin wonder wat die Bybel oor skuld te sê het. Volgens Levitikus 25 moes alle skuld in Israel elke sewe jaar afgeskryf word. En die uitleners moes dit doen. Wanneer geld uitgeleen word, moes hierdie sewejaarsiklusse in aanmerking geneem word. As daar net 'n jaar of twee oor was voor die einde van 'n siklus, sou 'n geldskieter net uitgeleen het wat in die oorblywende tyd voor die einde van die siklus terugbetaal kon word. Die implikasie van so 'n wet was dat skuld ten alle tye onder beheer was, want die uitleners moes sorg dat hulle net bedrae uitleen wat in die beperkte tyd afbetaal kon word. As hulle dit nie gedoen het nie, sou húlle die skade moes ly.

Vandag kan terugbetaling op verbandlenings op huise oor 'n tydperk van twintig of dertig jaar gedoen word. U kan self uitwerk wat aan saamgestelde rente oor so 'n lang tydperk betaal word. So sal 'n huis met 'n R100,000 verband wat oor 20 jaar teen 10% terugbetaal moet word, uiteindelik meer as R300,000 kos - meer as driekeer die bedrag waarvoor dit

aangekoop is! Met oortrokke bankrekeninge gaan dit netso. As daar met die bank gereël word, kan oortrokke fasiliteite oor ‘n onbepaalde tydperk gebruik word, solank die versekerde maksimum net nie oorskry word nie. Kan u dink wat word aan rente betaal?

Ek en my vrou het die wysheid van die Ou Testamentiese stelsel ingesien en besluit om die beginsel op onsself van toepassing te maak en die skuld op ons huis so gou as moontlik af te los. Deur selfdissipline en beplanning, en met die hulp van ons Hemelse Vader, het ons dit reggekry om ons huis in ‘n baie korter periode as wat toegelaat is, af te betaal. Deur dit te doen het ons duisende rande gespaar wat andersins aan rente betaal sou moes word.

Die probleem met skuld is nie soseer die feit dat daar so baie mense is wat wil geld leen nie; die probleem is dat daar soveel instansies is wat dit wil uitleen omdat dit so ń maklike manier van geldmaak is. Hulle weet lankal van die beginsel van saamgestelde rente wat vir hulle kan werk. Kyk maar hoe algemeen word die gebruik van kredietkaarte geadverteer en hoe maklik word skuld in terme van huurkope op allerlei items toegestaan. Ek kry gereeld pamflette en brosjures in my posbus wat my nooi om deur slegs ‘n telefoonoproep reëlings te tref om geld te leen. Ek dink lankal nie meer dat hulle vir mý ń guns wil bewys nie!

Verantwoordelike en onverantwoordelike skuld

Alhoewel die Woord van God ons teen skuld waarsku, word dit nie verbied nie. Om skuld te maak, is nie ‘n sonde nie, maar om dit nie terug te betaal nie, is: ***“Die goddelose leen en gee nie terug nie”*** **(Psalm 37:21).** Paulus se raad is egter dat behalwe om lief te hê, die ideaal moet wees om niemand iets te skuld nie **(Rom.13:8).** Alhoewel dít die ideaal is, kan ‘n mens nie die afleiding maak deur te sê dat alle skuld verkeerd is nie. Jesus het byvoorbeeld sy dissipels gemaan dat hulle iemand wat van hulle wil leen, nie sommer moet wegwys nie **(Matt.5:42, Luk.6:34-35).** In een van sy gelykenisse maak Jesus ook melding van iemand wat by sy vriend iets wou gaan leen **(Luk.11:5).** Alhoewel die maak van skuld nie direk in die Bybel verbied word nie, moet daar tog onderskeid getref word tussen verantwoordelike en onverantwoordelike skuld. Die meeste mense sou byvoorbeeld nie in hulle eie huise kon woon as hulle nie verbandlenings kon uitneem nie. Jy maak verantwoordelike skuld wanneer jy weet dat jy die maandelikse paaiemente gerieflik sal kan terugbetaal en wanneer jy genoeg sekuriteit het om dit te dek. Jy is in ń redelike veilige posisie as die waarde van iets wat jy op skuld koop meer is as die uitstaande bedrag wat jy nog skuld. Dit sou egter onwys wees om voor die winter ‘n vrag steenkool op skuld te koop, want na die winter as jy alles verbrand het, is daar niks oor om die uitstaande bedrag te dek nie. ’n Verbandlening op ‘n huis sou ek dink, is verantwoordelike skuld, want die waarde van die eiendom dek gewoonlik dit wat nog uitstaande is en oor die lang termyn is daar gewoonlik ook ń redelike groei in eiendomspryse. Skuld wat gemaak word om toerusting aan te koop wat iets van waarde kan vervaardig , kan ook ‘n goeie belegging wees, aangesien die wins uit produksie baie meer kan wees as die rente wat jy op die uitstaande bedrag moet betaal. Daar sal egter maar altyd risiko’s verbonde wees aan enige vorm van skuld wat gemaak word.

Dikwels is oorbesteding en die maak van onverantwoordelike skuld maar net die simptoom van ‘n dieperliggende probleem; miskien ‘n gebrek aan selfdissipline om impulsiewe begeertes onder beheer te hou, of ‘n gebrekkige selfbeeld wat deur luukshede aangevul moet word.

Waarom moet ons versigtig wees om skuld te maak?

"…hy wat leen, is 'n slaaf van die man wat uitleen" **(Spr.22:7).**

Skuld veroorsaak dat jy indirek vir jou krediteure werk omdat jy hulle, met rente, moet terugbetaal. Dit is neerdrukkend om elke maand te sien, ten spyte van jou terugbetalings, hoe stadig jou uitstaande skuld verminder. Een van die ernstigste gevolge van druk wat ontstaan as gevolg van skuld, is die invloed wat dit op die verhouding van 'n man en vrou in 'n huwelik kan hê. Aanhoudende spanning as gevolg van skuld wat buite beheer is, kan ook 'n negatiewe uitwerking op 'n persoon se fisiese en psigiese gesondheid hê. Is dit die rede hoekom maagswere en depressie deesdae so algemeen voorkom?

3. HOU JOU VINGER OP DIE POLS

"Gee noukeurig ag op die voorkoms van jou skape, rig jou aandag op die troppe vee…dan is daar lammers vir jou kleding en bokke as 'n koopprys vir grond, en genoeg bokmelk as voeding vir jou, as voeding vir jou huis en as lewensonderhoud vir jou diensmeisies" **(Spr.27:23-27).**

Toe 'n melkboer eendag gevra is waaraan hy sy sukses toeskryf, het hy geantwoord dat dit te danke was aan 'n vuurhoutjiedosie. Hy moes verduidelik. "Jy sien," het hy gesê, "Jy neem ń vuurhoutjiedosie, stoot die binnekantste gedeelte uit en loer dan deur die buitekantste omhulsel na elke koei". "Wat gaan dit help?" is gevra. "Ek weet nie," was sy antwoord, "maar ten minste het jy jou oog op elke koei!"

In enige onderneming moet iemand die verantwoordelikheid neem om ń oog op dinge te hou! As iets verkeerd loop moet daar dadelik opgetree kan word. Die enigste effektiewe manier om dit te kan doen, is om ń balanstaat van al jou bates en laste op te stel. Na gelang jou finasiële situasie verander moet die balanstaat ook aangepas word.

"…want God is nie 'n God van wanorde nie…Laat alles welvoeglik en ordelik gaan" (1 Kor.14:33,40)

4. BEPLAN EN BEGROOT

"Want wie van julle wat 'n toring wil bou, gaan nie eers sit en die koste bereken, of hy die middele het om dit uit te voer nie" **(Luk.14:28).**

"Die planne van die vlytige is net tot voordeel, maar elkeen wat oorhaastig is, kom net tot gebrek" **(Spr.21:5).**

As jy na niks mik nie, raai wat gaan jy raak skiet? Hoe dikwels hoor 'n mens nie: *"Ek weet nie waar my geld heen gaan nie!"* Jy is nie veronderstel om te vra waar jou geld heen gaan nie; jý moet sê waar dit moet heen gaan! Dít is die hele doel van begroting en beplanning: om vir jou geld te kan sê waarheen dit moet gaan.

Daar is eintlik maar net twee maniere om uit skuld uit te kom; jy moet jou uitgawes besnoei of jy moet jou inkomste vermeerder. Omdat die meeste mense egter vir 'n vasgestelde salaris werk, is hulle op eersgenoemde aangewese. Onnodige uitgawes moet besnoei word deur 'n streng begroting op te stel waarin benodigdhede volgens prioriteit gelys word. So

sal byvoorbeeld die paaiement op jou huis en ‘n bedrag vir die afbetaling van jou skuld hoog op jou lys wees. Voorsiening moet ook gemaak word vir ander belangrike dinge soos kos, klere, skoolgeld en water en elektrisiteit.

Om te bepaal of jy nog by jou beplanning bly, is dit belangrik om jou uitgawes in ‘n eenvoudige boekhoustelsel op te skryf. Die ou spyker-deur-ǹ-plankie-metode waardeur jy jou kontantstrokies steek, bly maar ‘n eenvoudige metode om te sorg dat hulle nie verlore raak nie. Dit is belangrik om ‘n eenvoudige stelsel te hê sodat ‘n mens met een oogopslag kan sien of jy by jou beplanning bly. Selfs in ‘n besigheid is hierdie beginsel belangrik. So byvoorbeeld het die skoonma van ‘n vriend van my die boeke van sy kleinerige besigheid gedoen. Op ‘n ou groot tafel met ‘n skuins blad het twee of drie groot hardeomslag boekhouboeke gelê waarin sy daagliks alle transaksies opgeteken het. Ter eniger tyd kon hy hulle oopmaak, met sy vinger teen die kolomme afgaan en dadelik sien wat in sy besigheid aangaan. Hy laat hom toe ompraat om sy boekhoustelsel te laat moderniseer - in moderne taal beteken dit maar net dat jy ‘n rekenaar moet koop. Hy het groot uitgawes aangegaan met die aankoop van die elektroniese toerusting en omdat hy net so outyds is soos ek, het hy ook van rekenaars niks geweet nie. Hy moes toe ten duurste iemand aanstel om gereeld in te kom om sy “boeke” op die rekenaar te doen. Waar hy voorheen gou kon sien wat in sy besigheid aangaan deur sy boeke oop te maak en sy vinger langs ‘n kolom af te sleep, was hy nou van ‘n ander persoon afhanklik wat vir hom state moes uitdruk, state wat hy buitendien moeilik kon verstaan omdat hulle so ingewikkeld was. Ek weet ek oorvereenvoudig die situasie, maar selfs in jou moderne besigheid is dit belangrik dat jy weet wat in die rekenaarafdeling aangaan. Ek het al baie gewonder as ek by kantoordeure inloer, wat die kaarte met harte, konings en diamante op rekenaarskerms met besigheid te doen het? Dit help nie om jou besigheid deur hoorsê te administreer nie. Jý moet weet wat aangaan. Selfs in die ingewikkeldste besigheid kom dit gewoonlik maar net daarop neer om te weet hoeveel geld inkom en hoeveel geld uitgaan. Volgens die Skrif moet jy die toestand van jou troppe vee goed ken **(Spr.27:23-27)** om aan die lewe te bly. Dit help nie om te laat wakker te skrik as dinge begin verkeerd loop nie. Om verliese te beperk, moet daar dadelik opgetree kan word.

Die eerste stap om skuld onder beheer te kry is om ‘n lys te maak van almal aan wie jy geld skuld en dan ‘n terugbetalingskedule uit te werk. In ernstige gevalle waar jy al agter geraak het met maandelikse terugbetalings, is dit raadsaam om ‘n persoonlike afspraak met jou krediteure te maak en jou situasie aan hulle te verduidelik. Ervaring het geleer dat hulle gewoonlik maar net te dankbaar is om te verneem dat jy van voorneme is om jou skuld te betaal, al is dit met net ‘n paar rand per maand.

In die ou dae het die mense van die koekblik metode gebruik gemaak om geld vir spesifieke doeleindes opsy te sit. So was daar byvoorbeeld ‘n blik vir kruideniersware, een vir skoolgeld, een vir water en elektrisiteit, ens. As die geld in een blik gedaan was, kon daar eenvoudig net nie meer gekoop word nie. Vandag, met die gerieflike kontantlose sisteem waar van debiet- en kredietkaarte gebruik gemaak word, is dit soveel belangriker dat gedissiplineerde koopgewoontes toegepas moet word. Om by ‘n beplande begroting te bly help om impulsiewe kopery hok te slaan.

As jy ‘n persoon is wat ‘n gemiddelde salaristrekker is wat met skuld sukkel, moet jy nie die effek van klein bedraggies wat hier en daar gespaar word, onderskat nie. As jy begroot,

moenie dink aan hoeveel jy per dag aan ‘n koerant, of tydskrifte, of aan koeldranke bestee nie. Werk uit hoeveel dit jou oor ‘n jaar uit die sak gaan jaag. Jy sal verbaas wees om te sien wat jy uitgee! Skeep jouself maar eers vir rukkie af. Boeke en tydskrifte kan verniet by biblioteke uitgeneem word en koeldrank wat met water gemeng word kan net so lekker smaak. Geld wat so gespaar word en in die afbetaal van skuld belê word, maak oor ‘n jaar ‘n groot verskil! En onthou, jou skuld kom nie net met die bedrag wat jy inbetaal af nie; dit kom ook af met die saamgestelde rente wat elke maand ‘n bietjie minder word. As jy net getrou daarmee aanhou word die sneeubaleffek met verloop van tyd al hoe groter. Jy begin rente op rente spaar! Jy hoef ook nie vir ‘n verhoging op jou salaris te wag voordat jy ekstra geld op skuld kan afbetaal nie; jy kan onmiddelik begin.

Sielkundig voel ‘n mens goed wanneer jy op so ‘n manier begin om iets aan jou skuldsituasie te doen. Dit laat jou voel dat jy weer beheer oor jou geldsake oorgeneem het.

Eintlik is dit nogal heel eenvoudig om uit skuld uit te kom. Op pad na ‘n konferensie wat oor ‘n paar dae sou strek, het ons by my ouers oorgeslaap. My pa, al diep in die tagtig, het my gevra waaroor ons op die konferensie gaan praat. Toe ek vir hom sê dat dit oor skuld gaan wees, was sy verbaasde antwoord: “Waarom so lank nodig om oor skuld te praat? Hoekom sê jy nie net vir die mense hulle moet ophou koop nie!”

Moenie langer uitstel om iets te doen nie. Begin biddend beplan en begroot. Onthou God is ‘n God van orde **(1 Kor.14:33).**

5. RADIKALE RAAD VIR ERNSTIGE SKULD – Die “Wat-het-jy-in-jou-Huis-beginsel” (2 Kon.4:1-7).

Sommige van die beginsels in hierdie afdeling van die boek, veral dié wat betrekking het op skuld, is nie van toepassing op party gelukkige mense wat dit nie het nie. Daarom, as dit by raadgee kom, moet ‘n mens versigtig wees om nie almal oor dieselfde kam te skeer nie. Wat van toepassing is op een persoon, is nie noodwendig wat op ‘n ander een van toepassing gaan wees nie. Elke geval moet versigtig en met wysheid op eie meriete hanteer word.
Dit daar gelaat, daar klop eendag ‘n man aan ons voordeur. Hy wil weet of ons vir sy maagsere kan bid. Natuurlik kan ‘n mens vir maagswere bid, maar ek dink dit is belangriker om uit te vind wat hulle veroorsaak. Na ‘n paar vrae kon ek agterkom dat hy ‘n paar besighede het wat baie produktief moet wees, aangesien hy dit regkry om vir ‘n paar jaar al kop bo water te hou, dit ten spyte van baie hoë oorhoofse onkostes. Die ophoop van hoë maandelikse rente op ‘n groot oortrokke bankrekening, die betaling van paaiemente op verskeie voertuie en sommer die algemene druk om aan die gang te bly, was besig om sy tol te eis in die vorm van maagswere. Sy situasie was soos om ‘n tier te ry; jy moet bo bly, want as jy afval, vreet hy jou op. As gevolg van sy groot maandelikse uitgawes moet hy nie net aan die gang bly nie, hy moet presteer anders kom hy die mas nie op nie. Sou dit sake vergemaklik as hy nie elke maand sulke hoë uitgawes gehad het nie? Dit sou natuurlik, maar hy het nie geweet hoe om daar uit te kom nie? Ek het hom die “wat-het-jy-in-jou-huis-beginsel” in die Bybel gewys.

In **2 Kon.4:1-7** lees ons van die onwyse profeet wat sy twee seuns as borg vir sy skuld laat vasteken het. In daardie tyd, omdat hulle as slawe verkoop kon word, het hulle finansiële waarde gehad. Ongelukkig is hy skielik oorlede en sy weduwee het met die uitstaande skuld gesit. Omdat sy nie geld gehad het nie, het die skuldeisers gekom om haar seuns te vat om

die skuld te dek. Sy het die profeet Elisa vir raad gaan vra. Hy het haar gevra wat sy in haar huis het. Sy het gesê dat sy niks van waarde gehad het nie, net ‘n flessie olie. Hy het haar beveel om leë kanne by die bure te gaan leen en hulle uit die flessie olie vol te maak. Die wonderwerk het toe gebeur! So lank as wat daar nog leë kanne beskikbaar was, het die olie uit haar flessie bly vloei. Toe daar nie meer leë kanne was nie, het die wonderwerk opgehou. Elisa het toe aan haar gesê om die olie te gaan verkoop en die geld te gebruik om haar skuld te betaal. Waarom dink jy het die profeet die vrou aanvanklik gevra wat sy in haar huis het? Seker omdat hy wou weet wat sy in haar huis het! Sy het niks gehad nie, maar wat dink jy sou hy aan haar gesê het as sy in die eerste plek vir hom ‘n lang lys gegee het van al haar besittings? Sou hy nie vir haar gesê het om dit te gaan verkoop en om met die opbrengs haar skuld te gaan betaal nie?

Ek het dieselfde vraag aan ons vriend met die maagsere gevra: “ Wat het jy in jou huis?” Hy het my toe gevra of ek tyd het om saam met hom te ry sodat hy my kon gaan wys waar hy bly. Nadat ek gesien het hoe sy huis en besittings lyk, het ek gedink dat dit volgens die Bybel nogal maklik sou wees om sy probleem op te los. Behalwe sy duur motor waarin ons gery het, het sy vrou se luukse motor langs ‘n vier-by-vier en ‘n groot motorboot in ‘n massiewe motorhuis gestaan. Die motorfietse en elektriese toebehore het oral rondgestaan. Binne is ek en my vrou met tee in duur koppies bedien. Ons het op duur stink- en geelhout meubels gesit. Teen die mure het oorspronklike skilderye van bekende kunstenaars gehang. Sy besighede moes goed gedoen het om hom in staat te stel om so ‘n luukse lewenstyl te kon handhaaf. Maar soos hy aan my gesê het, die getier-ryery het sy tol geëis! Ek het hom gevra wat hy dink die profeet Elisa se raad aan hom sou wees? Flouerig het hy geantwoord dat hy dink die profeet sou aan hom gesê het om van sy goed te gaan verkoop en om met die opbrengs sy skuld te betaal. Ek was verbaas oor die vasberade manier wat hy en sy vrou toe besluit het om die raad van die profeet in 2 Konings 4 te volg. Hy sou adverteer en van hulle luukse items verkoop en die geld gebruik om sy groot oortrokke rekening minder te maak. Omdat ‘n huis ‘n goeie belegging verteenwoordig, het hy besluit om dit te hou. Hy en sy vrou het pryse op items geplak, advertensies in die plaaslike koerante geplaas en ‘n uitverkoping gehou. Sy vrou het haar luukse motor ook verkoop en dit verruil vir ‘n goeie tweedehandse Japanese motortjie om in rond te ry. In die plek van sy luukse motor was hy tevrede om een van sy besighede se bakkies te gebruik. Met die duisende wat so ingekom het, het hulle hul skuld minder gemaak sonder om van enige van hulle besighede ontslae te raak. In plaas daarvan dat ‘n groot hap van hul inkomste moes gaan om rente en paaiemente op luukse voertuie te betaal, kon meer nou in die ontwikkeling van hul besighede belê word. Toe ek laas van hom gehoor het, het hy met ‘n lugverkoelde kombi, geklee in plakkies en ‘n oopnekhemp, geborg deur sy eie besighede, sendingwerk gedoen. Deur toe te laat dat die Woord van God sy gesindheid ten opsigte van skuld verander, kon hy en sy vrou na ‘n baie meer ontspanne en gemakliker lewenstyl oorskakel.

Hulle probleem was nie die hoë lewenskoste nie; hulle probleem was die koste van ‘n hoë lewe. Hulle het die belangrike les geleer dat jy nie goed net met geld koop nie, maar met ‘n stukkie van jou lewe. Hoe kan dit wees? Omdat jy vir ‘n sekere bedrag per maand werk, kan jy dit terugwerk na hoeveel jy per dag en per uur verdien. Die koopprys van ‘n item verteenwoordig dus die tyd van jou lewe wat jy moet werk om dit te kan betaal. Sekere dinge is net nie die “moeite werd” om jou lewe op te mors nie. Ongelukkig is baie mense se

ego's direk aan hul besittings se uiterlike vertoon gekoppel en sien hulle nie kans om na 'n eenvoudiger tipe bestaan oor te skakel nie, want wat sal die familie en vriende sê?

6. VERMY KITSBESLUITE EN IMPULSIEWE KOPERY

"Want wie van julle wat 'n toring wil bou, gaan nie eers sit en die koste bereken, of hy die middele het om dit uit te voer nie" **(Luk.14:28).**

"Die planne van die vlytige is net tot voordeel, maar elkeen wat oorhaastig is, kom net tot gebrek" **(Spr.21:5).**

Die dryfkrag agter impulsiewe besluite is gewoonlik nie praktiese en deurdagte oorweginge nie, maar ***"…die begeerlikheid van die vlees en die begeerlikheid van die oë en die grootsheid van die lewe"*** **(1 Joh.2:16).** Dit is op hierdie moderne hedonistiese kultuur wat die hele advertensiebedryf teer. Daar is al opgemerk dat hoe meer daar na televisie en tydskrifte gekyk word, hoe hoër is die lewenstyl wat mense begeer. Groot koopsentrums met al hul besighede met hul groot vertoonvensters, het dieselfde effek.

Dit word vertel dat toe die kopermyne in die berge van Suid-Amerika hulle bedrywighede begin, moes hulle van die arbeid van die plaaslike Indiaanse bevolking gebruik maak. Nadat hulle aan die einde van die eerste maand hulle salarisse ontvang het, het die meeste van die werkers nie weer op die eerste dag van die nuwe maand vir werk opgedaag nie. Toe daar navraag gedoen word, het hulle die bestuur laat weet dat sodra hulle geld op is, sal hulle weer kom werk, maar vir die oomblik het hulle nog genoeg! Hierdie mentaliteit onder baie van die werkers het vir die mynbestuur hoofbrekens besorg. Hoe kon hulle verseker dat die werkers met hulle eenvoudige, primitiewe lewenstyl, gereeld vir werk opdaag? Hulle het die raad van mensekenners gevolg en posbestellingskatalogusse en biljette van bekende kettingwinkels in die inwoners se dorpies versprei. Die probleem van wegblyery was opgelos. Om al die begeerlike artikels wat in die blaaie geadverteer word te kon bekom, moes hulle geld hê. En al manier hoe hulle dít in die hande kon kry was om daarvoor te werk. Toe hulle eenvoudige behoeftes gehad het, was hulle met min geld tevrede. Die glansblaaie het hulle behoeftes kunsmatig gestimuleer en hulle was toe nie meer met min tevrede nie.

7. SOEK DIE RAAD VAN WYSE RAADGEWERS

"Planne misluk sonder beraadslaging, maar deur die veelheid van raadgewers kom dit tot stand" **(Spr.15:22).**

"Luister na raad en neem tug aan, sodat jy in die vervolg wys kan wees" **(Spr.19:20).**

"Planne kom deur beraadslaging tot stand" **(Spr.20:18).**

Dit maak nou nie saak wat jy aanpak nie, dit is altyd wys om soveel raad en kennis as moontlik oor wat jy wil doen, in te win. Hoe jonger jy is, hoe belangriker is dit. 'n Mens kan baie leer deur ander mense se dure ondervinding. 'n Wyse mens leer deur ander mense se foute, 'n dom mens leer deur sy eie foute en 'n eiesinnige idioot leer nooit! Maar 'n mens moet versigtig wees na wie se raad jy luister. Alle raad moet biddend in die lig van die beginsels van God se Woord oorweeg word.

8. RAAK ONTSLAE VAN DIE "GOU-RYK-WORD-MENTALITEIT"

"Rykdom wat sommerso gekom het, verminder maklik; wie bietjie vir bietjie bymekaarmaak, word ryk" **(Spr.13:11, NAV).**

Die begeerte om gou en maklik ryk te word, is 'n gesindheid wat heeltemal teenstrydig is met wat ons in die Bybel lees. Volgens God se Woord is hierdie drang boos en kan tot groot droefheid en ongelukkigheid lei:
"…hy wat haastig is om ryk te word, sal nie ongestraf bly nie **(Spr.28:20).**
"ŉ Afgunstige man oorhaas hom om ryk te word, en hy weet nie dat gebrek oor hom sal kom nie" **(Spr.28:22).**
Paulus waarsku verder: ***"Maar die wat ryk wil word, val in versoeking en strikke en baie dwase en skadelike begeerlikhede wat die mense laat wegsink in verderf en ondergang. Want die geldgierigheid is 'n wortel van alle euwels; en omdat sommige dit begeer, het hulle afgedwaal van die geloof en hulleself met baie smarte deurboor"*** **(1 Tim.6:9-10).**

Uit wat Paulus hier sê, lei ons af dat dit nie geld en rykdom as sulks is wat boos is nie, maar 'n ongesonde obsessie en begeerte daarna. Ons weet almal van die aanloklike beleggingsmoontlikhede wat so algemeen geadverteer word. As die rente wat verkry kan word, te goed klink om waar te wees, ís dit heel waarskynlik so. Kyk maar hoeveel mense loop hartseer rond omdat hulle hul swaar verdiende geld op van hierdie "gou-ryk-word-skemas" verloor het. Die feit dat casino's soos paddastoele oor die land opgespring het, is 'n goeie aanduiding van hoe baie mense die versugting het om gou ryk te word. Die toue mense by Lottoverkoopspunte is 'n ander voorbeeld. Die negatiewe invloed van nuusberigte wat vertel van individue wat miljoene gewen het, is dat dit 'n gevoel van onvergenoegdheid by mense skep en hulle raak dan gefrustreerd met hulle werk wat hulle so min betaal. Hulle besluit dan om te kyk of hulle nie miskien ook gou ryk kan word deur ŉ kans by ŉ dobbelmasjien te waag nie.

Dit bring ons by ons volgende beginsel.

9. WERK HARD EN WEES PRODUKTIEF

"Harde werk bring beloning; om net te praat, bring gebrek" **(Spr.14:23, NAV).**

"Een wat nalatig is in sy werk en een wat alles afbreek, is tweelingbroers" **(Spr.18:9, NAV).**

"As iemand nie wil werk nie, moet hy ook nie eet nie" **(2 Thess.3:10).**

"Gaan kyk na die mier, luiaard, kyk hoe hy werk en leer by hom" **(Spr.6:6, NAV).**

Jesus stel dit baie duidelik dat 'n mens jou talente en vermoëns moet ontwikkel. Hy vertel van drie diensknegte wat elkeen volgens hulle vermoë van hulle meester talente ontvang het om mee te gaan woeker. Die een, volgens sy vermoë, het vyf ontvang. 'n Tweede, volgens sy vermoë, het twee ontvang en die derde, volgens sy vermoë, het net een talent ontvang. Die woord "talent" in Grieks verwys na 'n geldstuk wat in daardie tyd baie werd was. Toe die heer na 'n lang tydperk van afwesigheid terugkom, kon hy die dienskneg wat vyf talente ontvang het, komplimenteer, omdat hy sy talente verdubbel het. Hy kon die een

wat twee talente ontvang het, ook komplimenteer, want hy het dieselfde met syne gedoen. Aan die een wat met sy talent niks gedoen het nie, is harde woorde toegesnou. In plaas van: "*Mooi so, goeie en getroue dienskneg,"* moes hy aanhoor dat hy weggejaag moet word **(Matt.25:14-30).**

Terwyl ons in Pretoria gebly het, het ons die voorreg gehad om Ouma Greyvenstein, toe al oud, persoonlik te ken. Hoe interessant was dit nie om na haar te sit en luister nie. Sy het ons vertel hoe sy die Ouma van die bekende "Ouma Beskuit" geword het. Haar storie het in die swaar tye van die 1930's begin. Een Sondag na 'n diens waar hy oor die talente gepraat het, het die leraar na die preek by die deur vir elkeen in die byeenkoms 'n sjieling (10c) of 'n halfkroon (25c) gegee, met dié woorde: "Net sodat jy nie eendag kan sê jy het nooit 'n talent ontvang nie." Hy het hulle aangemoedig om dit te gebruik om op een of ander manier geld te maak wat vir 'n goeie doel aangewend kon word. Met haar muntstuk het Oumatjie Greyvenstein bestanddele gaan koop en beskuit gebak wat sy aan die mense van die dorp verkoop het. Met die wins moes sy weer bestanddele gaan koop, aangesien die mense bestellings by haar begin plaas het. Wat as 'n nederige tuisnywerheid begin het, het ontwikkel tot 'n produk wat as "Oumabeskuit" op die rak van elke supermark in die land verkrygbaar is. Dit het alles gebeur omdat Oumatjie nie traag was om te werk nie.

As jy sukkel om met ń bestaande salaris uit te kom en as dit vir jou enigsins moontlik is, kan jy ń ekstra deeltydse werk soek. Dit sal baie bydrae om jou maandelikse inkomste aan te vul. ń Vriendin van ons bak en verkoop elke dag tussen twintig tot dertig dosyn koeksisters hier in die stad! Sy doen al haar werk alleen in die kombuis van haar woonstel!

Iets wat grootliks in ons moderne tyd verlore gegaan het, is die element van genoegdoening en tevredenheid wat gesmaak word wanneer ń stuk werk goed afgehandel is. Dit opsigself was deel van jou beloning.

Paulus het hierdie beginsel van hard werk goed verstaan, want hy skryf:
"Julle weet self watter voorbeeld ons vir julle gestel het om te volg. Ons het nie by julle leeggelê of op andere geteer nie. Inteendeel, ons het dag en nag geswoeg en gesweet om nie vir een van julle 'n las te wees nie. Nie dat ons nie die reg het op onderhoud van julle nie, maar ons wou vir julle 'n voorbeeld wees wat julle moet volg" **(2 Thess.3:7-10).**

Ongelukkig is die teenoorgestelde van hard werk ook waar, want die Skrif verklaar dat ***"Hy wat hom slap hou in sy werk, hy is 'n broer van 'n verwoester"*** **(Spr.18:9).**

10. MOENIE JOU OORWERK NIE!

"Moet jou nie afsloof om ryk te word nie en moenie jou sin vir waardes verloor nie" **(Spr.23:4, NAV).**

Die eerste slagoffers van te veel tyd wat by die werksplek bestee word, is die familie. 'n Persoon wat altyd moeg en geïrriteerd by die huis aankom, voel gewoonlik nie lus om nog aandag aan sy familie ook te gee nie. Kroniese moegheid as gevolg van oorwerk kan huweliksverhoudinge ernstig versuur. Kinders kan ook eienaardige gedragspatrone ontwikkel om die aandag te trek van ouers wat as gevolg van werksomstandighede te veel van die huis af weg is.

Dit is ook algemeen bekend dat oormatige werksdruk gesondheidsheidprobleme soos hoë bloeddruk en maagsere kan veroorsaak.

Wat is die antwoord op moegheid en werksuitputting? Is dit om meer Bybel te lees, meer te bid, te vas of meer kerk toe te gaan? Nee! Daar moet gerus word! Neem ŉ vakansie! Neem iemand in diens om jou te help, of doen iets om jou druk werksprogram beter te organiseer.

11. SORG VIR JOU FAMILIE

"Maar iemand wat vir sy eie mense, en veral sy huisgenote, nie sorg nie, het die geloof verloën en is slegter as 'n ongelowige" **(1 Tim.5:8).**

Die Woord is baie duidelik oor die feit dat 'n mens vir sy eie familie moet sorg. 'n Familie het nie net materiële behoeftes waarin voorsien moet word nie, maar het ook 'n behoefte aan liefde en aandag. Om nie te oorwerk nie en om vir jou familie te sorg, gaan dus hand aan hand. In die dolle gejaag na die vervulling van loopbaanambisies het baie mans en vroue mekaar en die res van hul familie al so afgeskeep dat dit tot vervreemding gelei het.

Dieselfde kan gebeur wanneer in die angstigheid om uit skuld uit te kom, die behoeftes van die familie ook afgeskeep word. Dit is so dat ernstige stappe geneem moet word om uit onverantwoordelike skuld uit te kom, maar dit kan nie ten koste van gesonde familieverhoudinge gedoen word nie. 'n Wyse balans moet gehandhaaf word tussen spaar om skuld af te betaal en om in die materiële behoeftes van jou familie te voorsien. Die beste belegging wat jy ooit kan maak, is om liefdevolle aandag aan jou familie te gee. Iemand het ook gesê dat die beste geskenk wat jy vir jou kinders kan gee, is om goed vir hulle ma te wees.

12. ONTWIKKEL EERS JOU BESIGHEID EN DIE BRON VAN JOU INKOMSTE

"Maak jou werk buitekant reg, en bring dit vir jou op die land in orde; daarna moet jy dan jou huis bou" **(Spr.24:27).**

Die beginsel wat van hierdie skrifgedeelte afgelei kan word, is vanselfsprekend. In die ou tyd was die bestaan van Israel hoofsaaklik afhanklik van landboukundige aktiwiteite. Voordat daar aan persoonlike gerief gedink kon word, moes die bron van hulle inkomste, hul lande en kuddes, eers bewerk en versorg word. Dieselfde beginsel geld vandag nog. 'n Mens moet mooi kyk na die bron van jou inkomste, dit maak nie saak of jy 'n werknemer is, 'n plaas besit of 'n besigheidsman of vrou is nie. So dikwels, veral in die geval van 'n besigheid wat met beperkte kapitaal begin word, word daar ter wille van aansien te gou geld op onnodige dinge uitgegee, dinge wat soms met die produktiwiteit van die besigheid niks te doen het nie. Dikwels, veral met die aankoop van motors, is dit nie praktiese oorweginge wat 'n rol speel wanneer keuses gemaak word nie, maar persoonlike aansien en trots. Waarom dink u kom sommige duur, luukse motors uit met ŉ gechroomde *"Executive"* iewers op die bak?
Die Bybelse beginsel is baie eenvoudig. Wanneer jy met beperkte kapitaal iets begin, moet jy bereid wees om maar eers nederig te leef terwyl jy jou geld in die ontwikkeling van jou besigheid belê.

Wat van die argument dat in plaas daarvan om my geld vir die belastinggaarder te gee, koop ek eerder 'n duur motor? Kon die uitgawe op die duur motor nie eerder op een of ander

ontwikkeling van die besigheid wat ook belastingaftrekbaar is, bestee word nie? Wat daarvan om maar ‘n goedkoper motor vir die besigheid te koop en eerder jou werkers se salarisse so ‘n bietjie te verhoog?

13. “WIE PLESIER VOOROP STEL, WORD ARM; WIE LIEF IS VIR WYN EN LEKKER KOS, WORD NIE RYK NIE” (Spr.21:17, NAV).

In ons moderne tyd is dit opmerklik hoeveel tyd, geld en energie die gemiddelde persoon aan sport en vermaaklikheid bestee. Alhoewel iemand wat hard werk verdien om te rus en te ontspan, maak dit net nie sin dat iemand wat alreeds met finansiële spanning opgesaal sit, dit vererger deur geld uit te gee op duur vermaaklikheid nie. Net ‘n goeie begroting sal wys hoeveel geld daarop gemors word.

Dit is interessant om daarop te let dat die oorbeklemtoning van genot en plesier een van die eindtydtekens is wat in **2 Tim.3:1-4** genoem word:
“Mense sal...meer liefhebbers van genot as liefhebbers van God...wees.”
In die Amplified Bible word dit so gestel:
“People...will be lovers of sensual pleasures and vain amusements more than and rather than lovers of God.”

Wat hier aangespreek word, is verkeerde prioriteite; ‘n ongesonde najaag van sport, plesier en ontspanning. Dit is belangrik dat ‘n hardwerkende persoon moet rus en ontspan, maar ek is seker dat deur ‘n bietjie te dink en te beplan, goedkoper maniere gevind kan word as wat gewoonlik geadverteer word.

14. MOENIE BORG TEKEN NIE

***“Dit gaan sleg met hom wat vir iemand borg staan; die man wat weier om borg te staan, is veilig”* (Spr.11:15), 22:26,27,NAV)**

Navorsing toon dat ongeveer 50% van die mense wat borg teken, verantwoordelikheid moet neem vir skuld wat deur iemand anders gemaak is. Behalwe as jy dit kan bekostig en bereid is om jou geld te verloor, is dit nie wys om namens iemand anders pa te staan vir skuld nie.

15. SPAAR EN MOENIE VERMORS NIE

***“In die woning van ‘n wyse mens is daar altyd kosbare besittings en olie; ‘n dwase mens bring sy goed deur”* (Spr.21:20, NAV).**

***“En nadat hulle versadig was, sê Hy vir sy dissipels: Maak die brokstukke bymekaar wat oorgeskiet het, sodat niks verlore gaan nie. Hulle maak toe bymekaar en het twaalf mandjies gevul met brokstukke”* (Joh.6:12-13).**

Ons ken almal die geskiedenis van Josef wat ‘n volk van hongersnood gered het deurdat hy in die goeie jare kos laat opgaar het **(Gen.41:34).** Ook in die geval van Jesus sien ons hoedat Hy, nadat Hy die mense deur die vermeerdering van die broodjies gevoed het, Sy dissipels beveel om al die oorskiet brokstukkies op te tel sodat dit nie vermors word nie. Twaalf mandjiesvol is opgetel! ‘n Mandjievol vir elkeen van die dissipels! **(Joh.6:1-13).** Ek wonder wat het hulle daarmee gemaak? Vir die armes gegee?

Is dit nie eienaardig nie, Jesus wat die mag besit om deur ŉ wonderwerk soveel kos as wat ŉ mens aan kan dink uit niks te kan skep, beveel dat oorskiet stukkies brood wat tussen die gras geval het, opgetel moes word! Hy demonstreer dus mos hier ŉ baie belangrike beginsel. ŉ Persoon wat baie geld besit en sê dat hy Jesus volg, het dus ook geen verskoning vir die vermorsings van sy geld en materiële besittings nie.

Wanneer dit met jou goed gaan, moet jy spaar, en wanneer dit nie met jou goed gaan nie,moet jy nog steeds op een of ander manier spaar. Dit is die beste manier om vir jou oudag voorsiening te maak. As jy skuld het, is dit wys om geld in die afbetaal van jou skuld te "spaar." Dit is eers as jou skuld afbetaal is dat die beginsel van saamgestelde rente vir jou kan begin werk. Tot dan werk dit teen jou! Finansiële instellings weet al vir 'n lang tyd van hierdie beginsel. Die ideaal is dat jou geld vir jóú moet werk, nie vir iemand anders nie!

Navorsing wat die koopgewoontes van mense bestudeer, wys dat mense wat met kredietkaarte koop, gemiddeld ongeveer 34% meer bestee as mense wat kontant vir dinge betaal. Diegene wat dit gerieflik vind en om veiligheidsredes verkies om met kaarte te koop, moet streng dissipline aan die dag lê om te sorg dat daar by 'n begroting gebly word. Juis omdat plastiekkaarte dit so maklik maak om te betaal, bevorder dit impulsiewe kopery. Om voorsiening te maak vir onverwagte uitgawes, is dit wys om 'n kontantbedrag gelykstaande aan ongeveer twee maande se inkomste in een of ander spaarrekening byderhand te hê.

Dit is interessant om daarop te let hoe die ou mense van vorige geslagte 'n Bybelse ingesteldheid gehad het ten opsigte van besparing. Miskien omdat hulle geweet het wat swaarkry is, het hulle niks laat verlore gaan nie. By die oumense het ek geleer dat niks vermors moet word nie; tot vandag toe maak ek die dun stukkies oorskietseep in die badkamer bymekaar en terwyl dit nog klam is, druk ek dit inmekaar totdat ek later met 'n groot stuk sit waarmee ek, met behulp van my ou skeerkwassie, skeer. Hierdie ingesteldheid word veral mooi deur in Engelse spreekwoorde soos *"Waste not, want not"* en *"Save a match and buy a farm"* uitgedruk. Is dit nie maar wat Jesus met die brokstukkies brood op ŉ praktiese wyse gedemonstreer het nie?

Die Christengelowige behoort wat in **Rom.12:2** geskrywe staan, ernstig op te neem: ***"Julle moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle verander deur julle denke te vernuwe. Dan sal julle ook kan onderskei wat die wil van God is..."*** **(NAV).**

Net soos by baie aspekte van die lewe, moet die Christengelowige, ook wat die hantering van materiële dinge en geld betref, versigtig wees om nie die voorbeeld van die moderne weggooikultuur van vermorsing na te aap nie.

Die Bybel waarsku ons dat ***"die wysheid van hierdie wêreld, dwaasheid by God is"*** **(1Kor.3:19).** Terwyl ek eendag gedurende Oktober deur Pretoria se strate ry en die pragtige pers jakarandabome bewonder, het hierdie skrifgedeelte in my gemoed opgekom. Hoe onwys kan die mensdom soms nie wees nie. As in plaas van jakarandabome, produktiewe bome soos lemoene en nartjies op die sypaadjies geplant word, hoe sou die inwoners net nie daarby gebaat het nie! Ook die pragtige tuine in die woonbuurtes het my beïndruk; seker te danke aan die baie boorgate en die duur munisipale water, maar, het ek gedink, sou daar 'n skielike, ernstige hongersnood uitbreek, ten spyte van die pragtige blomme en struike, sou die meeste inwoners niks in hulle tuine hê om van te leef nie! Na 'n byeenkoms waar ek op 'n grappige wyse hierna verwys het, het 'n man wat verantwoordelik was vir 'n

tuinbourubriek in ‘n bekende tydskrif, na my toe gekom met ‘n voorstel; hy sal my borg en dan moet ek my erf in Pretoria in ‘n produktiewe eenheid omskep. Omdat ek een groot advokadoboom in my agterplaas gehad het wat baie goed gedra het, het ek besluit om alle onproduktiewe bome en struike uit te haal en met avokado’s te vervang. So gesê, so gedaan! Op my erf in die warmer gedeelte van Pretoria, het ek veertig bome geplant – dit op ‘n stukkie grond van nie eers ‘n duisend vierkante meter nie! Toe hulle begin dra, moes ek verkoop en weggee vir ‘n vale!

Uit hierdie projek het ek nou nie juis ryk geword nie, maar ek kan aan een persoon dink wat deur hierdie storietjie van my geïnspireer is en wat sy pragtige kleinhoewe met tuine en fonteine in ‘n produktiewe eenheid omskep het wat onder andere ook avokado’s produseer. Sy opbrengste daaruit het hom gehelp om uit die skuld te kom.

Eendag gedurende ‘n vakansie by die see, het een van die kinders, toe daar roomys gekoop word, ‘n R2-stuk laat val. My drie kinders, van wie die oudste nie ouer as ses was nie, het op die sand neergeval en begin soek, maar om na ‘n muntstuk in sand te soek, is ‘n onbegonne taak; hoe meer jy krap, hoe dieper sink dit weg. Iemand in die groep saam met ons het ongeduldig vir hulle gesê dat hulle hul tyd mors. Tot my verbasing het ek gehoor hoe een van my kinders hom antwoord: *“Oom, ons verloor nie net R2 nie, ons verloor ook die rente wat ons vir die res van ons lewe daarop sou kon kry!”*

16. LEER DIE GEHEIM VAN VERGENOEGDHEID

“Maar as ons voedsel en klere het, moet ons daarmee vergenoeg wees. Maar die wat ryk wil word, val in versoeking en strikke en baie dwase en skadelike begeerlikhede wat die mense laat wegsink in verderf en ondergang. Want die geldgierigheid is ‘n wortel van alle euwels; en omdat sommige dit begeer, het hulle afgedwaal van die geloof en hulleself met baie smarte deurboor” **(1 Tim. 6:8-10).**

Dit is eienaardig hoeveel van ons spanning verdwyn wanneer ons leer om tevrede te wees met wat ons het. Ten spyte van wat advertensies ons wil laat glo, kan ‘n mens tog met ‘n eenvoudiger, goedkoper lewensstyl gelukkig wees. Om dít reg te kry, sal ‘n mens ook moet leer om nie met die bure te probeer tred hou nie. Ook sal ‘n mens moet leer om tussen jou behoeftes, begeertes en jou hebsugte te onderskei. Ons het byvoorbeeld almal klere nodig, maar moet dit altyd van die nuutste en duurste modes wees? Dieselfde kan gevra word as dit by motors kom. Hoekom verander modes en die vorm van motors so dikwels? Is dit nie maar om ons ontevrede te maak met die “ou” model waarin ons moet rondry nie?

Ek onthou toe ek my eerste tweedehandse rooi Cortina 1500 GT gekoop het. Nadat ek hom gewas het, het ek gewoonlik verby die groot vensters van een van die winkels in ons dorp gery en my nek amper in die proses verrek om myself en my kar in die weerkaatsing te bewonder. Totdat gechroomde vyf-en-‘n-halfduim “widies” uitgekom het. Toe is ek skielik nie meer gelukkig met my nou standaard wieletjies nie. Vandag besef ek dat min mense my ou tweedehandse motortjie, met of sonder die wye vellings, opgemerk het; die bewondering het net in my eie kop bestaan. Ek sien vandag nog, so nou en dan, een van die ou modelletjies by my verby ry, en dan kan ek nie dink dat ek destyds gedink het dit is so wonderlike motor nie! Hy is dan so regop en onvaartbelyn!
Ons karakters word nie bepaal deur wat ons besit, of nie besit nie, maar deur ons gesindheid teenoor dit wat ons het, of nie het nie. Hebsug en selfsugtigheid kom nie net

onder rykes voor nie; dit is soms net so tragies om dit in die lewe van ‘n arm mens te sien. Wat wel ‘n teken van geestelike volwassenheid is, is of ‘n persoon, ryk of arm, tevrede is met wat hy het. Hierdie beginsel kan ons aflei uit wat Paulus skryf: ***“…ek het geleer om vergenoeg te wees met die omstandighede waarin ek is. Ek weet om verneder te word, ek weet om oorvloed te hê;…om versadig te word sowel as om honger te ly, om oorvloed te hê sowel as om gebrek te ly”*** **(Fil.4:11-12).**

“As ons dan kos en klere het, moet ons daarmee tevrede wees” **(1 Tim.6:8).**

Ek glo dat bogenoemde verse van gesindheid praat en nie van hoeveel jy besit of nie besit nie. Om met ‘n simplistiese lewenstyl tevrede te wees, beteken nie dat jy noodwendig armoedig moet wees nie. Een van die genadegawes wat in Romeine 12 genoem word, is juis om die vermoë te hê om genoeg bymekaar te maak sodat jy ander kan help. Dit word bevestig deur wat in **2 Kor.9:8** geskrywe staan: ***“En God het mag om alle genade oorvloedig oor julle te laat wees, sodat julle altyd in alle opsigte volop kan hê en oorvloedig kan wees in elke goeie werk.”***

Met in agneming van sy of haar talente, sal elke individuele gelowige self moet besluit tot op watter materiële vlak hy of sy wil vorder. Alles moet natuurlik tot eer van God geskied.

17. PLIGSGETROUHEID

“Hy wat getrou is in die minste, is ook in die grote getrou; en hy wat onregverdig is in die minste, is ook in die grote onregverdig. As julle dan nie getrou was in die onregverdige Mammon nie, wie sal julle die ware goed toevertrou? En as julle nie getrou was in ‘n ander se goed nie, wie sal aan julle jul eie gee?” **(Luk.16:10-12).**

Kan ons uit bogenoemde skrifgedeelte ‘n afleiding maak dat my geestelike volwassenheid gemeet kan word aan die manier hoe ek geld en materiële dinge hanteer? Mammon verteenwoordig in hierdie gedeelte van die Bybel geld en materiële dinge en dit word teenoor “*ware goed”*gestel. As *“ware goed”* nie geld is nie, wat anders kan dit wees as geestelike rykdom?
ǹ Goeie rentmeester sal geld verantwoordelik hanteer, of dit nou min of baie is. Hy sal ook goed na ander mense se eiendom en besittings kyk.
Die verantwoordelike hantering van geld en materiële dinge volgens die beginsels van God se Woord dra by tot ons geestelik ontwikkeling. ‘n Mens moet geestelik sterk wees om nie onder die negatiewe invloed van geld te kom nie. In die wêreld word rykdom met mag geassosieer omdat dit gebruik kan word om mense mee te manipuleer en te intimideer. Geld koop ook onderdanigheid en prestige.
Verantwoordelike, pligsgetroue hantering van geld en materiële besittings lei tot vrede en vervulling in die lewe. Dit dien ook as getuienis van die wysheid, voorsienigheid en liefde van God.

18. DIE BOKLEED-BEGINSEL

“En elkeen wat van jou een myl afdwing, loop met hom twee myl saam” **(Matt.5:40-42).**

Wat sal jy doen as jy ‘n sakeman is en iemand kom soek werk en hy sê dat hy sal tevrede wees as hy net jou kar kan was vir broodgeld. Jy stem in en tot jou vebasing is hy na ǹ ruk

terug en vra of hy, sonder om meer betaling te vra, sommer die twee motors langs joune ook kan was, want sê hy, hy sien hulle is ook vuil. Wat sal jou gesindheid teenoor die rakpakker wees wat spontaan, uit sy eie, vir nog iets vra om te doen wanneer sy afdeling se rakke vol is? Hy sien die yskaste is deurmekaar. Kan hy hulle ook sommer regpak? Of hy sien dat die werkers wat die vragmotor aflaai, sukkel, mag hy hulle gaan help sementsakke aflaai? Ek is seker jy gaan 'n werker met so'n gesindheid nie graag wil verloor nie! Inteendeel, ek dink jy gaan hom 'n verhoging aanbied om hom te behou.

Vergelyk hierdie gesindheid met dié van sommige winkelassistente waarmee ons so dikwels mee te doen kry. Die traagheid om ŉ mens te help is iets wat 'n mens geweldig frustreer. Vergelyk dit ook met die gesindheid van die togwerker wat by my kom werk soek het, want sê hy hy is honger. Die lang gras onder in die erf moet gesny word, maar omdat ek dink hy is onredelik met wat hy vir die dag se werk wil hê, bied ek hom minder aan. Eerder as om sy prys af te bring en vir 'n meer redelike loon te werk, loop hy honger weg om weer op die hoek van die straat te gaan sit! So 'n ou, dink ek, soek werk en bid dat hy nie kry nie!

In 'n sekere stad het 'n dame eendag kom raad vra omdat haar haarsalon maar net nie wou vooruit gaan nie. Sy was gedurig finansieël in die knyp. Om te help om oorhoofse kostes te besnoei, vra 'n mens maar altyd die gewone vrae: of haar huur wat sy betaal, nie te hoog is nie, het sy hoë paaiemente op duur voertuie en betaal sy nie te veel vir huisvesting nie? In hierdie spesifieke geval kon daar nêrens iewers verder aan haar uitgawes gesnoei word nie. Wat kon ek vir haar aanbeveel? Jesus se woorde in **Matt.5:40-42** het in my gedagtes opgekom: ***"En elkeen wat van jou een myl afdwing, loop met hom twee myl saam"*** **(Matt.5:40-42).**

Kan hieruit 'n finansiële beginsel afgelei word? Vir my het dit beteken dat jy meer moet doen as wat van jou verwag word. Ek het aan haar verduidelik dat die lewe met een van drie gesindhede benader kan word; eerstens is daar die gesindheid van dié wat in die dolle wedloop om geld te maak, ander mense sal uitbuit vir selfgewin. Dit is die gesindheid wat in die kortste tyd, vir die minste moeite, die meeste geld wil maak. Tweedens is daar die gesindheid van die goeie, verantwoordelike landsburger wat presies doen wat van hom verwag word. Maar dan is daar die gesindheid wat Jesus verwag, om meer te doen as wat van jou verwag word. Sou sy bereid wees om Jesus se manier 'n kans te gee? Wat kon sy doen? Ek het aanbeveel dat sy haar pryse verminder en aan iets dink wat sy as ekstras aan haar kliënte kon aanbied. As iemand byvoorbeeld vir 'n permanente golwing kom, gee haar die beste een wat sy nog ooit gehad het en bied vriendelik ook vir haar 'n koppie tee met 'n koekie daarby aan. Terwyl die kliënt tee drink, kan sy ook sommer gratis die vrou se nek so 'n bietjie masseer. 'n Ou spuitjie lekkerruik goed hier en daar sal miskien ook deur die kliënt waardeer word. Die belangrikste is egter om opreg en vriendelik in die kliënt belang te stel.
'n Paar maande ná ons gesprek het sy my gekontak met die goeie nuus dat dit baie beter met haar onderneming gaan. Sy was ook opgewonde omdat sy met van haar kliënte bevriend geraak het.

Wat het gebeur wat veroorsaak het dat haar besigheid skielik begin verbeter het? Ek het tot die volgende slotsom gekom: as my vrou by 'n haarkapster was waar sy vir 'n laer prys die beste kapsel kry wat sy nog ooit gehad het, en dit met 'n lekker koppie tee en 'n koekie daarby, terwyl sy ook trots kan uitwei oor al haar kinders en kleinkinders se prestasies, sou haar vriendinne binne 'n uur ná haar afspraak van dié plek weet! U weet mos wat die drie

vinnigste maniere van kommunikasie is; in Engels het ons in die ou tyd gesê: "Telegramme, telephone and tell-a-woman!" In die nuwe eletroniese era sal dit nou seker wees: "Fast mail, e-mail and female!"

19. DIE "KAP-JOU-HAND-AF-BEGINSEL"

"En as jou hand of jou voet jou laat struikel, kap dit af en gooi dit weg van jou af; dit is vir jou beter om in die lewe in te gaan, kreupel of vermink, as om twee hande of voete te hê en in die ewige vuur gewerp te word" **(Matt.18:8-9).**

Ons weet tog dat Jesus nie hier praat van die fisiese afkap van 'n hand nie. Simbolies bedoel Jesus net dat as daar seker dinge in jou lewe is wat veroorsaak dat jy geestelik skade ly, jy soms bereid moet wees om radikaal op te tree. 'n Man wat 'n bestuurder was van 'n baie vooruitstrewende besigheid, moes gedurig lang ure werk om sy streng base se doelwitte te bereik. As gevolg van die druk en die lang ure kon hy nie genoeg aandag aan sy vrou en kinders gee nie en dit het veroorsaak hulle verhouding versleg het tot op 'n punt waar sy vrou hom wou verlaat. As gevolg van die spanning van die negatiewe werksomstandighede het hy maagsere ontwikkel. Hy het besef dat hy iets radikaals sou moes doen om sy huwelik te red. Hy het besluit om Jesus se "kap-jou-hand-af-beginsel" toe te pas. Hy het bedank en vir heelwat minder geld by 'n ander plek gaan werk waar hy baie meer ontspanne kon wees. Daar het hy ook baie meer tyd gehad om saam met sy gesin deur te bring. Omdat hy meer by die huis was, het hy besluit om deur middel van 'n korrespondensiekursus sy kwalifikasies te verbeter. Vandag is hy hoof van 'n skool.
ǹ Besigheidsman wat sien dat sy besigheid agteruitgaan, kan nie maand na maand, jaar na jaar dieselfde dinge doen en verwag dat iets moet verander nie. Daar moet radikaal opgetree word om iets te verander. Nuwe planne en metodes moet uitgedink word om die ou patroon van dinge doen te verander.

20. DIE "VAT-JOU-KIERIE-BEGINSEL" (Ex.7:9).

Toe Moses die Israeliete uit Egipte moes gaan verlos, het God aan hom gesê dat as Farao vir 'n wonderteken vra, Aäron die ding wat hy in sy hand het, naamlik sy kierie, voor Farao moet neergooi. Toe hy dit doen, het dit in 'n slang verander en al die Egiptiese towenaars se slange verslind.

Ek en my vrou het vir 'n hele ruk probeer om 'n bestaan te maak deur verskeie projekte aan te pak. Ons het byvoorbeeld onder andere ook 'n ysiefabriek begin en baie hard vir min geld gewerk. Ons was nie gelukkig met ons situasie nie en ek het besef dat die ding wat ons in die hand het, gebruik moet word. Omdat ons albei gekwalifiseerde onderwysers was, het ons besluit om ons ysiefabriek te verkoop en om 'n privaatskool in 'n landelike gebied waar daar 'n groot behoefte aan hoërskoolonderwys was, te begin. Nie net het ons skool 'n groot leemte in die gemeenskap gevul nie, maar het terselfdertyd ook voorsien in die materiële behoeftes van ons gesin, en ons was gelukkig.
In die klein dorpie waar ek gebore is, het ek voor manne grootgeword wat hulle lewe lank vir ander mense gewerk het. Sommige van hulle het ook nooit beter gedoen as om afdelingsbestuurders te word nie. Ander weer het gewone klerke gebly. Hulle het egter een ding in gemeen gehad, hulle is deur almal op ons dorp as betroubare inwoners gerespekteer. Van hulle ken ek vandag nog, hulle is afgtree, leef in hulle eie skuldvrye huise,

leef redelik gemaklik op pensioene en beleggigs wat hulle self met hulle spaargeld gemaak het, en as ek met hulle gesels lyk hulle tevrede en gelukkig. Hulle verteenwoordig ŉ groot groep mense wat net soos hulle, met hulle situasie in die lewe tevrede sal moet wees.
ŉ Mens moet jou talente en beperkinge ken, en leer om wat jy het, die beste van te maak. Daar is niks mee verkeerd om jou lewe lank vir iemand anders te werk nie. Almal het nie die talente en die vermoeëns om hulle eie besighede te begin nie.
ŉ Mens moet wat jy het tot die beste van jou vermoë aanwend en ontwikkel, maar ŉ mens moet ook realisties wees en vrede maak met jou beperkinge.

21. VERSPREI JOU BELEGGINGS

***"Hou jou besittings op sewe, selfs ag plekke want jy weet nie watter teëspoed oor die land kan kom nie"* (Pred.11:2, NAV).**

Die ou Engelse gesegde: "*Don't put all your eggs into one basket"* druk hierdie beginsel baie goed uit.Te veel mense sukkel vandag finansieël omdat hulle al hulle geld in net een projek of skema belê het. Toe dit platval, was hulle al hulle geld kwyt. Ons hoor gedurig hiervan oor die nuus en lees ook gereeld daarvan in die koerante. As 'n mens iets het om te belê, is dit die veiligste om gebruik te maak van 'n verskeidenheid gevestigde finansiële instansies wat oor ŉ tydperk van baie jare goeie rekords van betroubaarheid opgebou het. Gou-ryk-word-skemas moet ten alle koste vermy word. Rentekoerse wat te goed klink om waar te wees, word nie verniet so genoem nie. Vaste eiendom as deel van 'n beleggingsportefeulje was ook nog altyd 'n goeie belegging. Veral in hierdie tyd wat korrupsie hoogty vier, is dit soveel belangriker dat ŉ mens uiters versigtig moet wees om op aanbiedinge van onbekende makelaars te reageer. Wanneer dit by die belê van geld kom, is dit wys om maar eerder aan die konserwatiewe kant te wees en met soveel betroubare finansiële kenners as moontlik te praat.

22. DIE VROU-FAKTOR

"Net so moet julle, manne, verstandig met hulle saamlewe en aan die vroulike geslag, as die swakkere, eer bewys…sodat julle gebede nie verhinder mag word nie" (1 Pet.3:7). Ef.5:22-33.

As jy getroud is, is dit baie belangrik dat daar 'n goeie verhouding tussen jou en jou vrou moet bestaan, want volgens die Skrif blyk dit dat as dit nie so is nie, jou gebede verhinder kan word **(1 Pet.3:7)**. Omdat God van die begin af bepaal het dat die man en vrou een moet wees en dat hulle mekaar moet aanvul, is dit baie belangrik dat hulle, veral ten opsigte van finansiële besluite, eenstemmig moet wees. Dit is opvallend hoe sommige vroue 'n natuurlike aanvoeling het vir geldsake. Vroue met hulle sensitiewe en intuïtiewe geaardheid kan gewoonlik 'n situasie akkuraat opsom. Bo en behalwe die feit dat jou vrou se mening baie kan beteken, bevorder onderlinge samewerking ook die huweliksverhouding.

Dit is ook baie belangrik dat ŉ man en vrou moet saamstem oor die vlak van hulle lewenstandaard. Groot ongelukkigheid is al veroorsaak omdat die man of die vrou die druk op hulle finansies vererger het deurdat geld eensydig op onnodige of uitspattige dinge uitgegee is.

23. GETROUHEID IN KLEIN DINGETJIES

"Hy wat getrou is in die minste, is ook in die grote getrou; en hy wat onregverdig is in die minste, is ook in die grote onregverdig" **(Luk.16:10).**

Die Straatveebeginsel

Dit maak nie saak as jy die straat moet vee nie; doen dit net so goed dat hulle jou die hoofstraat gee om te vee. Doen dit goed en hulle sal jou hoof van die straatveërs maak. Hou so aan en jy word eendag miskien die hoof van die werkedepartement.

24. KEN JOU PLEK EN JOU TEOLOGIE

'n Sakeman het my eendag sy besigheidskaartjie met sy telefoonnommer daarop gegee. Bo-aan, net onder sy besigheid se naam, was die volgende woorde prominent gedruk: *"Jesus is my vennoot/ Jesus is my Partner."* Hy het aan my verduidelik dat hy Jesus sy senior vennoot gemaak het deur vir Hom 51 persent van die aandele te gee. Wat ons hier moet bevraagteken, is nie sy goeie bedoelinge en sy opregtheid nie, maar sy swak teologie. Volgens die Skrif wil Jesus nie 'n vennoot van jou besigheid wees nie, maar Heer van jou lewe! In ons verhouding met God beskryf die Woord Hom nie as ons *"partner"* nie, maar word daar na Hom verwys as ons Hemelse Vader. Hy word ook as Koning en Herder uitgebeeld, maar daar word nooit na Hom verwys as enige mens se *"partner"* nie.

Na my mening ontstaan hierdie onbybelse voorstelling van Jesus uit die feit dat baie gelowiges nie verstaan dat die Jesus wat ons vandag aanbid, nie meer die vleeslike een is wat vir 'n paar jaar hier op aarde tussen mense rondgeloop het nie. Die Jesus wat ons vandag aanbid, is die opgestane, verheerlikte Christus wat in die hemel aan die regterhand van die Vader sit "***bo alle owerheid en mag en krag en heerskappy en elke naam wat genoem kan word, nie alleen in hierdie wêreld nie, maar ook in die toekomstige"*** **(Ef.1:20,21).** Paulus verstaan dit ook so en daarom skryf hy dat, alhoewel hulle Christus na die vlees geken het, hulle Hom nou nie meer so ken nie **(2 Kor.5:16).**

Die apostels het geweet Christus is verheerlik en daarom sien ons dat elke preek in die boek Handelinge met 'n respekvolle verwysing na die verrese Heiland begin. Petrus begin sy eerste preek na die hemelvaart met: ***"Laat dan die hele huis van Israel sekerlik weet <u>dat God Hom Here en Christus gemaak</u> het, hierdie Jesus wat julle gekruisig het"*** **(Hand.2:36,** my beklemtoning**).** So ook sien die gemartelde Stefanus die hemel geopend en die Seun van God in heerlikheid aan die regterkant van Sy Vader **(Hand.7:55).** Dwarsdeur die Nuwe Testament sien ons hoedat die verheerlikte Christus in eerbied en respek deur gelowiges aanbid word.

Ons moet versigtig wees dat ons nie in ons verbeelding vir onsself 'n ander Jesus as die Een in die Bybel skep nie. So byvoorbeeld gaan die Seun van God nie in sport betrokke raak deur die gelowige bokser te help om sy ongelowige opponent uit te slaan nie. As Hy dit sou doen, sal dit mos onregverdige kompetisie wees, en God is nie onregverdig nie. Sportmanne kan wel vir God dank vir die feit dat hulle gesonde, sterk liggame het en ook vir die feit dat goeie afrigters oor hulle pad gekom het. Hulle kan God ook dank vir geleenthede wat benut kan word, maar om te verwag dat God hulle moet laat wen, is darem te veel gevra.

Hier dink ek aan die storie wat vertel word van die ou boerekryger wat tydens die slag van Magersfontein gedurende die Boereoorlog in die loopgraaf gelê en bid het terwyl hy so na die Britse soldate kyk wat oor die vlakte aan die kom was: *"Heer, hier tussen ons is daar seker baie van U kinders en Heer, daar tussen die Engelse is daar seker ook van U kinders, daarom Heer kan ek nie verwag U moet ons help om hulle te verslaan nie, maar aan die anderkant, kan hulle ook nie verwag dat U hulle moet help om ons te verslaan nie. Dus Heer, al wat ek vra, is bly asseblief maar net uit die 'fight'uit."*

25. ETIESE GEDRAG

"Hy wat onregverdige wins maak, bring sy huis in beroering…" (Spr.15:27).

"Wie hom verryk ten koste van 'n ander, maak dat sy gesin verstoot word" (Spr.15:27, NAV).

***"Twee soorte gewig, twee soorte maat – hulle altwee is vir die Here 'n gruwel"* (Spr.20:10).**

Oor oneerlike gedrag hoef ons niks verder te sê nie. Die Bybel spreek vanself. Maar wat moet ons sê van die handeldrywery met artikels met Christelike motiewe daarop? Hier dink ons aan baie dinge soos plakkers, Jesus-T-hemde, penne, juweliersware, kruise, ens. Die lys is te lank om alles op te noem. Wat van Christelike boekwinkels wat sonder onderskeid alle soorte godsdienstige boeke verkoop? Wie neem verantwoordelikheid vir die inhoud wat aangebied word? Die motief van die persoon wat die goed koop kan nie bevraagteken of veroordeel word nie, want dit kan in 'n opregte gees van bewondering en aanbidding geskied. Maar deur wie word hierdie dinge vervaardig en wat is húlle motiewe? Word hierdie dinge nie vervaardig met die spesifieke doel om geld mee te maak nie? Is dit nie 'n uitbuiting van die geestelike sentiment van mense wat God opreg wil aanbid nie? Is dit nie 'n geval van kommersiële opportunisme nie? Is dit nie maar ook 'n vorm van dieselfde soort ding wat vir Jesus so kwaad gemaak het in die tempel nie? Daar kan gesê word dat ek nou hare kloof, maar as ek kyk na wat Jesus se reaksie was teenoor dié wat in die tempel handel gedrywe het, kan hierdie saak nooit te ligtelik opgeneem word nie. Die probleem met ons as mense is dat ons ten opsigte van enige ding, hoe wreedaardig dit ook al mag wees, ongevoelig kan raak deur geleidelike en herhaalde blootstelling daaraan. Hier dink ek spesifiek aan die spreekwoordelike padda in die lou water wat al hoe warmer gemaak word. As Christene het ons geleidelik gewoond geraak aan 'n wêreldse vervlakking van ons geloof en aan 'n ver-kommersialisering van die beeld van die Christendom.

Ons moet versigtig wees dat die Woord en die Heilige Gees die standaard van ons aanbidding bepaal en nie kommersiële entrepreneurs, modeuitbuiters en 'n moderne vermaaklikheids-popkultuur nie. Hierdie is 'n saak vir elkeen se eie gewete.

26. VERGIFNIS EN RESTITUSIE

***"Maar Saggéüs het gaan staan en aan die Here gesê: Here, kyk, die helfte van my goed gee ek vir die armes; en as ek van iemand iets afgepers het, gee ek dit vierdubbel terug "* (Luk. 19:8).**

Omdat hierdie ŉ beskrywende gedeelte van die Skrif is waarin geen voorskriftelike opdrag gegee word ten opsigte van die terugetaling van skuld nie, kan wat Saggéüs hier doen nie gebruik word as ŉ wettiese voorbeeld nie. Dit dien wel as ŉ voorbeeld van die tipe gesindheid wat met opregte bekering gepaard moet gaan.
Op geen ander gebied word mense seker meer uitgebuit as op die gebied van finansies nie. Diefstal en uitbuiting wat ander mense te na kom, mag nie geïgnoreer word nie. Dit moet as sonde voor God bely word en as dit enigsins moontlik is, moet restitusie gedoen word.
Daar sit te veel Christene in kerke wat deur mooi preke om die ore gestreel wil word, terwyl hulle geen poging aanwend om vergoeding te doen aan mense wat hulle veronreg het nie.
Uit eie waarnemig geld dit veral vir Christenmans wat ontrou was teenoor hulle huweliksmaats, wat hulle geskei het en terwyl hulle nou met ŉ nuwe vrou in gerief saamleef, kom hulle nie hulle beloftes ten opsigte van onderhoud na nie.

SLOTSOM

God gee aan ons gawes en talente. Hy het ons ook sy Woord gegee wat sy bevele en beginsels bevat. Hy het ook sy Gees gestuur om ons in sy waarheid te lei. Volgens sy Woord verwag Hy dat ons nou verantwoordelikheid sal aanvaar vir hoe ons lewe. Eendag sal ons almal voor Hom moet verskyn om verslag te doen oor alles wat ons hier op aarde gedoen en gesê het **(1 Kor.3:12-15, Matt.12:36)**. Dít som die hele beginsel van Rentmeesterskap goed op.

Ons doel in die lewe moet nie wees om ryk te word nie, maar om gehoorsaam te wees aan ons Hemelse Vader. Vrede, geluk en die groei in geestelike volwassenheid is die resultaat van ‘n getroue uitleef van die beginsels van God se Woord.

Nick Maartens, Bloemfontein

Die skrywer se eerste boek ***Anderkant die Geskeurde Voorhangsel*** en ***Die Toeryg van die Geskeurde Voorhangsel*** kan direk van hom bestel word.
Albei boeke is in Afrikaans en in Engels beskikbaar.

Nick Maartens
0827826074 (sel)
051 4460525
E-pos: nickmaartens@hotmail.com
Webtuiste: www.nickmaartens.co.za